



**DIE HISTORIESE AGTERGRONDE
VAN DIE
HONGAARS-AFRIKAANSE
PREDIKANTEFAMILIE
PAPP**

DEUR

KÁLMÁN DIEDERIK PAPP

**VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES
VIR DIE GRAAD**

MAGISTER ARTIUM

**IN DIE
FAKULTEIT TEOLOGIE
DEPARTEMENT KERKGESKIEDENIS EN KERKREG
VAN DIE**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: PROF DR SJ BOTHA

MEI 2002



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**DIE HISTORIESE AGTERGRONDE
VAN DIE
HONGAARS-AFRIKAANSE
PREDIKANTEFAMILIE
PAPP**

DEUR

KÁLMÁN DIEDERIK PAPP

**VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES
VIR DIE GRAAD**

MAGISTER ARTIUM

**IN DIE
FAKULTEIT TEOLOGIE
DEPARTEMENT KERKGESKIEDENIS EN KERKREG
VAN DIE**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: PROF DR SJ BOTHA

MEI 2002

INHOUDSOPGAWE

	INLEIDING	1
1	DIE HONGAARSE HERVORMDE KERK	4
1.1	Voorgeskiedenis en oerreligie	4
1.2	Bekering tot die Christendom	7
1.3	Die Hongaarse Christendom in die Middeleeue	10
1.4	Die Kerkhervorming in die sestiende eeu	26
1.5	Die Kontrareformasie in die sewentiende eeu	45
1.6	Die stryd om bestaansreg in die agtiende eeu	52
1.7	Die negentiende eeu	58
1.7.1	Die opkoms van 'n volkskerk	58
1.7.2	Die voortgesette stryd om godsdienstvryheid	62
1.7.3	Die oorgangstyd na die twintigste eeu	72
1.8	Die twintigste eeu	74
1.8.1	Die Eerste Wêreldoorlog	74
1.8.2	Die Russiese Rewolusie van 1917	75
1.8.3	Die Hongaarse Rewolusie van 1918/9	76
1.8.4	Die Kommunistiese oornamte en Teenrewolusie van 1919	78
1.8.5	Die Anti-kommunistiese regering van 1919/20	80
1.8.6	Die Vredesverdrag van Trianon	81



2	DIE VOORGESLAGTE	85
2.1	Die vaderlike geslagslyn	87
2.1.1	Stamboom van die vaderlike geslagslyn	88
2.1.2	Vooraanstaande voorouers in die vaderlike geslagslyn	90
2.1.3	Predikante in die vaderlike geslagslyn	93
2.2	Die moederlike geslagslyn	93
2.2.1	Stamboom van die moederlike geslagslyn	94
2.2.2	Vooraanstaande voorouers in die moederlike geslagslyn	95
2.2.3	Predikante in die moederlike geslagslyn	96
2.3	Ouers	100
	LITERATUURVERWYSINGS	104
	SAMEVATTING	109
	SUMMARY	110

DIE HISTORIESE AGTERGRONDE VAN DIE HONGAARS-AFRIKAANSE PREDIKANTEFAMILIE PAPP

INLEIDING

Ds Kálmán Papp, predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika sedert 1951, stamvader van die familie Papp in Suid-Afrika en tot op hede die enigste Hongaarsgebore persoon wat predikant van 'n reformatoriese kerk in Suid-Afrika geword het, is uit 'n tradisieryke Hongaarse predikantefamilie afkomstig. Onder sy voorouers kom daar in elk van die sewe geslagslyne wat sy eie geslagslyn voorafgaan, een of meer predikante voor - in totaal minstens sewentien. Aan vaderskant was sy vader en aan moederskant was sy grootvader, oor-grootvader, twee oor-oor-grootvaders, drie oor-oor-oor-grootvaders, een oor-oor-oor-oor-groot-vader en een oor-oor-oor-oor-oor-grootvader almal met sekerheid predikante in die *Magyarországi Református Egyház*, die Hervormde Kerk van Hongarye.

Alhoewel hierdie ryk tradisie in Hongarye aan sy einde gekom het met Papp se vertrek na Nederland in 1947 en sy uiteindelijke emigrasie na en permanente vestiging in Suid-Afrika in 1949, is dit tog aan die suidpunt van Afrika voortgesit. Twee van sy seuns, Kálmán Diederik en Wilfried Wilhelmus, het onderskeidelik in 1978 en 1980 ook predikante geword, beide in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Aangesien Papp en sy vader dieselfde name het, word daar verder in hierdie studie na hom verwys as Kálmán II en na sy vader as Kálmán I.

Die Suid-Afrikaanse familie Papp se herkoms uit hierdie ryk tradisie regverdig die opskrifstelling van die historiese en genealogiese agtergronde van hierdie familie sodat dit nie vir die kerk en nageslag verlore sal gaan nie. Hierdie studie het dus eerstens ten doel om die geskiedenis van die Hongaarse Hervormde Kerk en dié van die voorgeslagte van Kálmán II kortliks weer te gee. Omdat die geskiedenis van die Hongaarse Hervormde Kerk egter onlosmaaklik verbonde is aan dié van die Hongaarse volk, word die weergawe van die geskiedenis van die kerk tegelykertyd 'n bondige samevatting van die geskiedenis van die volk.

Die tweede oogmerk van hierdie studie is om die agtergrond te skets vir 'n beoogde studie wat uitsluitlik oor die lewe en werk van Kálmán II self sal handel. Benewens die feit dat hy 'n Suid-Afrikaanse stamvader is, is hy as persoon wyd bekend, nie net in Krugersdorp, waar hy vir veertig jaar predikant van die gemeente Krugersdorp van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika was nie, maar ook in 'n baie wyer kring. Hierdie bekendheid is hoofsaaklik te danke aan sy aangrypende lewensgeskiedenis, sy interessante bedieningstyd as predikant en sy merkwaardige persoonlikheid. Met laasgenoemde oogmerk in gedagte, word hierdie studie by Kálmán II se geboortedatum afgesluit.

In die eerste afdeling van hierdie studie word die hier ter lande grootliks onbekende geskiedenis van die vestiging van die Christendom en totstandkoming van die Protestantisme in Hongarye hanteer, met spesifieke verwysing na dié van die Hongaarse Hervormde Kerk. In die tweede afdeling word die geskiedenis van Hongaarse voorgeslagte van die familie Papp hanteer, met spesifieke verwysing na die predikante.

Sover bekend bestaan daar geen omvangryke publikasies oor enige van die sake wat in hierdie studie aangeraak word in Afrikaans nie. Slegs enkele artikels, waarvan die meeste deur Kálmán II self versorg is, kom in publikasies van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en in 'n aantal sekulêre dag- en weekblaaie voor. Die ontoeganklikheid van die Hongaarse taal het tot gevolg gehad dat Hongaarse bronne, op enkele uitsonderings na, nie as navorsingsmateriaal benut kon word nie. Daar is gevolglik hoofsaaklik van Engelse, Duitse, Latynse en Nederlandse bronne gebruik gemaak. Met die hulp van en erkenning aan Kálmán II self, kon daar egter wel in sekere gevalle van vertalings van gedeeltes uit Hongaarse bronne gebruik gemaak word.

Oor die voorgeslagte van die familie Papp bestaan daar behalwe vir twee ongepubliseerde Hongaarse geskrifte deur Kálmán II se jonger broer, dr Zoltán Papp, wat in die ekonomie gepromoveer het, niks op skrif nie. Hierdie geskrifte is vóór die aanvang van die opstel van hierdie verhandeling volledig en *verbatim* met die hulp van Kálmán II en sy vrou Wilhelmina (of Mieke, soos sy genoem word) in Afrikaans vertaal, in boekvorm gebind en in die Argiefbewaarplek van die

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika opgeneem. Sekere gegewens in hierdie bronne is deur Kálmán II en sy seun, Kálmán Diederik, tydens 'n besoek aan Hongarye in Junie/Julie 2000 gekontroleer en aangevul. Die resultate van verdere navorsing deur dr Zoltán Papp is by wyse van 'n addendum, soos deur Kálmán II vertaal, tot een van die bronne toegevoeg in 2001.

Omdat die meeste rolspelers in die geskiedenis wat in hierdie studie behandel word Hongare was en die meeste gebeure hulleself in Hongarye afgespeel het, word plek-, familie- en eiename in die meeste gevalle op die Hongaarse wyse geskryf, uitgesonderd die gebruik om die familienaam vóór die eienaam te plaas.

Die hoop word uitgespreek dat hierdie verhandeling sal voldoen aan die verwagting wat die titel en voorafgaande opmerkings skep, naamlik die tweeledige verwerking en beskrywing van die ontstaan en ontwikkeling van die Hongaarse volk en Hongaarse Hervormde Kerk, asook dié van die voorgeslagte van die Hongaars-Afrikaanse predikantefamilie Papp.

Die vertrou word ook uitgespreek dat drie merkwaardige verskynsels in die kerk weereens bevestig sal word: in die eerste plek dat God nie slegs prominente mense as instrumente in sy hand gebruik om sy werk op aarde uit te voer nie, maar van gewone mense gebruik maak - mense wat nie noodwendig na eer, aansien en roem streef nie, maar doodeenvoudig hulle Godgegewe roeping met hart en siel uitleef om daarmee uitdrukking te gee aan hulle dankbaarheid vir sy grenslose liefde en genade; in die tweede plek dat God hierdie mense in staat stel om vol te hou met hulle dienswerk, selfs onder die moeilikste en gevaarlikste omstandighede, en in die derde plek dat God ouers en grootouers as instrumente in sy hand gebruik om die kennis en gesindheid wat só onmisbaar is vir die diepgang van die geloof, aan hulle nageslagte oor te dra.

Dit was vir my 'n lewenservaring van onskatbare waarde om met die medewerking van my ouers, familielede en tientalle geskrifte 'n insae te kon kry in die wel en wee van my pa se voorgeslagte en die volk en kerk waarvan hulle deel was. Dit is my hartewens dat die nageslag dieselfde waardering daarvoor sal hê en dit as 'n Godgegewe kleinood sal bewaar tot in lengte van dae.

SAMEVATTING

Onder die talle immigrante wat predikante in reformatoriese kerke in Suid-Afrika geword het, is daar slegs een wat uit Hongarye afkomstig is naamlik ds Kálmán Papp, sedert 1951 predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en stamvader van die familie Papp in Suid-Afrika. Sy wortels lê in 'n land met 'n aangrypende volks- en kerkgeskiedenis en hy stam uit 'n familie met 'n ryk predikante-tradisie - 'n tradisie wat hy in Suid-Afrika kom voortsit het. In hierdie studie word die historiese agtergronde van hierdie predikantefamilie kortliks beskryf.

Die studie val uiteen in twee dele. In die eerste deel word die geskiedenis van die Hongaarse Hervormde Kerk behandel en in die tweede dié van die voorgeslagte. Omdat hierdie geskiedenis onlosmaaklik verbonde is aan dié van die volk, is dit terselfdertyd 'n beskrywing van die geskiedenis van die Hongaarse volk.

Die eerste deel van hierdie studie beslaan agt hoofstukke. In die eerste hoofstuk word die wordingsgeskiedenis van die Hongaarse volk, hulle oerreligie en die totstandkoming van 'n prinsdom behandel. Die tweede hoofstuk handel oor die Hongare se bekering tot die Christendom aan die einde van die tiende eeu en die totstandkoming van 'n koninkryk. Die geskiedenis van die Hongaarse Christendom gedurende die Middeleeue, die ontstaan van 'n feodale stelsel en die oorgang na 'n kapitalistiese stelsel word in hoofstuk drie beskryf. In hoofstuk vier word daar in ietwat meer besonderhede gehandel oor die Kerkhervorming in Hongarye en die geboorte van die Hongaarse Hervormde Kerk. Die vyfde en sesde hoofstukke handel onderskeidelik oor die moeilike jare tydens die Kontrareformasie van die sewentiende eeu en die stryd om bestaansreg van die Protestantisme in die agtiende eeu. In hoofstuk sewe word die Hongaarse Hervormde Kerk se transformasie tot 'n volkskerk en die voortgesette stryd om godsdienstevryheid in die negentiende eeu bespreek en hoofstuk agt handel oor die tragiese oorloë en rewolusies van die eerste twee dekades van die twintigste eeu.

Die tweede deel van hierdie studie, wat drie hoofstukke beslaan, handel oor die voorgeslagte van ds Kálmán Papp aan vaders- én moederskant, met spesifieke verwysing na die predikante.

SUMMARY

Amongst the numerous immigrants that became ministers of religion in the reformed churches of South Africa, only one originates from Hungary. He is the Reverend Kálmán Papp, minister of the *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* since 1951 and progenitor of the Papp family in South Africa. Papp derives from a country with a touching national and church-history and descends from a family with a rich clerical tradition which was carried on in South Africa. The historical backgrounds of this clerical family are discussed in this study.

The study consists of two parts. The first part deals with the history of the Hungarian Reformed Church and the second with that of the ancestors. Since the histories of church and forefathers are inseparably linked to that of the people, this study simultaneously becomes a summarised description of Hungarian history.

The first part consists of eight chapters. The genesis of the Hungarian nation, their primeval beliefs and the establishment of a principality are dealt with in chapter one. The second chapter describes Hungary's conversion to Christianity at the end of the 10th century and the establishment of a monarchy. Chapter three deals with the development of Hungarian Christianity during the Middle Ages, the origination of a feudal system and the transition to a capitalist system. The fourth chapter describes the Reformation in Hungary and birth of the Hungarian Reformed Church. Chapters five and six respectively recount the difficult years during the Counter Reformation of the 17th century and Protestantism's struggle for the right of existence in the 18th century. The Hungarian Reformed Church's transformation to a peoples-church and the continued struggle for freedom of religion during the 18th century is discussed in chapter seven and the tragic wars and revolutions of the first two decades of the 20th century and their influence on the church is dealt with in chapter eight.

The second part of this study, consisting of three chapters, deals with the Reverend Papp's paternal and maternal ancestors, with specific reference to the ministers of religion.

1 DIE HONGAARSE HERVORMDE KERK

1.1 Voorgeskiedenis en oerreligie

Die geskiedenis van die Hongaarse Hervormde Kerk (*Magyarországi Református Egyház*) hang ten nouste saam met die veelbewoë geskiedenis van die Hongaarse volk en is in 'n groot mate daardeur beïnvloed. Sedert die ontstaan van hierdie kerk is sy lot en dié van die volk inmekaar geweef. Dit blyk dan ook later in hierdie studie duidelik dat die Hongaarse Hervormde Kerk in die ware sin van die woord 'n volkskerk was en dit vandag steeds is.

Volgens die geskiedskrywer Ignotus is die pogings om die Hongare as 'n Asiatiese ras te klassifiseer ongegrond en is alles wat tot dusver oor die ras van die Hongaarse volk gesê is, blote spekulasie: 'Europe consists of racially impure nations, but Hungary tops the list for racial impurities. If the various Slav national groups to her north and south, the Austro-Germans to her west, and the Romanians to her east are all mixtures, Hungary is simply a mixture of those mixtures' (Ignotus 1972:21).

Die wortels van die Hongaarse volk kan teruggevoer word tot by die stamverbond van die Ogoere (waarvan die naam *ungar/hongaar* afgelei is), 'n Fins-Oegriese gemeenskap wat wes van die Oeralgebergtes in die verre ooste van Europa in die omgewing van die Wolga-, Kama- en Belajariviere gewoon het en aan die Oeral-Altaiëse taalfamilie behoort (sien Bucsay 1977:3-4).

Its nearest relations among living languages are those spoken by Vogul and Ostiak tribes in Siberia; more distant relations are the Estonians and Finns on the Baltic Sea; and far more distant still, though geographically nearer, the Turks. How much, then, I was often asked by Englishmen, could a Hungarian and a Vogul understand each other's speech? About as much as an Englishman and a Russian - or possibly less.

(Ignotus 1972:21)

Ongeveer 500 nC het hierdie gemeenskap verdeel. 'This Finno-Ugrian community eventually split into the Finnish and Ugrian branches. Later the Ugrian branch divided into the present-day Ugrians of the Ob valley - the Voguls and Ostyaks (Man'shi and Chanti) - and into the ancestors of the Hungarians' (Pamlényi 1973:15). Laasgenoemde groep het geleidelik al hoe meer na die weste uitgewyk.

Die voorvaders van die Hongare was heidense nomade wat voortdurend op soek was na weiding vir hulle perde en vee. Hulle was bedrewe boogskutters en perderuiters . '...[T]heir stirrups were so carved as to enable them to stand upright in full gallop and shoot their arrows in any direction' (Ignotus 1972:22). In die eerste helfte van die sesde eeu was die Hongaarse stamme tydens hulle weswaartse omswerwing onder andere onderdane van die Hunne, die Avare en die Bulgare. Vanaf die middel van die sesde tot aan die begin van die negende eeu het hulle in die Kazareryk rondom die Kaspiese See gewoon en hulleself vrywillig onder die heerskappy van dié se vors, die kaghan, gestel. Hier het hulle vir die eerste keer kennis gemaak met die landboubedryf (sien Pamlényi 1973:17).

Rondom 870 het die Hongaarse *Nyék-, Megyer-, Kürt-Gyarmat-, Tarján-, Jenő-, Kér-* en *Keszi*-stamme, asook die Kabare (drie splinterstamme van die Kazare), verder weswaarts getrek en hulleself in die Karpatedal in Sentraal-Europa gaan vestig. Die *Megyars* of *Magyars* was die sterkste onder die sewe stamme.

They had all, by then, associated and mingled with a great variety of peoples, not only Turks and the like, but Aryan (or Indo-European) nations as well; of the latter, the Persians had made the greatest impact, notably on their taste in clothing and ornaments. They were a "heathen" community; they observed a motley of totem beliefs inherited from different regions and epochs; their Kabar fellow-nomads tended to the Jewish or Moslem faiths, but nobody cared. Their attitude to religion seems to have been unco-ordinated, and therefore tolerant.

(Ignotus 1972:22)

Op die vooraand van hulle besetting van die Karpatedal, het die hoofde van die sewe Hongaarse stamme besluit om 'n prins as hulle gemeenskaplike leier te kies. Die keuse het op Álmos, leier van die *Magyare* geval. Onder die leiding van sy seun Árpád, het die Hongare die Morawiese Slawiërs, wat in die noordelike deel van die Karpatedal gewoon het, aan hulle onderwerp en die gebied wat eeue later as Hongarye bekend sou staan, in 896 in besit geneem. Hierdie gebied het gestrek vanaf die Karpateberge in die noorde, die Transsilvaniese (Seweburgse) berge in die ooste en die Leitarivier in die weste tot op die grens van die groot laagvlakte, wat die bekken vorm van die Donau-, Tisza- (Theiss) en Rába- (Raab) riviere. Die Hongare het, getrou aan hulle tradisie, kort nadat hulle hulle in hierdie nuwe land gevestig het, met strooptogte in die omliggende lande begin. Hongaarse leërs het die hele sentrale deel van Europa op hol gehad en selfs strooptogte sover as Spanje in die weste onderneem. Hulle was baie gewild as huursoldate en het vir bykans sestig jaar 'n groot skrikbewind in die hele Europa gevoer. 'Fromme Chronisten beschreiben sie als häßliche und abschreckende Wesen' (Bucsay 1977:6). Skrikbevange gemeentes van kerke in die omliggende lande het gereeld gebid 'De sagittis Hungarorum libera nos Domine' (Pamlényi 1973:27). Nadat die Hongare in 955 deur keiser Otto I van Duitsland en sy bondgenote tydens die slag van Augsburg verslaan is, was hulle gedwing om hulle aktiwiteite tot die Karpatedal te beperk en het hulle hulle volle aandag en energie op die landboubedryf begin rig (Sien Ignotus 1972:23).

Na aanleiding van die navorsingsresultate wat tot op hede gedoen is, was die heidense oerreligie van die *Magyare* (Magjare), die stam waaruit die Hongaarse volk hoofsaaklik ontstaan het, volgens Bucsay sjamanisties, totemisties en animisties. 'Die Magyaren verehrten die Geister der Toten, der Ahnen, des Feuers, des Wassers, der Wälder' (Bucsay 1977:5). Toe die verskillende stamme groter sosiale eenhede begin vorm het was totemdiere, veral die leeu, baie gewild. Nog later, toe stamverbande begin ontstaan het, is die totemdiere van die stamhoofde voorgestel as leeus met menskoppe en vlerke. In die laaste fase van hierdie ontwikkeling is die totemdier vervang deur 'n hemelwese met vlerke, 'n menskop en -liggaam en *Istemi* genoem. Hier dien gemeld te word dat die vors van

die Kazareryk ook *Istemi* genoem is. Navorsers van die Hongaarse natuurgodsdienst is geneig om in hierdie *Istemi* die oorsprong van die Hongaarse woord *Isten* (God) te sien. 'Jedenfalls verehrten die Ungarn bei der Landnahme mehr als alle anderen göttlichen Wesen den "isten" genannten Gott des Himmels' (Bucsay 1977:6). Hierdie totemisties-animistiese aard van die Hongaarse religie enersyds en die gebrek aan 'n dogmatiese leer andersyds, het die vestiging van die Christendom vergemaklik.

1.2 Bkering tot die Christendom

Alhoewel kontak tussen Hongare en Bisantynse Christene reeds voor die landsbesetting plaasgevind het, was dit hoofsaaklik beperk tot dié van enkelinge. Die volk as sulks het grotendeels heidens gebly. Dit was eers toe die *Magyare* tydens hulle verkenningsstogte in die Romeinse provinsie Pannonië aangekom het dat hulle werklik in aanraking met die Christendom gekom het. 'Als gegen 896 die *Ungarn* ins Karpatenbecken einrückten, fanden sie dort eine Bevölkerung vor, die bereits stark vom westlichen, teilweise aber auch vom östlichen Kirchentum geprägt war' (Bucsay 1977:17).

Vorbereidings vir die vestiging van die Christendom in Hongarye is hoofsaaklik te danke aan Bisantynse sendelinge wat reeds in die eerste helfte van die tiende eeu ywerig op Hongaarse bodem werksaam was. Volgens Bucsay was hulle ook verantwoordelik vir die skepping van die eerste Hongaarse Christelike uitdrukkings uit bulgaroslawiese woorde soos *pap* (priester), *barát* (monnik), *kereszt* (kruis), *Keresztyén* (Christelike) en *karácsony* (Kersfees) (sien Bucsay 1977:19). Na die neerlaag van die Hongare teen keiser Otto I het Gyula, leier van die Hongaarse stamme in Transsilvanië en skoonseun van Géza, 'n agterkleinseun van Árpád, hulle selfs genooi om in sy magsgebied te kom werk. Daar dien gemeld te word dat Gyula reeds in 953 in Bisantium gedoop is en dat Bulcsú, 'n leier van 'n Hongaarse ekspedisie na die ooste reeds voor Gyula, in 947, daar gedoop is (Dienes 1972:73). Of dit uit oortuiging was, kan bevraagteken word. Bulcsú het daarna nog etlike besoeke aan Bisantium gebring en dus gereelde kontak met die Bisantynse Christene gehad. Aan die anderkant het prins Taksony, 'n kleinseun

van Árpád, weer meer aanklank by die weste gevind en die pous versoek om 'n sendingaksie in Hongarye te begin. Hyself het hom egter nie tot die Christendom bekeer nie. Ook sy seun prins Géza het, alhoewel hy 'n mate van gewilligheid getoon het om 'n Christen te word, bly deelneem aan allerhande heidense rituele. Van hom word vertel dat hy, toe hy daarmee gekonfronteer is, geantwoord het dat hy oor genoeg skatte beskik om twee gode tevrede te stel (sien Lázár 1990:25-26). Desnieteenstaande het hy keiser Otto I egter wel versoek om sendelinge na Hongarye te stuur.

Géza se seun prins Vajk, wat na sy bekering die naam István gekry het, was die eerste Hongaarse vors wat homself uit oortuiging tot die Christendom bekeer het. Hy het die Hongaarse stamme, sommige met geweld en gepaardgaande wreedhede, verenig en is op 1 Januarie 1001 tot die eerste koning van 'n nuwe feodale Koninkryk van Hongarye gekroon met 'n kroon wat deur pous Silvester II of, volgens 'n ander mening, deur keiser Otto III geskenk is.

Stephen [István] continued and completed the organizing work begun by his father: he turned the regions inhabited by the clans into the basic administrative unit of royal power, i.e. the *megye* or county. Two-thirds of the county's population of freemen, villeins and slaves were placed, along with the area they inhabited, under direct royal authority...Grants from the crown lands were made to bishoprics and monasteries which were founded in large numbers, and to high-ranking members of the king's armed retinue...In the beginning, the lands held by the lords were dwarfed by those of the king and the Church.

(Pamlényi 1973:35)

Koning István het besef dat 'n Christelike feodale koninkryk sy ideologie van 'n ordelike samelewing in 'n verenigde Hongarye die beste sou dien en dat die handhawing van die stamstelsel sy nuwe sosiale en politieke orde sou benadeel.

Hy het gevolglik alles in sy vermoë gedoen om die Christelike godsdiens, wat onderdanigheid aan die owerheid gepropageer het, te bevorder. Sy onderdane is ook *en masse* onder dwang gedoop en gemeenskappe is verplig om 'n kerkgebou vir elke tien dorpe op te rig, vir die onderhoud van hulle priesters te sorg, gereeld eredienste by te woon en hulle tiendes te gee (sien HHK 1999:98-99). Diegene wat sy beleid teengestaan het, is wreed gestraf. So is Tanuzaba, 'n stamhoof wat aan sy heidense oortuigings en rituele getrou gebly het, byvoorbeeld lewendig deur István laat begrawe. Sekere van sy tydgenote het egter baie verder gegaan:

Obwohl die Christianisierung des heidnischen Volkes, die in integralem Zusammenhang mit dem Aufbau der Monarchie erfolgte, einschneidende Maßnahmen erforderte, war Istváns Gesetzgebung etwas humaner als die seiner Zeitgenossen, die ähnliche Aufgaben zu lösen hatten. Der Polenherrscher Boleslaw I...bestrafte etwa das Nichteinhalten des Fastens mit dem Ausschlagen der Zähne, während István dafür nur achttägige Kerkerhaft bei dürrigster Ernährung vorschrieb.

(Bucsay 1977:23)

István het aan die begin van die elfde eeu in Esztergom en Kalocsa aartsbisdomme gevestig en talle kloosters oral in die land laat oprig. Nadat Bulgarye in 1018 sy onafhanklikheid verloor het, het hy ook 'n pelgrimsweg na die Heilige Land geskep wat terselfdertyd as handelsroete tussen die Ooste en Weste benut is en hy het pelgrimstogte na Rome sterk aangemoedig. Herberge is in Bisantium, Jerusalem, Ravenna en Rome vir pelgrimsreisigers opgerig (sien Bucsay 1977:24).

István het in sy bevordering van die Christelike godsdiens in sy vrou, prinses Gizela van Bavaria, een van sy grootste bondgenote en medewerkers gehad. Sy en haar Hongaarse en Duitse helpers het in Veszprém 'n kleremakersbedryf begin wat die pragtigste ampsdrag vir die ampsdraers van die kerk

vervaardig het ‘...die dem Gottesdienst auch äußerlich das würdigste Aussehen verleihen sollten’ (Bucsay 1977:21).

Géza en István het daarin geslaag om ‘n betreklik stabiele gemeenskap onder die Hongare te vestig en István se pogings om die Christendom en ‘n Westerse sosiale struktuur in Hongarye te vestig, was ook gedeeltelik suksesvol. Hy het daarin geslaag om die mag van die stamhoofde finaal te breek deur die onteining van hulle grond. Twee-derdes van die land het in besit van die koning gekom en die oorblywende dele is verdeel tussen die stamhoofde wat aan hom getrou was en die lede van sy persoonlike gevolg, waarvan die meeste Duitse ridders was. Alhoewel hierdie maatreëls groter stabiliteit in Hongarye gebring het, het dit voorkom dat die Europese stelsel van feodale bondgenootskappe en private grondbesit geïmplimenteer kon word.

1.3 Die Hongaarse Christendom in die Middeleeue

Die oorgangstyd na die Middeleeue was, in teenstelling met die laaste dekades van die vorige millennium, minder rustig:

The last years of Stephen's reign were made difficult for him by the problem of succession. After the untimely death of his only son, Emeric [Imre], his nephew, Vászoly, was in a position to lay claim to the throne. But Vászoly became the leader of those Hungarian lords who resented Stephen's strong rule and were jealous of the king's foreign knights. They plotted to overthrow the king but failed. Vászoly received a horrible punishment for his part in the conspiracy: he was blinded and had molten lead poured into his ears. His sons, still minors, fled to Polish and Russian territories.

(Pamlényi 1973:42)

In die lig van die bogenoemde gebeure het István sy susterskind Péter

Orseolo, wat uit haar huwelik met die hertog van Venisië gebore is, bestem om hom op te volg. Toe István in 1038 oorlede is, het Péter gevolglik die troon bestyg. Hy is egter in 1041 deur István se swaer, Sámuel Aba, met die hulp van 'n aantal stamhoofde wat hulle eiendom onder István verloor het en die kerk en vreemde ridders uiters vyandig gesind was, onttroon. Péter het sy toevlug toe tot Hendrik III van Duitsland geneem en met sy hulp in 1044 weer die troon bestyg. Sámuel Aba is tydens sy vlug voor Hendrik III vermoor (Pamlényi 1973:42-43).

Weerstand teen István se fanatiese maatreëls om sy onderdane te verplig om die Christelike geloof aan te neem, het egter met verloop van tyd sodanig toegeneem dat dit uiteindelik in 1046, ses jaar ná sy dood, uitgeloop het op 'n opstand waartydens talle mense hulle lewens verloor het, onder andere biskop Gellért. Gellért, 'n leerling van die bekende klooster te Cluny, het vir 'n geruime tyd aan die hof van Géza in Esztergom gewoon en was beide Géza én István se leermeester. István en Gellért is later, in 1083, deur koning László as heiliges laat verklaar (sien Lázár 1990:26). Die opstand van 1046 is gelei deur Vata, een van die voormalige stamhoofde wat sy mag en eiendom deur István ontsê is. Nadat die rebelle talle Christelike kerke afgebrand en priesters om die lewe gebring het, het hulle die Christelike adellikes aangeval. Laasgenoemde het hulle koning, Péter, in die steek gelaat en hulp gaan soek by Vászoly se seuns wat steeds in ballingskap geleef het. Met die hulp van 'n Russiese mag het András, die oudste seun van Vászoly, Péter onttroon, homself as koning uitgeroep, die Vata-opstand onderdruk en die feodale stelsel weer herstel (Pamlényi 1973:43).

Koning András I, wat op daardie stadium nog kinderloos was, het sy heerskappy met sy jonger broer Béla gedeel en 'n deel van die land aan hom toevertrou met die belofte dat Béla se seun hom as koning sou opvolg. Toe daar egter 'n troonopvolger vir András gebore word, het hy van plan verander en besluit om die troon vir sy seun Salamon te reserveer. Hierdie besluit het tot 'n oorlog met Béla gelei waartydens András noodlottig gewond is. János, seun van Vata, het hierdie geleentheid aangegryp en 'n tweede opstand teen die koningshuis aangevoer. Béla is egter in 1060 as koning gekroon en het die opstand van János onderdruk (sien Pamlényi 1973:44).

Die skielike dood van Béla I in 1063 het dit vir Salamon moontlik gemaak om die troon te bestyg. 'n Langdurige stryd om die kroon het egter tussen hom en die seuns van Béla, Géza en László, ontstaan. Hierdie stryd het plaasgevind teen die agtergrond van die sogenaamde investituurstryd tussen die pous en die keiser. In hierdie stryd is daar getwis oor wie die bevoegdheid gehad het om die hoë kerklike ampsdraers aan te stel. Salamon moes op die vlug slaan en het 'n veilige heenkome by Hendrik IV van Duitsland gaan soek. Géza, die oudste seun van Béla, het weer by die pous om hulp gaan aanklop. Pous Gregorius VII het dit as 'n geleentheid gesien om Hongarye tot 'n vasalstaat van Rome te reduceer en onderneem dat hy Géza se koningskap oor Hongarye sou aanvaar mits Géza tot pouslike opperheerskappy sou instem. Géza het die verlies van Hongarye se onafhanklikheid egter as 'n te groot prys vir pouslike erkenning beskou en homself toe in 1074 as koning laat kroon met 'n kroon wat deur die keiser van die Bisantynse ryk geskenk is (sien Pamlényi 1973:44-45).

Géza is in 1077 deur László, wat na sy dood deur die pous as heilige verklaar is, opgevolg. Hy het Hongarye en die Christelike kerk se aansien en prestige aansienlik laat toeneem gedurende sy regeringstyd. Sy verowering van Kroasië en Dalmasië het hom egter die gramskap van pous Urbanus II op die hals gehaal. Laasgenoemde het László se besetting van Kroasië op grond van die feit dat dit vroeër deel van Hongarye was, verwerp en wou dit hoogstens as vakante pouslike leenstaat aan Hongarye toesê. László het hierdie beperking onaanvaarbaar gevind en die anti-pous, Clemens III, toe as pous erken. Kort daarna moes hy Dalmasië egter weer aan Venisië afstaan (sien Pamlényi 1973:46).

László is volgens 'n bepaling in sy testament deur sy broer Kálmán, wat aanvanklik vir die amp van priester voorberei is, opgevolg. Kálmán het sy jonger broer, Álmos, wat in 1095 in opstand gekom het teen sy troonbestyging, se oë laat uithaal om hom die swye op te lê. Sy latere wette teen verminking as straf en sy bekende wet teen heksejagte staan in skerp kontras met hierdie barbaarse daad. Pous Urbanus II het kort na Kálmán se troonbestyging die eerste stap tot versoening met die Hongaarse koningshuis geneem deur behulpsaam te wees met Hongarye se herbesetting van Dalmasië en later ook Kálmán se titel as *Koning*

van Kroasië en Dalmasië erken. In sy buitelandse beleid het Kálmán homself aan die kant van die pous geskaar en hy was onder andere verantwoordelik vir die instelling van die selibaatsvoorskrif vir kerklike ampsdraers. Kálmán was ook bekend as *Könyves Kálmán* (Kálmán die Geleerde of letterlik vertaal *Boekerige Kálmán*). Sy opvolger, István II, het die beheer oor Dalmasië vir 'n dekade verloor, maar dié se opvolger, Béla II, het dit daarna weer herwin. Gedurende sy regerings-tyd is Bosnië en Serwië ook aan die Hongaarse kroon onderwerp (sien Pamlényi 1973:46, 47 en 618).

In die middel van die twaalfde eeu het die stryd tussen die pous en keiser opnuut opgevlam en Hongarye voor die keuse gestel om kant te kies. Die Bisantynse ryk het in hierdie tyd onder keiser Manuel I 'n oplewing beleef en Manuel het dit hom ten doel gestel om die Balkanstate wat hom deur Hongarye ontnem is, weer terug te neem. Koning Géza II van Hongarye het gevolglik besluit om keiser Frederik I as bondgenoot te verkry in sy stryd teen Manuel. 'n Botsing tussen Frederik I en pous Aleksander III in 1195 het die maak van 'n keuse egter bemoeilik. Onder die invloed van Lucás, die aartsbiskop van Esztergom, het hy toe die pous se kant gekies en hom bygestaan in sy stryd teen Frederik I. Die pous het hom egter nie, soos verwag is, beloon met ondersteuning teen Manuel nie.

Manuel I het, toe Géza in 1162 oorlede is en sy jong seun en troonopvolger, István III, nog nie instaat was om weerstand te bied nie, die geleentheid benut om 'n aantal provinsies by Hongarye af te neem, onder andere Dalmasië, Kroasië, Bosnië en Serwië. István III se opvolger, Béla III, het al hierdie gebiede egter teen 1182 weer herower en dit wou voorkom asof die feodale monargie onder sy heerskappy op die kruin van sy mag was (sien Pamlényi 1973:48-49).

Gedurende die tweede helfte van die twaalfde eeu het die ontwikkeling van die landbou en handel geweldig toegeneem en aanleiding gegee tot groot veranderings in die maatskaplike strukture van Hongarye. Dit het onder andere gelei tot die latere disintegrasie van die kasteelstelsel en koninklike landgoedere. Te midde van hierdie veranderings het die kerk desperate pogings aangewend om sy belange en status te beveilig en sterk geleun op die bystand van die pouslike mag wat juis in daardie tyd in die lig van 'n afname in die mag van die Romeinse

en Bisantynse ryke en die opkoms van die Engelse en Franse ryke, die dominante politieke mag in Europa was (sien Pamlényi 1973: 54).

Die onderlinge stryd tussen die seuns van Béla III om hom in 1196 op te volg, het aan die pous 'n ideale geleentheid gebied om in te meng in die sake van Hongarye. Prins András het naamlik 'n fonds wat sy pa vir 'n kruistog bestem het aangewend om 'n leër teen sy ouer broer, koning Imre, op die been te bring.

In 1198, he [András] conquered the provinces of Croatia, Slavonia, Dalmatia, Bosnia and Serbia and organized them into a principality. His supporters began plotting in an attempt to secure for him the crown of Hungary. But the King dealt with the plotters in good time; Bishop Boleszló of Vác who handled the rebels' correspondence and funds, was dragged from the altar of his cathedral and sent into captivity.

(Pamlényi 1973:54-55)

Koning Imre het sy broer András se leërs in 1199 uitmekaargejaag en die pous het biskop Boleszló uit sy amp onthef. In ruil vir die pous se hulp het Imre hom in 'n veldtog teen die Bogomilketters van die Balkan bygestaan en belowe om 'n kruistog na die Heilige Land te onderneem. Maar terwyl hy in 1202 namens die pous op 'n ekspedisie in Bosnië was, het Franse kruisvaarders die stad Zara in Dalmasië verower en in 1204 ook Bisantium verower en die Ryk van Kontantinopel daar gestig. Hierdie gebeure, asook 'n tweede aanslag van András, het Imre verhoed om sy voorgenome kruistog te onderneem. Hy het sy broer in 1203 gevange geneem, maar is kort daarna oorlede. András het hom toe as koning opgevolg (sien Pamlényi 1973:55).

András II se pogings om die ineenstorting van die kasteelstelsel met hoër belastings en ander maatreëls te voorkom, het daartoe aanleiding gegee dat 'n groep ontevrede adellikes van die laer stande hom in 1222 verplig het om 'n dekreet uit te vaardig wat op grond van die goue koninklike seël wat daarop

aangebring was, as die Goue Bul bekend gestaan het. 'It guaranteed on the one hand their rights against himself and his barons (i.e., great magnates), and on the other their established prerogatives (which it further enlarged) against immigrants, non-Christians, traders, and the serfs who formed the mass of the people' (Ignotus 1972:25). 'The "Golden Bull" furthered the barons' effort to curtail the powers of the king and Church. It extended the powers of the Count Palatine and accorded the "nobles" (i.e. the barons) the right of armed resistance, should the king break his pledges. The edict banned the collection of tithes in cash and set a ceiling on the amount of money the Church could make through its salt monopoly' (Pamlényi 1972:57). Die kerklike leiding was uiteraard nie gediend met hierdie bepalings nie en het deur die bemiddeling van die pous daarin geslaag om die Goue Bul te laat wysig sodat alle bepalings wat die kerk benadeel het, daaruit verwyder is. Die versetbepaling is vervang met 'n klousule wat die kerk in die persoon van die aartsbiskop van Esztergom die mag gegee het om die koning te ekskommunikeer indien hy enige bepalings van die ooreenkoms sou verbreek. András is inderdaad in 1232 deur aartsbiskop Robert geëkskommunikeer omdat hy Moslemse en Joodse geldskieters in diens geneem het en die kerk se soutmonopolie ingeperk het (Pamlényi 1972:58). Die kerklike leiding het dus, onder die beskerming van die pous, daarin geslaag om sy mag te behou.

András is in 1235 deur sy seun Béla IV opgevolg. Béla het alles in sy vermoë gedoen om sy koninklike gesag herstel te kry en in hierdie proses in groot onguns by die baronne van die land gekom toe hy onder andere beslag gelê het op die voormalige koninklike kastele en kroonlande. Die gevolg hiervan was dat die koning die lojaliteit en ondersteuning van die adelstand verloor het. Dit het Hongarye kort daarna baie duur te staan gekom toe die Mongole Europa vanuit die ooste begin binneval het. Die krisis het reeds in 1237 begin toe die Mongole die Kumane, wat in die gebied tussen die Dnjeper- en Dnjesterriviere gewoon het, aangeval het. Koning Kötöny van die Kumane en 'n groep van sy onderdane het weswaarts gevlug en Béla om toestemming gevra om Hongarye binne te kom. Béla het 'n distrik in die omgewing tussen die Donau- en Tiszariviere tot hulle beskikking gestel in die hoop dat hulle hom in sy stryd teen die baronne sou bystaan. Die

Kumaanse veewagters het egter byna onmiddelik in konflik met die boere van die omliggende plase gekom omdat hulle vee die landerye vertrap het. Dit het gelei tot hulle aandrang dat die Kumane uit die land gesit moet word, maar Béla wou nie daaraan toegee nie aangesien hy hulle as buffer teen die oprukkende Mongole wou gebruik. Die baronne het egter daarin geslaag om die gepeupel aan te spoor om koning Kötöny te vermoor en die Kumane het op die vlug geslaan. Toe die Mongole Hongarye in die lente van 1241 binnegeval het, het hulle gevolglik min weerstand gekry. Slegs 'n paar baronne het die koning bygestaan in sy stryd (sien Pamlényi 1973:59).

Die Mongoolse leërs het Hongarye onder leiding van Batu Khan op drie fronte aangeval: vanuit die noorde, noord-ooste én ooste. Béla se pogings om hulle te stuit was vrugteloos en hy is gedwing om deur Wes-Hongarye en Oostenryk tot aan die Dalmatiese kus te vlug waar hy skuiling gaan soek het op die eiland Trau. Nadat hulle die hele Hongarye platgeloop het, het die Mongole in die somer van 1242 uit die land onttrek. Die Hongare was egter verpletter en verneder. Groot lewensverliese is gely en groot skade is in die land aangerig. Die Mongoolse inval het die kasteelstelsel en kroongronde ook 'n gevoelige slag toegedien en die onvermydelike ondergang daarvan tot gevolg gehad. Die neerlaag van die koninklike weermag was ook 'n geweldige terugslag vir die koning. In hierdie droewige omstandighede was Béla verplig om homself te versoen met die verdeling van sy eiendom en mag met die groot grondmagnate.

By sy terugkoms het Béla die taak gehad om 'n vernietigde land vol ellende weer op te bou. 'He proved efficient in restoring, improving and repopulating; which meant a huge influx of foreign settlers, Italian, German, Russian, Slavonic, Polish as well as Coman' (Ignotus 1972:26). Die baronne het Béla se heropbou van Hongarye heelhartig ondersteun en self ook baie groot inisiatiewe aan die dag gelê. Teen die middel van die twaalfde eeu het hulle begin om kloosters op hulle eie landgoedere op te rig - projekte wat voorheen slegs deur die monargie en kerk onderneem is. Die monargie het in dieselfde tyd die leiding geneem op die gebied van die argitektuur en met die hulp van ingevoerde Franse argitekte pragtige bouwerke tot stand gebring, waarvan die koninklike paleis en

majestieuse katedraal van Esztergom sekerlik die beste voorbeelde is. Béla IV het later ook talle voormalige kleikastele en vestings met steenstrukture laat vervang. Die Rooi Toring van Sárospatak en die Toring van Salamon in Visegrád is sprekende voorbeelde van oorblyfsels uit hierdie tydperk. Die feodale baronne het sy voorbeeld nagevolg en gedurende die komende dekades talle soortgelyke kastele in die platteland opgerig. Béla IV het sy koninklike setel, Esztergom, aan die einde van die twaalfde eeu aan die aartsbiskop oorgedra en homself op die kasteelheuvel in Buda gaan vestig. Sy teenwoordigheid en invloed het grootliks daartoe bygedra dat die stad, wat deur die Mongole verwoes is, weer opgebou is. Béla het ook die oprigting van dorpe rondom die kastele van die grondmagnate aangemoedig. Hy het egter terselfdertyd die Kumane uitgenooi om hulleself weer in 'n gebied tussen die Donau- en Tiszariviere te kom vestig om die grondmagnate se mag in te perk. Sy seun en kroonprins, István, het selfs met die dogter van die Kumaanse leier getrou om meer permanensie aan hulle verhouding te verleen. Béla het ook Dominikaanse en Fransiskaanse monnike toegelaat om onder die heidense Kumane te kom werk om die mag van die kerk in toom te hou (sien Pamlényi 1973:60-66).

'n Vete tussen Béla en sy seun István het egter twee dekades later anargie veroorsaak. Die plattelandse leiersklas het in twee geskeur as gevolg van 'n poging van die grondmagnate om die beheer van die land oor te neem. Die pous het, met die oog op die moontlike verkryging van opperheerskappy, aangebied om te help, maar Béla het sy aanbod van die hand gewys en hom meegedeel dat hy hom nie nodig het om sy gesag te handhaaf nie. Béla het daarin geslaag om aan bewind te bly, maar toe hy in 1270 sterf, het die pous homself openlik aan die kant van die anargiste geskaar.

Tydens die kort regeringstyd van István V het sommige baronne daarin geslaag om van die kroon af te skei en hulleself vrywilliglik onder die heerskappy van vreemde heersers laat plaas om hulle posisie teen die koning te verstewig. Baron Kőszegi het koning Ottokar II van Bohemië selfs 'n aantal kastele aangebied in ruil vir sy ondersteuning van 'n opstand teen die koning, maar die Boheemse leër is deur István se leërs verslaan. Kőszegi het egter daarin geslaag om István se

seun en kroonprins, László, met die hulp van 'n vertroueling van die koningin, ene Joakim, te ontvoer. István is tydens 'n opvolgoperasie skielik oorlede en die mag het toe in die hande van die koningin en haar medewerkers gekom (sien Pamlényi 1973:67).

Nadat László IV die troon bestyg het, het hy die koninklike mag en aansien probeer herstel en die Kumane, waarvan sy ma 'n afstammeling was, om hulp genader in sy stryd teen die baronne. Aangesien laasgenoemde die Kumane aan hulle heerskappy wou onderwerp, het die Kumane die koning se kant gekies. Onder die leiding van Lodomér, die aartsbiskop van Esztergom, wat die koning se bondgenootskap met die Kumane as 'n bedreiging vir die kerk gesien het, het die baronne toe die pous se hulp ingeroep. Die koning is toe gedwing om 'n wet uit te vaardig wat die kerstening van die Kumane gereël en hulle nomadiese gebruike tot 'n einde gebring het. Toe die koning egter weier om die wet toe te pas, is hy geëkskommunikeer. Hy het sy gesag toe aan die Kumane oorgedra en tussen hulle gaan woon, sy vrou weggejaag en tydens 'n heidense ritueel met 'n Kumaan, Edua, getrou. In 1285 het hy die hulp van die Mongole ingeroep en weer aan bewind gekom. Hy het sy eerste vrou in 'n klooster laat sit en Edua as die wettige koningin verklaar. Lodomér het toe 'n kruistog teen hom aangekondig, maar László is deur Kumaanse sluipmoordenaars, wat deur die baronne gehuur is, om die lewe gebring voordat die kruistog kon realiseer (sien Pamlényi 1973:68).

László IV het kinderloos gesterf en die Hongaarse baronne het András, die kleinseun van András II, in 1290 aangewys om hom as koning op te volg. Hy was egter, soos wat dit ook met László die geval was, nie bestand teen die opkomende feodale anargiste nie. Die land is gedurende sy regeringstyd in onafhanklike streke onder heerskappy van baronne opgedeel. Laasgenoemde het hulle magte gruwelik misbruik en geen respek vir koninklike- of kerklike eiendom geopenbaar nie. Hulle het landgoedere na willekeur beset en hulle familielede en ondersteuners in vakante kerklike poste aangestel. Die kerk se protes teenoor die magtelose koning het niks gehelp nie en uiteindelik daartoe gelei dat die pous Hongarye tot pouslike leenstaat verklaar het onder die Neapolitaanse prins Károly van die Anjoudinastie. Károly, wat aan die Hongaarse koninklike familie verwant

was, het gou ondersteuners onder die Hongaarse baronne gevind. Die adelstand het intussen sterk op die voorgrond begin tree en 'n bondgenootskap teen die baronne met András aangegaan. Hierdie bondgenootskap was egter te swak om die magte van die feodale anargiste te tem en toe András III in 1301 oorlede is, het dit doodgeloop. Met die dood van András III het die Árpád-dinastie, en daarmee saam die tweede belangrike fase in die geskiedenis van Hongarye, aan sy einde gekom. 'By then, the descendants of the Seven Tribes had mingled with all sorts of foreigners so many times as to make them perfectly unidentifiable. But the Hungarian language survived....' (Ignotus 1972:26).

Vencel László, 'n afstammeling van Árpád aan moederskant, is ná die dood van András III deur 'n groep baronne as koning uitgeroep. Hy kon egter nie sy magte konsolideer nie en het uit vrye wil bedank en die kroon aan 'n familielid, prins Otto van Bavaria, oorhandig. Otto is egter deur 'n aantal Transsilvaniese magnate, wat ondersteuners van Károly was, gevange geneem en verplig om van die kroon afstand te doen. Hulle het Károly toe in 1308 as koning van Hongarye aanvaar. Máté Csák, een van die baronne wat Károly se koningskap nie aanvaar het nie, het die wapen teen hom opgeneem en hom gedwing om na die suide van die land uit te wyk. Toe Csák egter in 1321 oorlede is, het die feodale anargie aan sy einde gekom (sien Pamlényi 1973:70-72).

Koning Károly het gedurende sy regeringstyd van 34 jaar daarin geslaag om groter stabiliteit en eensgesindheid in Hongarye te vestig. Hy het 'n groot mate van onafhanklikheid aan die feodale streke toegeken en die grondbaronne en kleinadel baie vryhede gegun. Hierdie maatreëls, asook die ontdekking van goud aan die begin van die veertiende eeu, het gelei tot groot voorspoed. Myndorpe het oral ontstaan en groot getalle buitelandse handelaars het die land binnegestroom, veral uit Duitsland en Italië. Alle belangegroepe in die land het hierby gebaat en Károly se belastingbasis is aansienlik uitgebrei. Ook die kerk en kerklike ampsdraers moes belasting betaal en Károly het selfs sover gegaan om 'n derde van die fondse wat deur die pous vir sy kruistogte ingevorder is, vir die monargie op te eis. Wat sy buitelandse beleid betref, was Károly baie meer gematigd. Aangesien die ekonomiese heropbou van die land sy eerste prioriteit was, het hy homself nie

onnodig in oorloë begewe nie. Hy het bondgenootskappe met Pole, Bavaria en Bohemië aangegaan teen die opkomende Habsburgse ryk en daarin geslaag om vrede en goeie betrekking met sy westerse en noordelike bure te handhaaf. Al waarin hy nie kon slaag nie, was om die suidelike dele van Hongarye, naamlik Kroasië, Dalmasië en Slawonië, aan hom te onderwerp. Hierdie gebiede het steeds in die hande van groot grondmagnate gebly. Hy het egter wel daarin geslaag om Venisië as bondgenoot te behou deur die huwelik van sy jongste seun, András, met Johanna, die kleindogter en troonopvolger van koning Robert van Napels. Sy oudste seun, Lajos, het die kroon van Hongarye in 1342 geërf (sien Pamlényi 1973: 75-76).

Under the rule of Louis I [Lajos], the Great (1342-82), of the Naples house of Anjou, Hungary grew into a world power. Louis's realm at its zenith extended from the Atlantic shores to the Black Sea and the Mediterranean, from Poland to Romania and Naples. Or should one rather say that the Apostolic Kingdom of Hungary was just one province in the multitude of Louis's provinces? A matter of definition. The Anjou dynasty had, no doubt, more to do with France and Italy than with Hungary; but the permanent centre of Louis's realm was nevertheless Buda, the Hungarian capital.

(Ignotus 1972:27)

Gedurende die tyd van die Anjou's is die baronne, wat in die tyd van Károly as die *klein koninkies* bekend was, se mag aansienlik gereduseer. Hierdie tydperk staan gevolglik bekend as die *era van gesentraliseerde feodalisme*. Die bevolking het in die regeringstyd van Lajos in twee duidelik onderskeibare groepe ontwikkel: die bevoorregte minderheid en die minderbevoorregte meerderheid. Die bevoorregtes het uit twee groepe bestaan: die grondmagnate en 'n groot massa welvarende boere, wat aan die adelstand behoort het. Die minderbevoorregte

massa was niks meer as die slawe van die voorafgenoemde bevoorregtes nie (sien Ignotus 1972:28).

Hongarye se posisie as streeksmoondheid is na die dood van Lajos grotendeels deur 'n aantal tragiese gebeure bepaal. Sy jonger broer, András, is in 1345 met die medewerking van sy eie vrou, Johanna, met wie hy die koningskap sou deel indien Lajos kinderloos te sterwe sou kom, vermoor. Lajos het ten tye van sy afsterwe egter wel dogters gehad en sy oudste dogter, Mária, moes hom dus opvolg. Die adelstand was egter nie hiermee gediend nie en hulle ontevredenheid het aanleiding gegee tot 'n bloedige burgeroorlog, waarin Károly II, 'n kleinneef van Lajos I, wat in 1385 deur die adellike Horváti-familie as koning gekroon is, onder andere omgekom het. Twee jaar later is Mária se man, Zsigmond (Sigismund) van Luxemburg, 'n jonger seun van Károly IV en koning van Bohemië en ook Heilige Romeinse Keiser, as koning van Hongarye gekroon (sien Pamlényi 1973:78). Hy moes egter 'n groot deel van die skatte wat hy by die Anjou's geërf het aan die adelstand afstaan om hulle guns te behou, en dit het meer as 'n dekade geduur voordat die prestige van die monargie weer in plek was.

Zsigmond se lang en suksesvolle regeringstyd het 'n periode van vrede en voorspoed vir Hongarye beteken. Groot vooruitgang is onder andere gemaak op die gebiede van die landbou, mynbou, handel, kuns en onderwys. Zsigmond is ook in 1410 as keiser gekroon en het daarin geslaag om die Heilige Romeinse Ryk te verenig. Hy het, in teenstelling met die meeste Anjou-konings, sy setel na Buda verskuif en dit as hoofstad van die land verklaar. Sy buitelandse beleid in Hongarye het egter uitgeloop op die verlies van Dalmasië aan Venisië en hy was vir twee dekades lank teen die Hussiete in 'n oorlog gewikkel om Bohemië te behou (sien Pamlényi 1973:79-92).

Toe Zsigmond in 1437 te sterwe gekom het, is sy skoonseun, Albert van Habsburg en keiser van die Heilige Romeinse Ryk en koning van Bohemië, deur die baronne as koning erken. Toe hy in 1439, na slegs twee jaar in die tuig, oorlede is, het daar 'n stryd tussen 'n faksie van die baronne en die aristokrasie ontstaan oor sy opvolger. Eersgenoemdes het Erzsébet, Albert se weduwee, en sy seun László se aanspraak op die troon ondersteun terwyl laasgenoemdes Albert

se vroegtydige dood as 'n geleentheid gesien het om van die Habsburgers ontslae te raak en koning Ulászló (Wladislaw III) van Pole as koning aangewys het. Hierdie stryd het op 'n oorlog uitgeloop wat deur die ondersteuners van Ulászló gewen is, maar die ondersteuners van László het hom nie as koning aanvaar nie. Trouens, hulle het 'n deel van die land onder die beskerming van László se voog, keiser Frederik III geplaas (sien Pamlényi 1973:95-96).

Ulászló se posisie is baie versterk deur die militêre suksesse van János Hunyadi, 'n nasaat van 'n prominente Transsilvanies-Roemeense adellike familie wat deur sy tydgenote as die biologiese seun van Zsigmond beskou is. Hunyadi het vroeër aan die hof van Zsigmond grootgeword en is dáár as militaris opgelei. Ulászló het hom ryklik beloon vir sy suksesvolle veldtogte teen die Turke wat die land vanuit die ooste begin aanval het en hy het baie gou die mees welvarende baron in Hongarye geword. Sy eerste oorwinning oor die Turkse leër was toe hulle Transsilvanië in 1442 binnegeval het. Tydens 'n tweede aanval op Transsilvanië in dieselfde jaar, het hy 'n leër van honderduisend Turke in 'n verrassingsaanval met slegs vyftienduisend man verslaan. Hierdie oorwinning het hom in die hele Europa bekend gemaak en soveel selfvertroue gegee dat hy die Turke op hulle eie grondgebied begin aanval het. Dit het egter tot 'n hele reeks nederlae gelei, onder andere dié te Varna in 1444 waartydens Ulászló gesneuwel het.

Albert se seun, László, is gevolglik in 1445 formeel tot koning van Hongarye verklaar. Die jong koning László V het Hunyadi in 1446 as goewerneur en opperbevelhebber van die Hongaarse leërs aangestel en hy het daarin geslaag om 'n Turkse leër van honderdduisend man in 1456 met 'n klein minderheid soldate af te weer toe hulle Nándorfehérvár, die huidige Belgrado, aangeval het. Die Turke sou die Hongaarse bodem vir die volgende sewentig jaar nie weer betree nie. Hunyadi is egter kort daarna as gevolg van siekte oorlede (sien Pamlényi 1973:99).

Baron Ulrik Cillei en 'n aantal baronne wat die Hunyadi's nie goed gesind was nie, het onmiddelik 'n poging aangewend om van Hunyadi se seuns, László en Mátyás, ontslae te raak om te voorkom dat een van hulle hulle pa sou opvolg. Cillei is egter in 1457 deur lede van die Hunyadi Party vermoor. László

Hunyadi is toe op grond van beweerde medepligtigheid aan die moord tereggestel, waarna sy ma, Erzsébet, en haar broer, Mihály Szilágyi, 'n gewapende opstand teen die koning van stapel gestuur het. Koning László V het toe met Mátyás as gyselaar na Praag gevlug. Die koning is egter onverwags in Praag oorlede en dit het die weg gebaan vir die benoeming van 'n nuwe koning. Mátyás, wat tydens sy gevangenskap in Praag op vyftienjarige ouderdom verloof geraak het aan Katalin, die dogter van die goewerneur en toekomstige koning van Bohemië, Podjebrád, en op grond daarvan sy vryheid teruggekry het, is toe in 1458 as die nuwe koning van Hongarye aangewys en sy oom, Mihály, is as goewerneur benoem (sien Pamlényi 1973:100).

Mátyás Hunyadi of Mátyás Corvinus (na aanleiding van die kraai op sy wapen) was 'n geleerde en gekultiveerde man. Die opkoms van die handel en nywerheid in Europa en die groot winste wat uit edelmetale, grondstowwe en lewende hawe gemaak is, het daartoe aanleiding gegee dat Hongarye gedurende Mátyás se regeringstyd groot welvaart beleef het. Die ekonomie het as gevolg van sy streng fiskale maatreëls en nuwe belastingstelsel floreer en Hongarye het in daardie tyd oor een van die sterkste leërs in Europa beskik. Dit het Mátyás instaat gestel om Morawië, Silesië en groot dele van Oostenryk, onder andere Wene, te verower. Mátyás se pragtige paleise in Buda en Visegrád het van die grootste kultuursentra in Europa geword. 'The Italian historians and Hungarian men of letters under his patronage wrote in Latin; and the *Corvina* books produced for his library were among the finest specimens of Renaissance craftsmanship. Under the most national of Hungarian kings, Hungary became utterly cosmopolitan' (Ignotus 1972:30). Na aanleiding van sy persoonlike ambisie om keiser van die Heilige Romeinse Ryk te word, was hy egter minder geïnteresseerd in die beskerming van Europa teen die Turke as in die uitbreiding van sy mag na die weste. Interne weerstand teen sy outokratiese regeerstyl en sy inperking van die magte van die baronne en kleinadel, het egter geleidelik tot verset gelei en Mátyás is aan die einde van sy regeringstyd deur hierdie groepe as weinig minder as 'n tiran beskou. Verskeie interne en eksterne pogings is aangewend om van hom ontslae te raak, maar nie een was suksesvol nie. Ten spyte van die feit dat hy sy koninklike setel na

Wene verskuif het, kon hy nie daarin slaag om keiser te word nie. In 1490 is hy onverwags in Wene oorlede nadat hy sy seun János as opvolger aangewys het.

Oor die algemeen gesien het die Middeleeuse Hongaarse staat die kerk onder sy beskerming geneem en bevoordeel deur gunstige wetgewing en groot geskenke in ruil vir die dienste van die hoogste kerklike ampsdraers in die regering van die land, veral ten opsigte van die regspleging. Dit het met verloop van tyd in talle wantoestande ontaard en die kerk geleidelik vervreem van sy eintlike opdrag. Die aartsbiskop van Kalocsa het byvoorbeeld die Hongaarse Leër in 1241 teen die Mongole aangevoer en heelwat later, in 1526, ook teen die Turke (sien Bucsay 1977:26).

Gedurende hierdie tydperk het die koninkryk ook gepoog om goeie bande met Rome te handhaaf, maar terselfdertyd alle pogings van Rome om die soewereiniteit van die staat of magte van die koning aan te tas, met al die mag tot sy beskikking, teengestaan. Dit het uiteraard gelei tot spanning met Rome. Veral Rome se inmenging by aanstellings in kerklike poste, wat ervaar is as bemoeienis met die huishoudelike sake van die kerk, het probleme veroorsaak. Verskeie Hongaarse konings het hulle openlik hierteen uitgespreek, onder andere László die Heilige, Kálmán, Lajos die Grote en Zsigmond.

Die grootste krediet vir die verspreiding van die middeleeuse godsdiensdigheid onder die Hongare moet aan die monnike en nonne van verskeie ordes gegee word. 'Die *Benediktiner* ließen sich in Ungarn noch im Zuge der Christianisierung in Pannonhalma, die *Zisterziener* 1142 in Cikádor und später in Zirc nieder. Bereits im 12. Jhdt. folgten die *Prämonstratenser*. Im 13. Jhdt. siedelten sich in Ungarn die *Ritterorden*, die *Kartäuser*, die *Franziskaner* (1229) und die *Dominikaner* (1221) an' (Bucsay 1977:27).

Aanvanklik was dit nie so eenvoudig om die volk, waarvan die grootste deel onder dwang gedoop is, vanuit eie oortuiging vir die Christendom te wen nie. Baie Hongare het nog krampagtig vasgehou aan sekere heidense gebruike. Dit was eers László die Heilige wat werklik daarin kon slaag om die breë bevolking vir die Christendom te wen.

Bucsay maak daarvan melding dat die Hongaarse Christendom deur-

gaans ook sy eenheid met die groter Christelike wêreldgemeenskap gehandhaaf het:

‘König *András II* (1205-1235) führte 1217 einen *Kreuzzug* ins Heilige Land, der ihm allerdings außer dem leeren Titel eines “Königs von Jerusalem” nichts einbrachte. Der Ungarische König und römische Kaiser Sigismund hatte auf dem Konzil zu Konstanz gegen die abendländische Kirchenspaltung zu kämpfen: Gegen Hus erreichte er einen recht zweifelhaften Erfolg. Der ungarische Reichsverweser und Feldherr János [Johann] *Hunyadi* hielt die große Offensive der Türken an der Südgrenze Ungarns auf. Seinen grandiosen Sieg bei Belgrad (1456) bejubelte die ganze christliche Welt.’

(Bucsay 1977:30)

Ook studente en dosente het gedurende die Middeleeue bygedra tot voortgesette kontak met die Christelike lewe in die buiteland. Die name van Hongaarse studente kom byvoorbeeld in die universiteitsregisters van Bologna voor in 1221, 1461, 1471 en 1472. Honderd en sestig Hongaarse professore het tussen 1385 en 1495 aan die Fakulteit Filosofie en dertien tussen 1407 en 1477 aan die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Wene gedoseer (sien Bucsay 1977:31). Dit is dus duidelik dat die Hongaarse kerk van die Middeleeue ‘n aktiewe lid van die westerse Christendom was.

Voortgesette maar beperkte kontak met die Bisantynse Christendom het ook in die Middeleeue voortgeduur. Huwelike met Bisantynse Christene, politieke bemoeienis van die Bisantynse ryk in Hongarye se interne sake en die invloed van gelowiges vanuit dié ryk, het veroorsaak dat kontak met die oosterse Christendom nog lank behou is. Nadat die Mongole die meeste oosterse kloosters tydens hulle inval in Hongarye in 1241 beset het en die Roomse Kerk hulle weer in Roomse kloosters omskep het nadat die Mongole onttrek het, het die invloed van die Bisantynse Christendom al hoe meer begin afneem. Die enkele kloosters wat

oorgebly het, het egter vir lank daarna sekere oosterse godsdienstige gebruike bly handhaaf.

Aan die einde van die Middeleeuse tydperk het Hongarye, netsoos die meeste ander lande in Europa, begin wegbeweeg van die feodale stelsel in die rigting van 'n kapitalistiese sisteem. Die opkoms van die Renaissance het hierin 'n enorme rol gespeel. Die kerk was nie meer die enigste instansie wat mense se lewens- en wêreldbeskouings bepalend beïnvloed het nie; filosowe, skrywers, kunstenaars, natuurwetenskaplikes en andere het hulle eie reëls begin maak.

1.4 Die Kerkhervorming in die sestiende eeu

Na die dood van koning Mátyás Hunyadi in 1490 was sy seun János veronderstel om hom op te volg. Hy het egter nooit die troon bestyg nie aangesien hy deur die Hongaarse Ryksdag, bestaande uit verteenwoordigers van die grondmagnate en adelstand, as te jonk beskou is. Hulle het Ulászló II, koning van Bohemië, wat nie baie dinamies was nie en gevolglik nie vir hulle 'n bedreiging ingehou het nie, toe as koning aangewys. János, het as troosprys koning van Bosnië geword en beheer oor die suidelike provinsies ontvang. Hy het in 1504 tydens 'n veldslag teen die Turke gesneuwel.

Mátyás Hunyadi se regeerstyl het veroorsaak dat Ulászló II se magte aansienlik ingeperk is. Hiernaas het sy voorganger se desentralisasie van veral administratiewe magte aan die grondbaronne en hoë kerklike ampsdraers, tot talle wanpraktyke aanleiding gegee. Tamás Bakócz, aartsbiskop van Esztergom, het homself byvoorbeeld só verryk met belastings wat vir die monargie bestem was, dat die prag en praal van sy paleis dié van die koning oorskadu het. Ulászló II, wat maar 'n besluitelose karakter was, het die koningshuis se uitgawes ter wille van oorlewing met belastings vanuit Bohemië befonds en gelate toegekyk hoedat die monargie by die dag verarm. Pogings van die adellikes en baronne om hom te onttroon het hom uiteindelik gedwing om by die Habsburgers hulp te gaan soek. In ruil hiervoor moes hy aansienlike minerale regte aan die Habsburgers toeken. Die grondbaronne en adellikes het in hulle strewe na rykdom intussen ook begin om die boere só met hoë belastings te verarm dat dit uiteindelik gelei het tot die

grootste boere-opstand in die hele geskiedenis van Hongarye (sien Pamlényi 1973:116).

In 1514 a Crusade army was recruited among the serfs; subsequently, as the landowners resented their serfs' prolonged absence from the fields, it was ordered to demobilize. The soldiers resisted this order, first by robbing the estates and then in open revolt under the leadership of a petty-nobleman, György Dózsa. The rising was defeated, and bloody retribution followed: 70,000 peasants were killed; Dózsa was burnt alive on a white-hot throne as 'the king of the peasants', and his followers were compelled to pick the flesh from his bones and eat it.

(Ignotus 1972:31)

Ulászló II se versoek om hulp het in 1515 gelei tot 'n dubbele huweliks-ooreenkoms met die Habsburgers, waarvolgens Ferdinand, Aartshertog van Oostenryk, met Anna, die dogter van Ulászló, en Lajos, die seun van Ulászló, met Ferdinand se suster, Maria, in die huwelik sou tree. Hierdie ooreenkoms is aangegaan op die vooraand van die Turkse inval in Hongarye en het 'n groot mate van permanensie verleen aan Hongarye se bande met die Habsburgers.

Koning Lajos het kragtens die ooreenkoms van 1515 'n jaar later koning van Hongarye geword. Karel van Habsburg, wat in 1519 tot Keiser van die Heilige Romeinse Ryk verkies is, kon vanweë verpligtinge in die weste en wanorde in die Duitse ryk egter nie 'n groot leër stuur om Hongarye by te staan toe die Turke met hulle aanslag teen Hongarye begin het nie. In 1521 moes Hongarye gevolglik die stad Nándorfehérvár aan die Turke afstaan omdat hulle nie teen die oormag bestand was nie. 'n Hulpkreet tot die Duitse Ryksdag het ook op dowe ore geval en Hongarye se weerbaarheid is verder verswak deur 'n groot mynwerkers-opstand aan die begin van 1526 (sien Pamlényi 1973:118).

Die bogenoemde gebeure het netjies ingepas by sultan Suleiman II se

planne om met sy groot offensief teen Hongarye te begin en hy het kort daarna van die geleentheid gebruik gemaak deur Hongarye vanuit die suide binne te val. Die Hongaarse leërs het in Augustus 1526 te Mohács, 'n dorp aan die Donaurivier en toegangspoort tot die Transdonause provinsie en die Hongaarse Laagvlakte, 'n verpletterende neerlaag teen die Turke gely en koning Lajos II het tydens hierdie slag sy lewe verloor. Hierdie neerlaag word vandag nog deur die Hongare as een van die grootste rampe in hulle geskiedenis beskou. Tydens hierdie oorlog het ses van die twaalf biskoppe van Hongarye ook hulle lewens op die slagveld verloor. Dit het die leierskorps van die Roomse Kerk gedurende die tyd van die Kerkhervorming aansienlik uitgedun (sien Bucsay 1985:19).

Suleiman het tot in Buda opgeruk maar sy troepe kort daarna uit Hongarye onttrek omdat hy verneem het dat 'n groot Hongaarse leër onder leiding van baron János Szápolyai, een van die rykste en magtigste baronne van die land, op pad was om hulle aan te val. Die dood van koning Lajos het ruimte geskep vir Szápolyai om beheer van Hongarye oor te neem, maar die Habsburgers was netso gretig om hulle heerskappy in Sentraal-Europa te vestig. Szápolyai is toe deur sy volgelinge, wat hoofsaaklik uit die adelstand bestaan het, tot koning gekroon, terwyl die Habsburgers Ferdinand I, die jonger broer van keiser Karel V, tot koning verklaar het. Koning Ferdinand het Szápolyai kort daarna aangeval en gedwing om na Pole, waar sy swaer koning was, uit te wyk. Daar het 'n Poolse aristokraat, Jeromost Laski, hom aanbeveel om homself vrywilliglik onder die beskerming van die sultan te laat plaas. Suleiman het hierdie aanbod aanvaar en Szápolyai het onder sy beskerming na Hongarye teruggekeer en sy heerskappy in Buda en Transsilvanië, in die ooste van die land, gevestig. Koning Ferdinand het egter die noordelike en westelike provinsies van Hongarye vir die Habsburgers behou, terwyl die Turke die suidelike provinsies onder hulle beheer gehad het.

Toe Szápolyai in 1540 oorlede is, het sy ondersteuners sy babaseun, János Zsigmond, tot koning verklaar. Suleiman het Buda egter 'n jaar later beset en János het slegs in beheer van die oostelike deel van Hongarye, ongeveer 50% van die land, gebly. Hierdie verdeling van Hongarye in drie afsonderlike dele, het vir 150 jaar voortgeduur. Suleiman se besetting van Buda het duidelik laat blyk dat

hy nie bereid sou wees om die land onder János te laat verenig nie. 'n Vertroueling van Szápolyai, biskop György Martinuzzi, wat hom oor János en sy ma, Izabella, ontferm het, het die oostelike koninkryk met die oog op die moontlike hereniging van Hongarye toe aan koning Ferdinand aangebied. Laasgenoemde het die aanbod aanvaar en Transsilvanië in 1551 onder Habsburgse beheer geplaas. Hy is egter in 1556 deur die Turke verdryf en Suleiman het Izabella en János weer aan bewind geplaas en die Szápolyai-dinastie in ere herstel.

Die Kerkhervorming het vroeg en ook baie vinnig op Hongaarse bodem grondgevat, ten spyte van die bogenoemde ongunstige omstandighede naamlik Turkse (Moslemse) oorheersing in die sentrale en suidelike dele van die land, 'n byna afsonderlike koninkryk in die oostelike deel (Transsilvanië) en oorheersing van die noordelike en westelike dele deur die Habsburgers, asook die feit dat beide die Christelike konings in die ooste én die noordweste van Hongarye nie baie groot simpatie getoon het met die bewegings wat die Kerkhervorming voorafgegaan het nie.

Daar was egter ook enkele gunstige faktore. Hongarye het in dié tyd, in teenstelling met die meeste ander volke, sterk bande met sy buurvolke, veral in die weste, gehandhaaf. Talle Hongaarse studente het byvoorbeeld in Krakau, Parys, Bologna, Praag en Wene studeer in die eeu voor die Kerkhervorming (sien Révész 1956:4). Hier het hulle in aanraking gekom met al die nuwe bewegings en ontwikkelings in die teologie en dit met hulle terugkeer na Hongarye saamgebring. Ook sakemanne en diplomate het met hierdie nuwe gedagtes na hulle vaderland teruggekeer.

Die herlewing van die humanistiese bewegings aan die begin van die sestiende eeu het die saak van die Hervorming in Hongarye ook gedien in dié sin dat dit onder andere die gesag van die Roomse Kerk bevraagteken het. Die Renaissance het dus nie net 'n enorme invloed op die kultuur en regte van individue uitgeoefen nie, maar ook op die godsdiens en die kerk. Daar dien hier gemeld te word dat die vroeë Humanisme Hongarye reeds in die veertiende eeu uit Italië en Bohemië binnegekom het (sien Bakhuizen van den Brink & Dankbaar 1967: 128 en 129).

Benewens die bogenoemde gunstige faktore moet daar ook in gedagte gehou word dat Hongarye reeds gedurende die Middeleeue 'n gesogte nedersettingsgebied was. Bucsay stel dit soos volg:

Ungarn war im ganzen Mittelalter auch ein bevorzugtes *Siedlerland*. Zahlreiche *deutsche Städte* in West- und Nordungarn sowie in Siebenbürgen, französische und italienische Handwerker, die in den Städten Ungarns ganze Straßenzüge bewohnten, *Tschechen* und Mährer in Oberungarn, die zuerst als hussitische Krieger ins Land gekommen waren, sich aber letztlich friedlich niederließen, sorgten für dauernde und umfassende Verbindung mit dem Auslande. So ist es kein Wunder, daß mittelalterliche kirchliche *Erneuerungsideen*, vor allem die des *Hussitentums*, rasch in Ungarn eindringen und hier lebhaften Widerhall fanden. Schließlich darf in der Reihe der die Reformation vorbereitenden Faktoren nicht unerwähnt bleiben, daß Ungarn damals wie heute direk an den Bereich der orientalischen Orthodoxie grenzte, orthodoxe Ruthenen und Romänen in großen Scharen in seiner Grenzen aufgenommen hatte, und daß ihm daher die Vorstellung eines romfreien Christentums nie fremd war !

(Bucsay 1977:37)

In Hongarye self het daar aan die einde van die vyftiende- en begin van die sestiende eeu intussen ook 'n aantal persone na vore getree wat begin het om die Skrif uit te lê en die evangelie te verkondig, in teenstelling met die algemene praktyk van daardie tyd. Die preke van ene Pelbárt van Temesvár, is tussen die jare 1498 en 1521 byvoorbeeld 52 keer herdruk (sien Bucsay 1977:37). Hierdie preke, wat onder andere die gelykheid van alle mense beklemtoon het, is gretig

deur die arbeidersklas gelees, veral tydens die boere-opstand van 1514. Die onverdiende genade en troos van God, wat die tema van baie van hierdie preke is, het goed op die oor geval toe dieselfde opstand wreed onderdruk is.

Die leerstellings van Martin Luther (1483-1546) het baie gou in die stede en plattelandse gebiede van Hongarye bekend en gewild geword. Die Rooms-katolieke Kerk het onmiddellik hierin 'n bedreiging gesien en György Szathmáry (1457-1524), Primate-aartsbiskop van Esztergom, het in 1521 opdrag gegee dat die pouslike bul waarin die leerstellings van Luther veroordeel is, vanaf elke kansel in die land afgelees moet word (sien Révész 1956:6).

Omdat Duits in daardie stadium die *lingua franca* was, is Luther se leerstellings nie net vanaf die kansels verkondig nie maar ook wyd en syd gelees, veral in die Duitssprekende handelsstede van Hongarye. Die Roomse Kerk en pous is reeds in 1522 vanaf kansels in die stad Sopron veroordeel. Die gevolg hiervan was dat daar in 1524 en 1526 gesante daarheen gestuur is om hierdie uitgesproke predikers die mond te snoer. Die situasie het ook vir die staat 'n bedreiging ingehou, in so 'n mate dat die Hongaarse Ryksdag in 1523 Protestante met swaar strawwe, onder andere die brandstapeldood, gedreig het. 'Omnes lutheranos et illorum fautores, ac factioni ipsi adhaerentes, tamquam publicos haereticos hostesque sacratissimae virginis Mariae poene capitis et ablatione minium bonorum suorum Majestas Regia, veluti catholicus princeps, punire dignetur' (Zsilinszky 1881:14). Twee jaar later het die Ryksdag die volgende besluit daaraan toegevoeg: 'Lutherani mones de regno exstirpentur et ubicumque reperti fuerint, non solum per ecclesiasticos, verum etiam per seculares personas libere capiantur et comburantur' (Zsilinszky 1881:20). Verskeie prominente hervormingsgesindes het as gevolg hiervan na die buiteland uitgewyk terwyl ander in die tronk beland het (sien Révész 1956:7). Die Turkse invalle het egter veroorsaak dat daar min van die toepassing van hierdie besluite tereggekome het.

In 1522 skryf die eerste studente vanuit Hongarye aan die Universiteit van Wittenberg in om persoonlik onder Luther en Melancton (1497-1560) te studeer. Aanvanklik was dit slegs Duitssprekendes wat daar gaan studeer het, maar sedert 1529 het talle Hongaarssprekendes ook in Duitsland verder gaan

studeer (sien Szabó 1927:7). Die meeste van hierdie studente het na afloop van hulle studies na hulle vaderland teruggekeer en die Protestantse leer met groot ywer en vuur oral in die land verkondig.

Hierbenewens is die neerlaag van die Hongaarse magte te Mohács teen die Turke in 1526, deur die meerderheid van die bevolking geïnterpreteer as God se straf vir die korrupsie van die Roomse Kerk. 'Thus the religious and ethical condition of the nation was fertile soil in which the seeds of the Gospel could be sown through the comforting message of the Reformers' preaching (Hongaarse Hervormde Kerk 1997:7 = HHK 1997:7). Tydens die Turkse opmars na Buda het die hele bevolking in opstand gekom teen die Moslem-indringers. Beide die adelstand én arbeidersklas het eweveel onder die aanslag van die Turke gely. Die gevolg was dat beide groepe die Christelike geloof met die nasionale belang van Hongarye geïdentifiseer het en in die boodskappe van die Hervormers dié vorm van die Christelike geloof gevind het wat hulle nodig gehad het om hulle van krag te voorsien om die indringers te weerstaan. 'The reformed faith brought with it, moreover, both a communal reformation in morals and an inner strength to the soul of the individual, conscious, as he became, of personal salvation in Christ. That is to say, to the Hungarian, without dubiety to be "reformed" at the time of the Reformation meant to experience a real conversion of heart (Révész 1956:8).

Toe koningin Izabella in 1559 oorlede is, was haar jong seun János nog nie instaat om die regering van Transsilvanië by haar oor te neem nie. Die bestuur van die koninkryk is toe oorgeneem deur István Báthory, 'n magtige aristokraat van die Tiszastreek. In die belang van vrede en met die oog op die inperking van Turkse en Habsburgse ekspansionisme het hy konings János en Ferdinand I oorreed om hulleself te versoen met die verdeling van die land. In 1568 het hy na baie moeite daarin geslaag om sultan Selim II, die opvolger van Suleiman, en keiser Maximilian II, die opvolger van Ferdinand I, 'n ooreenkoms te laat sluit waarkragtens die verdeling amptelik aanvaar is. In 1570 is 'n tweede ooreenkoms aangegaan waarkragtens János van die troon van Transsilvanië afstand gedoen het en as prins oor die prinsdom van Transsilvanië, 'n vasalstaat van die Turke, aangebly het. Die noordwestelike deel van Hongarye het hierna as die Koninkryk

van Hongarye deel van die Habsburgse ryk geword. Na die dood van prins János in 1571, het István Báthory prins van Transsilvanië geword (sien Pamlényi 1973:129).

Báthory het Transsilvanië met groot onderskeiding regeer en uitgebou tot 'n sterk en welvarende prinsdom. Toe hy die vakante Poolse kroon in 1575 vir homself ingepalm het, het hy sy broer Kristóf as goewerneur oor Transsilvanië aangestel en na Krakau verhuis waar hy homself toegespits op sy ideaal naamlik die vestiging van 'n Oos-Europese ryk. Hierdie ideaal het as gevolg van verskeie redes, maar veral sy vroegtydige dood in 1586, nooit gerealiseer nie - ook nie sy hoop dat hy Hongarye met Poolse hulp weer sou kon verenig nie. Sy neef, Zsigmond Báthory, het hom as prins opgevolg. Keiser Rudolf het intussen in 1576 by Maximilian II die beheer van die Habsburgse ryk oorgeneem.

Hernude aanvalle deur die Turke het daartoe gelei dat die Habsburgers hulleself in 1591 weer in 'n oorlog met die Turke begewe het. Transsilvanië en twee Roemeense prinsdomme het die Habsburgers in hierdie oorlog, wat vir meer as 'n dekade geduur het, bygestaan. Hierdie suksesvolle samewerking maar ook die ongewilde onwilligheid van Zsigmond Báthory om teen die Turke te veg, het daartoe gelei dat hy Transsilvanië aan koning Rudolf van Habsburg oorhandig het. István Bocskai, voormalige raadgewer van Báthory, was egter nie bereid om Habsburgse heerskappy oor Transsilvanië te aanvaar nie. Met die hulp van die Turke en duisende huursoldate het hy die Habsburgers toe die stryd aangesê en uit talle stede verdryf. Onderhandelings wat op hierdie stryd gevolg het, het in 1606 uitgeloop op die Vredesverdrag van Wene waarkragtens die onafhanklikheid van die prinsdom van Transsilvanië weer deur die Habsburgers erken is. Bocskai is daarna deur die adelstand tot prins van Transsilvanië gekies met die medewete en instemming van die sultan (sien Pamlényi 1973:147).

Die Hervorming het in aldrie dele van Hongarye grondgevat - eerstens in Transsilvanië waar Johannes Honterus (1498-1549) die eerste Lutherse hervormer was (sien Bakhuizen van den Brink & Dankbaar 1967: 128 en 129) en waar koning János Zsigmond na die Protestantisme oorgeloop het; daarna in die gebied onder Turkse beheer, waar die Protestantisme verdra is omdat dit teen Rome gerig was,

en laastens ook in die westerse koninkryk waar Ferdinand I en later ook sy seun, Maximilian I, die Hervorming op grond van politieke redes tot 'n sekere mate wel sy gang laat gaan het (sien Szabó 1927:11).

Die meeste bronne wat oor die Kerkhervorming handel vermeld die name van vyf prominente Hongaarse kerkhervormers wat spesiale vermelding verdien: Mátyás Biró van Déva (1500-1545), Mihály Sztárai (?-1575), István Kis van Szeged (1505-1572), Gál Huszár (?-1575) en Péter Juhász Méliusz (1515-1572).

Mátyás Biró, wat ook bekend staan as die Hongaarse Luther en in Krakau en later ook in Wittenberg onder Luther en Melanchthon studeer het, het in 1531 Protestants geword. By sy terugkeer in Hongarye het hy 'n dokument met die titel *Rudimenta salutis* gepubliseer na aanleiding waarvan hy in die kasteel van Buda opgesluit is. In 1533 het hy met die hulp van vriende ontsnap, maar is kort daarna weer gevange geneem. Tydens sy gevangenskap het hy baie geskryf maar slegte sig het sy skryfwerk met verloop van tyd bemoeilik. Toe hy twee jaar later vrygelaat is, is hy Duitsland toe vir mediese advies. Nadat hy in 1538 na Hongarye teruggekeer het, het hy met groot ywer gepreek en onder andere 'n kerkskool te Ujsziget gestig (sien Bakhuizen van den Brink & Dankbaar 1967: 130). In 1541 moes hy egter weer na Duitsland uitwyk en ná sy terugkeer, twee jaar later, het hy tot met sy dood in 1545 'n vurige prediker gebly (sien Révész 1956:12).

Mihály Sztárai, wat in Padua in Italië gepromoveer het, was as kapelaan betrokke by die slag te Mohács. Hy was die bekendste Hervormer in die suid-weste van Hongarye, waar hy 120 gemeentes gestig en vir elkeen 'n kerkgebou laat oprig het. Dit het hom in groot onguns gebring by die Roomse priesters en hulle het hom heftig teengestaan. 'n Legende wat in latere jare vertel is, verduidelik die omvang daarvan: '...he never stepped out of his front-door after dark without first pushing a pumpkin on a stick in front of him. Again and again the pumpkin was struck to the ground, split in two, instead of Sztárai's head' (Révész 1956:14). Sztárai is veral bekend vir sy verwerking van die psalms, die gesange wat hy geskryf en self getoonset het, die godsdienstige verhoogstukke wat hy saamgestel het en die talryke skole wat hy gestig het.

István Kis was waarskynlik die mees geleerde Hongaarse Hervormer. Hy het in Wene, Krakau en Wittenberg studeer en oral met die hoogste lof geslaag. Kort ná sy terugkeer na Hongarye in 1544, het hy 'n slagoffer van vervolging geword met die gevolg dat hy voortdurend op die vlug was. Die Rooms-katolieke leier van Ráckeve, waar Kis onder andere gedien het, het hom byna laat doodslaan en op sy hele biblioteek van bykans 200 boeke beslag gelê. Byna aan die einde van sy aktiewe beroepslewe is hy na aanleiding van 'n preek wat hy aan die begin van 1561 gehou het en waarin hy beswaar gemaak het teen die gebruik van baie lidmate om hulle kinders heidense name te gee, deur die Turke in die tronk gegooi. Révész vertel dit soos volg:

An influential woman with the pagan name of Ursula (like she-bear) thought that Szegedi was aiming specifically at her, and in revenge she renounced him to the Turks as a spy. The Turks dragged him from one prison-cell to another. His friends found that what the Turks were really wanting was to work up a feeling of pity for their prisoner so that they could exact a good ransom for his release.

(Révész 1956:16)

Die Turke het Kis, geboei met kettings aan sy hande en voete, in etlike dorpe uitgestal en die losprys telkens verhoog. Interessant genoeg het hulle hom toegelaat om tydens hierdie uitstallings te preek. Uiteindelik het die lidmate van sy gemeente hom losgekoop sodat hy met sy werk kon voortgaan. Sy mees bekende werke is eers ná sy dood gepubliseer: sy *Assertio vera de Trinitate* kort na sy dood deur Béza (1519-1605) in Geneve, sy *Speculum romanorum pontificum* in 1584 in Basel, sy *Tabulae analyticae* in Schaffhausen in 1592 en sy *Theologiae sincerae loci communes de Deo et homines* in 1608 in Basel (sien Révész 1956:17). Hierdie werke, almal in Latyn, was selfs in die buiteland goed bekend (sien Szabó 1927:11). Oor sy teologie sê Révész: 'He is much less of a mystic than are Calvin or Béza. His writings are the essence of Reformed theology, and just for that reason

they show no one-sided leaning to any particular school of thought. Yet we might say that his theology is that of the Swiss Reformation, though his particular shade is more nearly that of Bullinger than of Calvin' (Révész 1956:17).

Péter Juhász Méliusz, wat ook 'n student van Wittenberg was, was een van die eerste Hongaarse Hervormers wat die Calvinisme in Hongarye sterk gepropageer het. Hier moet in gedagte gehou word dat Johannes Calvyn (1509-1564) eers in 1536 met die verskyning van die eerste druk van sy *Institusie* op die openbare toneel verskyn het (sien Van Schelven 1965:130). Die Hervormingsbeweging was op daardie stadium reeds stewig in Hongarye gevestig. Calvyn se leerstellings het dus eers heelwat later in Hongarye bekend geword. Méliusz het die Calvinisme veral onder die adelstand bevorder en met hulle steun het die Calvinisme groot veld gewen, veral in die stad Debrecen in die ooste van die land. Debrecen het later bekend geword het as die *Calvinistiese Rome* en Meliusz as die *Hongaarse Calvyn* (sien Szabó 1927:18). 'Church life in Debrecen clearly followed the model set at Zurich. The most important feature of the divine service was the preaching of God's word in the language of the people. Bishop Méliusz Juhász also imitated the lively interest of the Helvetian Reformation in public order, social life, education, law and order, and even in the physical and spiritual welfare of the inhabitants' (HHK 1997:9). Méliusz was ook 'n baie groot bestryder van die Unitarisme en saam met István Kis verantwoordelik vir die opstel van die *Confessio ecclesiae Debrecentis* ter verdediging teen die beskuldigings van die Jesuïete, wat die Kontrareformasie in Hongarye gelei het (sien Bakhuizen van den Brink & Dankbaar 1967: 130). Méliusz was 'n ywerige skrywer en het gedurende sy leeftyd 'n aantal geloofsbelydenisse, 'n sangbundel en talle preke gepubliseer.

Gal Huszár was die mees prominente hervormer in die noord-weste van Hongarye, wat toe onder die heerskappy van Ferdinand I gestaan het. Hy het ook teenstand ondervind en is in 1554 onder andere belet om te preek en by meer as een geleentheid in die tronk gestop. Oral waar hy gekom het, het hy sy drukpers opgestel en groot hoeveelhede sangbundels gedruk. Sy teologiese posisie is moeilik om te bepaal aangesien dit wil voorkom asof die feite hulleself weerspreek. Hy het enersyds nooit beswaar gemaak teen die Lutherse vorm van erediens of

Luther se leerstellings oor die nagmaal nie, maar andersyds tog met groot aanvaarding in gebiede gewerk waar die Switserse oortuigings baie gewild was. 'We actually find him writing in 1557 to Bullinger, Zwingli's successor, asking him to suggest how the Hungarian form of service might be best unified; and then we find him publishing on his printing press Bullinger's reply, in which the latter outlines a purely Helvetic form of worship' (Révész 1956:18). Gal Huszár se volledige brief verskyn in die bekende Nederlandse kerkhistorikus, F Lampe, se *Historia ecclesiae reformatae in Hungaria et Transylvania* (sien Lampe 1728:112-116). Hierdie publikasie is, waarskynlik om meer gesag daaraan te verleen, in die naam van Lampe uitgegee terwyl dit in werklikheid 'n werk van een van sy Hongaarse studente, Pál Ember van Debrecen, was. Die feit dat Lampe dit onder sy eie naam uitgegee het, bevestig die uitstaande gehalte van hierdie werk. Lampe was ook behulpsaam met die verskyning van verskeie uitgawes van die eerste volledige Bybel in Hongaars. Huszár se versoek om 'n liturgie vir die Hongaarse erediens is egter deur Bullinger se skoonseun, Ludwig Lavater, uitgevoer en dit het in 1559 in Zürich verskyn onder die titel: *De Ritibus et Institutis ecclesiae Tigurinae opusculum* (sien Zsindely 1967:74).

Die grootste invloed op die Kerkhervorming in Hongarye is ongetwyfeld deur Bullinger (1504-1575) uitgeoefen, nie net vanweë die feit dat sy persoonlike belydenis, die *Confessio Helvetica Posterior* later deur die Hongaarse Hervormde Kerk as belydenisskrif aanvaar is nie, maar as gevolg van 'n jarelange verbintenis met die Hongaarse volk en kerk. Sy belangstelling in Hongarye het waarskynlik ontstaan na aanleiding van die gebeure te Mohács. Die hele Europa was die Hongare daarna uiters simpatiek gesind en terselfdertyd vervul met vrees en bewing vir die Turke. Bullinger het toonaangewende mense van baie lande gereeld met sy omvangryke korrespondensie op hoogte gehou van die toestande in Hongarye. Sy literêre nalatenskap bevat meer as 12,000 briewe - meer as wat Luther, Zwingli en Calvyn gesamentlik geskryf het (sien Zsindely 1967:57).

Die korrespondensie tussen Bullinger en János Fejérthóy, Sekretaris van die Hongaarse Kanselierskantoor in Wene, verdien spesiale vermelding. Op 26 Maart 1551 skryf Fejérthóy 'n brief aan Bullinger (sien Zsindely 1967:69) waarin

hy eerstens sy dank betuig omdat Bullinger die Hongaarse volk met sy geleerde geskifte teruggelei het na die ware Christendom sodat die evangelie in Hongarye, Thracië en selfs tot in Konstantinopel vrylik verkondig kan word, behalwe in dié dele van Hongarye waar die Roomse biskoppe die predikante vervolg. Fejérthóy vra vir vertroosting en versterking vir hierdie predikante en vir bemoediging vir die gemeentes. Vervolgens vra hy antwoorde op die volgende drie vrae: 'Watter standpunt moet die predikante inneem ten opsigte van die tweede huwelik wanneer die Turke 'n huweliksmaat ontvoer, die oorblywende huweliksmaat mettertyd weer trou, maar die eerste man of vrou tog uit gevangenskap terugkeer? Hoe moet die lidmate wat daartoe genoodsaak word om saam met die papiste te woon, saam met hulle leef en hulle tog van die papiste se godsdienstige praktyke distansieer? Hoe moet lidmate antwoord op die argumente van die Roomse priesters wat hulle wil oorhaal of dwing tot die aanbidding van die brood van die mis?' (Zsindely, E 1967:69, soos vertaal deur K Papp).

Bullinger se spoedige antwoord op hierdie vrae bewys hoe ernstig hy die versoek opgeneem het. In Junie van dieselfde jaar antwoord hy met 'n baie uitvoerige dokument wat in meer as vyftig kort hoofstukke byna al die basiese vrae van die Christelike geloof en lewe kernagtig behandel. Vir agt jaar lank het hierdie dokument slegs in sy handgeskrewe vorm bestaan, maar in 1559 is dit gelyktydig deur twee Hervormde drukkers in twee verskillende stede uitgegee. In 1967, toe die Hongaarse Hervormde Kerk die 400-jarige jubileum van die aanvaarding van die *Confessio Helvetica Posterior* gevier het, is hierdie briewe in 'n tekskritiese uitgawe van die oorspronklike Latynse teks saam met 'n Hongaarse vertaling daarvan uitgegee onder die titel: *Heynrichi Bullingeri epistola ad Ecclesias Hungaricas earumque pastores scripta*, MDLI.

Na die gebruikelike groete en danksegging en voordat hy Fejérthóy se vrae beantwoord en 'n logiese en sistematiese uiteensetting van die Christelike geloof gee, lewer Bullinger eerstens kommentaar op die blykbaar algemene beskuldiging naamlik dat die kerkhervormers 'n nuwe geloof propageer, dus *novatores* is. Hy vra: 'Qui sint novatores in religione?' en antwoord daarop:

‘Caeterum quis nesciat novatores esse, qui post traditam veritatis a Christo Domino et ab Apostolis eius doctrinam, novam et alienam ab illa cominiscuntur, proferunt atque tuentur, hoc est, qui non contenti ea doctrina, quae nobis veteri organo, in libris, inquam, utriusque Testamenti tradita est, dogmata insuper multa et ritus varios, neque in illis traditos, neque cum illis consentientes, sed per omnia discrepantes, pro suo confingunt et decernunt arbitrio ? Rursus quis nesciat novatores non esse, qui omnia sua ad antiquissimas referunt Scripturas, omniaque sua Scripturis divinis probari postulant ?’

(Nagy 1967:5-6).

Op Fejérthóy se eerste vraag, naamlik dié aangaande die tweede huwelik, soek ‘n mens tevergeefs na ‘n antwoord in hierdie uitvoerige dokument, wat Fejérthóy in sy antwoord van 10 Oktober 1551 ‘n *scriptum publicum* noem. Fejérthóy meld dat dit jammer is dat hy op hierdie belangrike vraag geen antwoord ontvang het nie, maar hoop dat dit later wel sal kom (sien Zsindely 1967:70-71). Uit ‘n brief wat Huszár op 26 Oktober 1557 aan Bullinger geskryf het en waarin ook hy om Bullinger se mening vra aangaande die tweede huwelik, blyk dit dat Fejérthóy dit teen daardie tyd nog nie ontvang het nie. Sover bekend het Bullinger ook nie op Huszár se versoek gereageer nie. Die afleiding kan nie gemaak word dat Bullinger hierdie vraag nie ernstig opgeneem het nie, want kort nadat hy die eerste aansoek ontvang het, vra hy die opinie van ‘n Duitse kollega, A Blarer, oor hierdie netelige saak. Blarer was ten gunste van ‘n tweede huwelik en het dit Bullinger ook per brief meegedeel (sien Zsindely, E 1967:72). Maar Bullinger het hierdie advies, sover bekend, nie aan die Hongare deurgegee nie, maar daaroor stilgebly. Sy stilswye was waarskynlik te wyte aan die feit dat hy kennis gedra het van die dubbele huwelik van landgraaf Philipp von Hessen wat met die medewete van Luther en in die teenwoordigheid van Melancton en Bucer op 4 Maart 1540 voltrek is (sien Heussi 1971:301). Melancton het as gevolg van skaamte oor hierdie gebeurtenis

in 'n uiterste staat van depressie verval en Luther het baie moeite gehad om hom deur sy krisis te dra (sien Kooiman 1963:150-151). Alles wys daarop dat Bullinger nie bereid was om 'n openbare mening uit te spreek oor 'n saak wat soveel skade en skande vir die Protestantisme van sy tyd tot gevolg gehad het nie. Pollard noem dit '....the most discreditable episode in the history of German Protestantism' (Pollard 1904:240).

Bullinger se antwoord op die tweede vraag van Fejérthóy lui soos volg:

An deceat habitare inter infideles

Licet sane Christianis vivere inter Papistas, licet vivere inter Turcas, et Iudaeos. Christiani enim Apostolorum tempore vixerunt sub imperio Romano, omni idolatria prorsus prophanato. Vixerunt Israelitae sub Regibus Assyriorum et Babyloniorum in captivitate Babylonica. Imo docente Hieremia, pacem Babyloniorum quaesierunt, et pro ipsis hostibus deprecati sunt. (Hiere.29.) Debetis ergo et vos orare pro Papistis, adde et pro Turcis. Quinimo cum Dominus vos tradiderit in potestatem Turcarum, beneficiis et virtutibus, non dolis, malis artibus, aut seditionibus quietem vobis parare contendetis. Concessit quippe Turcis regnum, et maiores ipsis vires addet metuo. Non quod religio ipsorum a Mahomete tradita vera sit et sincera, sed quia peccata nostra virgam merentur. Christiani enim sumus degeneres, et nihil minus quam quod dicimur. Coelitus ergo contra vos Turcis conceditur, quod Assyriis, Babyloniis, Medis et Persis quondam contra populum Dei concedebatur.

Caeterum, utcunque inter hos vivere liceat, minime tamen participare licet cum eorum fide seu religione, cum ritibus et sacris ipsorum. Clara enim sunt Domini praecepta ab Apostolis ubique inculcata:

Servemini ab ista generatione. (Act.2.) Et: Exite de medio illorum et separemini ab illis. Nota sunt quae scripsit Apostolus II.Cor.VI. et I.Cor.X. Clarissima est Domini sententia: Omnis qui me confitebitur coram hominibus, confitebor et ego illum coram Patre meo coelesti; et qui me abnegaverit coram hominibus, abnegabo et ego illum coram Patre meo coelesti. (Matth.10.) Verum hac de re copiose et sincere scripsit dilectus et venerandus frater noster Iohannes Calvinus, Genevensis Ecclesiae Pastor.
(Nagy 1967:50-52).

Die bemoediging, vertroosting en versterking van die gelowiges in Hongarye, waarvoor Fejérthóy gevra het, vorm die laaste deel van Bullinger se brief:

Ad constantiam et patientiam adhortatio

Quodsi propter hanc synceram confessionem et puram religionem Christianam, et vere quidem Christianam, vobis perferenda est persecutio, contumelia, depraeditio facultatum, et quod hostibus libuerit, adeoque ipsa mors, cogitabitis haec nobis praedicta esse in sancto Evangelio a Servatore nostro Christo, et maximas nobis factas esse promissiones. Scio, quae et quanta nunc propter confessionem Christi mala et incommoda perferatis, et quanta sit in vobis gratia Dei, et quam constans fides vestra. Dominus dona sua vobis adaugeat, ut abundetis in omni bono ac in finem usque perseveretis. Nam qui perseveraverit in finem usque, hic salvus erit. (Matth. 10. et 24.) Et apud Prophetam ait Dominus: Cum averterit se iustus a iustitia sua et fecerit iniquitatem, morietur in eis, et in iniustitia, quam operatus est, morietur. Omnes iustitiae

eius, quas fecerat, non recordabuntur. (Ezech. 18.)
Certe propter Christum et veritatem eius, non autem propter nefanda scelera pati, grave non est. Ipse enim Christus prior cum immensa copia Prophetarum, Apostolorum, atque Martyrum passus est atrociam quaeque.

Sed et praemia ingentia parata sunt patienter sustinentibus mala. Apostolus enim: Certus sermo est, inquit, si commortui sumus et convivemus, si sufferimus, et conregnabimus, si negabimus et ille negabit nos. (2. Tim. 2.) Idem enim alibi: Patientia vobis opus est, inquit, ut ubi voluntatem Dei peregeritis, reportetis promissionem. (Heb. 10.) Nam ipse Dominus in Evangelio: Qui, inquit, vult mihi servire, tollat crucem suam et sequatur me. Ubiunque ego fuero, ibi erit et minister meus. (Matth. 16.; Ioan. 12.)

Foelicitas ergo maxima est, cum Christo et omnibus Sanctis Martyribus coniungi in cruce in praesenti seculo, ut cum iisdem illis colligamur in gloria in futuro seculo.

Sed breve et momentaneum est tempus passionis nostrae. Adhuc enim perpusillum temporis est, et qui venturus est, veniet, et non tardabit. Iustus autem ex fide vivet. (1. Pet. 1; Rom. 8; Hab. 2; Heb. 10.)

Qui autem vos persequuntur, fratres, illius ipsius corporis membra sunt, quod ante nos Christum Dominum nostrum, Prophetas, Apostolos et Martyres adfixit. Et nos quidem eorum fratres sumus, qui persecutionem sustinuerunt. Pharisei, Sacerdotes et Iudaei, qui volebant Dei populus videri, sanctos persequerentur olim. Et qui, obsecro, hodie nobis molesti sunt, nisi

Episcopi, Sacerdotes et Monachi, qui et Principes in nos excitant, atque armant ?

Caeterum praefixus est eis a Domino terminus, quem non transibunt: Videbunt olim quem transfixerunt. (Zach. 12; Ioan. 19.) Vivit enim, qui venturus est iudicare vivos et mortuos, igni inquam perpetuo addicturus suos et Ecclesiae suae hostes, fideles vero suos in coelestia secum perducturus gaudia.

Hunc Dominum et Redemptorem nostrum adoremus, fratres, in hoc perseveremus constantes, hunc expectemus desiderantes, supplicibusque oremus precibus, ut nostri Ecclesiaeque suae misertus, a malo custodiat, et inculpato in diem illum usque conservet.

Obsecro, fratres, sufferte sermonem hunc exhortationis et admonitionis meae.

Salutate fratres, qui sunt in Thracia et apud Gentes vicinas. Salutant vos in Christo sancti, qui apud nos sunt omnes. Orate pro nobis Dominum.

Gratia Domini nostri Iesu Christi et consolatio Sancti Spiritus sit vobiscum semper.

Datae Tiguri in Helvetia, mense Iunio, Anno Domini M.D.L.I.

(Nagy 1967:52-54)

Met verloop van tyd het die Protestante in Hongarye hulle al hoe meer aan die kant van die Switserse Hervormers geskaar. Die Sinode van Gönc aanvaar reeds in 1566 'n belydenis van Béza asook Bullinger se *Confessio Helvetica Posterior* (sien Papp, K 1999:9) wat 'n jaar vantevore geskryf is. Op 22 Augustus 1567 aanvaar die Sinode van Debrecen ook die *Confessio Helvetica Posterior* tesame met die Heidelbergse Kategismus as belydenisskrifte van dié Kerk (sien Tóth 1995:48). Hierdie datum word vandag beskou as die geboortedag

van die Hongaarse Hervormde Kerk. Kontak met die Lutherse rigting het gevolglik geleidelik begin afneem, alhoewel sekere invloede permanent was. 'The peculiarity of the situation in Hungary lay in this that the break with Lutheranism occurred only in the field of theology and not in that of church government. Thus the office of superintendent which is characteristic of the Hungarian Reformed Church was taken over as it stood from the Lutheran Church model' (Révész 1956:33).

Naas die liedereskat wat die Hongaarse Hervormers nagelaat het, was hulle vertaling van die Bybel in die spreektaal van die volk, seker die grootste vrug van hulle arbeid. In 1541 verskyn die eerste volledige Hongaarse Nuwe Testament en elf jaar later 'n nuwe vertaling daarvan asook 'n gedeelte van die Ou Testament. Die eerste volledige Hongaarse Bybel verskyn in 1590. Dit is deur 'n aantal teoloë onder leiding van Gáspár Károlyi (1530-1591), predikant van Gönc, vertaal en in Vizsolyi gedruk met die hulp van 'n aantal ryk en magtige grondmagnate (sien Papp, K 1999:9 en Bitskey 1999:249).

Die Kerkhervorming het in Hongarye soveel sukses gehad dat 90% van die land aan die einde van die sestiende eeu Protestants was en dit het voorgekom asof die dae van die pous vir altyd getel was (sien Révész 1956:10). As daar in gedagte gehou word dat hierdie sukses in een van die moeilikste tye in die geskiedenis van Hongarye behaal is, is dit des te meer merkwaardig. Die langdurige oorloë sedert die eerste Turkse invalle en besettings en alles wat daarop gevolg het, het Hongarye nie net verdeel nie maar ook veroorsaak dat die land aan die einde van die sestiende eeu ekonomies, kultureel en maatskaplik verwoes was. Groot getalle Hongare, veral uit die laagvlakte, is deur Moslemse slawehandelaars weggevoer en duisende het uit die land gevlug om die Turkse onderdrukking en burgeroorloë vry te spring:

Under King Matthias, two hundred years before, the population of Hungary had been estimated at four million and a half: there were no more than two million and a half when the Turks left. The change in the ethnic, or linguistic, pattern of the population was no less

remarkable...Before the Turkish invasion, the majority of the people (85 per cent, according to some sources) had been Hungarian, Magyar, by mother-tongue; as other nationalities moved in, the proportion of Magyars sank to 45 per cent or less.

(Ignotus 1972:34)

1.5 Die Kontrareformasie in die sewentiende eeu

Die sukses van die Kerkhervorming was egter van korte duur. Reeds aan die einde van die sestiende, maar veral gedurende die sewentiende eeu, het weerstand teen die Protestantisme groot terugslae gebring. Die vestiging van die Protestantisme in Hongarye sou egter nie daardeur ongedaan gemaak word nie.

Net soos in die res van Europa, was dit die Jesuïete wat die Rooms-katolieke Kerk in Hongarye van ondergang gered het. Hulle het die beproefde metodes van die Protestante naamlik populêre prediking, die individuele versorging van gelowiges, die vestiging van kerkskole en die benutting van die drukpers aangewend om hulle sieninge te propageer. Die Roomse Kerk het die Jesuïete met alle middele tot hulle beskikking bygestaan omdat hulle in wese ook die saak van Rome gedien het (sien Révész 1956:46).

In 1597 het biskop Szuhai, wat deur die Turke uit Eger verdryf is, sy bisdom in die Protestantse stad Kassa gaan vestig. Met die hulp van Aartshertog Mátyás, wat die kroon nagestreef het en met die oog daarop in beide Rome én die Jesuïete se goeie boekies moes bly, het hy in 1604 die katedraal in Kassa en later elke ander kerkgebou in die stad oorgeneem. Hy het enige vorm van protestantse aanbidding, selfs in privaatwoningen, verbied (sien Bucsay 1977:145).

In dieselfde jaar het István Bocskai van Transsilvanië egter met aktiewe weerstand teen hierdie soort optrede begin en hierin groot steun van die adelstand van die noorde geniet. Dit het onder andere daartoe gelei dat die Vredesverdrag van Wene godsdienstvryheid aan almal verleen het. Die vredesverdrag het egter nie spesifiek verwys na die Protestantse geloof nie, maar het slegs 'n algemene vryheid van godsdiensoefening belowe vir die adelstand, stedelinge en soldate.

Die parlement van Transsilvanië het om hierdie redes aanvanklik geweier om die vredesverdrag op die wetboek te plaas. Dit is eers ná Bocskai se dood in 1608 gedoen nadat Mátyás II as koning gekroon is. Die voordeel van die vredesverdrag was egter dat die arbeiders van Roomse adellikes nou die vryheid van keuse van geloof verkry het en dat die Protestante toegelaat is om hulle eie kerkleiers te benoem (sien Révész 1956:50-52).

Koning Mátyás II het egter gou laat blyk dat hy nie van voorneme was om die Vredesverdrag van Wene te eerbiedig nie - trouens, hy het alles in sy vermoë gedoen om dit ongedaan te maak. So het hy byvoorbeeld die fanatieke Jesuïet, aartsbiskop Péter Pázmány van Forgách, wat in 1607 op die voorgrond getree het, toegelaat om ongehinderd met sy teenhervormingsaksies te begin. Laasgenoemde het egter eers in Mátyás II se opvolger, Ferdinand II van Habsburg, sy eintlike en grootste bondgenoot gevind (sien Bucsay 1977:165):

King Ferdinand II (of the House of Hapsburg [sic]) and the Jesuit Archbishop Péter Pázmány, turning on its head the popular theological explanation of the Turkish catastrophe, affirmed that the whole disaster was due to the fact that our nation had turned away from the Virgin Mary, the "Patroness of Hungary." The strategy of the Counter-Reformation in Hungary was to wage a war against "Protestant heresy", on political and literary levels simultaneously.

(HHK 1997:13)

Pázmány het met die hulp van die koning daarin geslaag om dertig hoogadellike families weer tot die Rooms-katolisisme te bekeer en die beginsel van *cuius regio, eius religio* van toepassing laat maak op alle Protestante sonder beskermhere. In dié proses moes die Protestante menige magnate, wat voorheen groot steunpilare van die Hongaarse Hervormde Kerk was, aan die Rooms-katolieke Kerk afstaan. 'When he [Pázmány] died in 1637 there was scarcely a

Protestant noble family left in the whole of the vast Habsburg domains' (Révész 1956:54). Beide die hoogadellikes én magnate het die Kontrareformasie met hart en siel ondersteun. Wanneer hulle Protestantse onderdane hulle teen die Rooms-katolieke Kerk verset en aan hulle oortuigings vasgehou het, is hulle kerkgeboue dikwels onteien en hulle predikante met priesters vervang. So het die magnaat Ádám Batthyány byvoorbeeld in 1633 die Hervormde biskop János Kanizsai Pálfi uit sy grondgebied verdryf (sien Bucsay 1977:166).

In Transsilvanië en in die Turkse gebied het baie adellikes egter aan hulle Protestantse oortuigings getrou gebly en Transsilvanië het 'n bolwerk geword vir die Hervormde geloof. Toe Gábor Bethlen die troon van Transsilvanië in 1613 bestyg, het hy godsdienstvryheid binne sy prinsdom gehandhaaf. Hy het selfs by drie geleenthede, in 1621, 1624 en 1626, sy leërs tydens die Dertigjarige Oorlog teen die Habsburgers uitgestuur en elke keer as oorwinnaar uit die stryd getree. In die vredesluiting wat hierop gevolg het, is die Vredesverdrag van Wene weer bekragtig (sien Révész 1956:56).

Na Bethlen se dood het prins György Rákóczi I die vernaamste voorstaander van godsdienstvryheid in Hongarye geword. Hy was ook betrokke by die Dertigjarige Oorlog en het ook telkens as oorwinnaar uit die stryd getree. Na 'n oorwinning oor die Habsburgers in 1645, het hy die Vredesverdrag van Linz onderteken. Hierdie verdrag het al die onduidelikhede van die Vredesverdrag van Wene uitgeskakel en 'n hele aantal bykomende voordele vir die Protestante meegebring, onder andere dat die magnate vir hulle arbeiders kerke moes bou indien hulle daarom sou vra en dat alle Hervormde kerkgeboue wat vroeër deur die Rooms-katolieke beset is, aan hulle teruggegee moes word. In 1647 het die Nasionale Vergadering van Hongarye al die klousules van die vredesverdrag aangeneem, maar slegs 90 van die ongeveer 400 gekonfiskeerde kerkgeboue is teruggegee. Ander klousules is ook geïgnoreer en die arbeidersklas was uiteindelik nie veel beter daaraan toe as voorheen nie (sien Révész 1956:58).

Kort na Rákóczi I se dood het die Rooms-katolieke weer met vervolgings begin en Rákóczi I se seun en opvolger, György Rákóczi II, was nie daarteen bestand nie. Hy was nie naastenby van dieselfde statur as sy vader nie en die

dinastie het sy prestige uiteindelik verloor. Rákóczi II het tydens 'n futiele veldslag in Pole in 1660 sy lewe én die troon verloor. Met die bystand van die Turke het Mihály Apafy toe die verswakte troon bestyg (sien Bucsay 1977:174).

Die bogenoemde stryd om godsdienstvryheid het hoofsaaklik in die Habsburgse Koninkryk en Transsilvanië bestaan. In die sentrale en suidelike dele van Hongarye waar die Turkse sultan steeds in beheer was, het daar 'n groot mate van verdraagsaamheid teenoor die Protestante bestaan. Die Turkse ryk was ook besig om geleidelik sy invloed as wêreldmag te verloor en uiteindelik het die deel van Hongarye wat deur die Turke beset was, die bolwerk van die Protestantisme in Hongarye geword (sien Révész 1956:58-59).

Teen die middel van die sewentiende eeu het daar 'n sterk oplewing van nasionalisme onder die Hongaarse aristokrasie begin ontwikkel onder die leiding van Miklós Zrínyi, die onderkoning van Kroasië. Hy was 'n groot voorstander van godsdienstige verdraagsaamheid en het die weg gebaan vir politieke eenwording tussen die hoofsaaklik Roomse aristokrasie van die koninkryk van Hongarye en die oorwegend Protestantse adelstand van die prinsdom van Transsilvanië. Hy het hom in die besonder daarvoor beywer om György Rákóczi II van Transsilvanië as koning van Hongarye verkies te kry toe Ferdinand III van Habsburg oorlede is, maar die Hongaarse aristokrasie was op daardie stadium nog nie gereed om bande met die Habsburgers te verbreek nie. Leopold I van Habsburg is toe as koning gekroon (sien Pamlényi 1973:163-164).

Toenemende aggressie van die Turke in Transsilvanië het daartoe gelei dat Zrínyi Leopold I in 1661 om hulp genader het. Leopold het 'n leër onder leiding van generaal Montecuccoli na Transsilvanië gestuur, maar omdat hy nie op die omstandighede van oorlogvoering in Hongarye voorberei was en nie die nodige logistieke voorbereidings getref het nie, het sy soldate gou moed opgegee en die land begin plunder van dit wat deur die Turke agtergelaat is. Uit weerwraak het die Turke toe oorlog verklaar teen die Habsburgers, maar in 1664 is daar in Vasvár vrede gesluit. Zrínyi, wat die Habsburgers in hulle oorlog teen die Turke bygestaan het en groot suksesse behaal het, is kort daarna tydens 'n jagekspedisie deur 'n bosvark om die lewe gebring (sien Pamlényi 1973:165).

Met die verswakking van Transsilvanië het die Kontrareformasie opnuut daar vlamgevat. Kerkgeboue is oorgeneem, predikante is verban en lidmate is onder dwang en met dreigemente van tronkstraf verplig om na die Roomse Kerk terug te keer. Die Protestantse lede van die Nasionale Vergadering het tydens die kroning van Leopold I daarin geslaag om die koning te verbind tot die beskerming van die grondwet, maar al hulle latere besware is óf van die tafel gegee óf met leë beloftes beantwoord. Die koningshuis het in so 'n mate uit voeling geraak met die behoeftes van die volk dat die nasionale Hongaarse strewes en dié van die Hongaarse Hervormde Kerk stadig maar seker in die oë van die Hongare een en dieselfde geword het.

Spanning tussen die Habsburgers en koning Louis XIV van Frankryk was intussen aan die oplaai en die Hongaarse leierskorps het hierdie spanning benut in hulle stryd teen die asolutisme van die Habsburgers. 'n Komplot teen die Habsburgers, wat onder leiding van Ferenc Wesselényi en ná sy dood onder Péter Zrínyi, die broer van Miklós Zrínyi, begin is, het egter aan die lig gekom en die samesweerders wat nie betyds kon vlug nie, is met die dood gestraf. Die keiserlike leërs het Hongarye binnegeval en die Hongaarse koninkryk het sy beperkte politieke outonomieit verloor. Hierdie gebeure het egter daartoe aanleiding gegee dat die Hongaarse leierskorps die steun van die onderdrukte massa verkry het. Talle beperkings op die gewone burgers, wat op daardie tydstip niks meer as slawe van die adellikes was nie, is opgehef om hulle steun te werf. Sommige boere is tot die adelstand bevorder en dit het die weg gebaan vir 'n opstand van die ganse Hongaarse volk teen die Habsburgers (sien Pamlényi 1973:166).

Die bogenoemde verwickelinge het aanleiding gegee tot die totstandkoming van die *kuruc* leër onder die leiding 'n aantal adellikes wat tydens die inval van die Habsburgers na Transsilvanië gevlug het. "The origin of the word *kuruc* goes back to the crusades against the Turks, deriving from the Latin *cruciatus*. During Dózsa's peasant uprising [in 1514], the name became associated with the anti-feudal peasant wars, and was used in that sense throughout the second half of the seventeenth century' (Pamlényi 1973:167). Die *kuruc*-leërs is met die hulp van Louis XIV deeglik opgelei en hulle het die Habsburgers toe die stryd aangesê.

Onder leiding van Imre Thököly het hulle talle veldslae teen die Habsburgers gewen en daarin geslaag om die noord-oostelike deel van die land te beset. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die Habsburgers, wat intussen ook in 'n oorlog met Frankryk betrokke geraak het, in 1681 besluit het om die koninkryk van Hongarye weer te herstel en groter verdraagsaamheid teenoor die Protestante te openbaar.

As gevolg van die geweldige toename in vervolgings en wrede strawwe op die Protestante gedurende die jare 1671 tot 1681, het hierdie tydperk bekend geword as die *dekade van rou*. Predikante en onderwysers is voor 'n spesiale hof in Pozsony gebring en aangekla van hoogverraad en laster teen die Rooms-katolieke Kerk. Die keuse waarvoor hulle gestel is, was om Rooms-katoliek te word, óf hulle ampte neer te lê, óf die land te verlaat. Van die eerste 33 wat in die hof verskyn het, het slegs een Rooms-katoliek geword. Die res het hulle ampte neergelê of die land verlaat. Daarna is elke Protestantse predikant en onderwyser in die land voor die hof gedaag, selfs dié in die Turkse gebied, in totaal meer as 700. Slegs ongeveer 250 Lutherse en 80 Hervormde predikante en onderwysers uit die dele onder Habsburgse beheer het egter opgedaag. Hulle is almal ter dood veroordeel en daarna vir sewe weke lank in die tronk aangehou. Alhoewel die doods-vonnis slegs 'n dreigement was, het dit daartoe aanleiding gegee dat sommige 'n verklaring onderteken het dat hulle hulle aktiwiteite sal staak. Baie ander het egter geweier om toe te gee en is gevolglik met gevangenskap en dwangarbeid gestraf. Van hierdie groep het 'n aantal in gevangenskap gesterf, 'n aantal het Rooms geword, een het ingewillig om sy amp neer te lê en een het ontsnap. Die res was vir 'n verdere jaar in gevangenskap waarna 42 van hulle onder dwang en te voet deur Oostenryk na Triëst moes stap vanwaar hulle per skip na Napels geneem en in 1675 as galleislawe aan Spanje verkoop is (sien Bucsay 1977:184-185). Napels was destyds 'n Spaanse Koninkryk.

Protes het uit baie dele van Europa opgeklank teen die gevangenskap en mishandeling van hierdie Protestantse predikante en die *Staten-Generaal* van Nederland het Admiraal Michiel Adriaanszoon de Ruyter, wat op daardie stadium in die Middellandse See was om die Spanjaarde teen die Franse vloot te ondersteun, opdrag gegee om die lot van hierdie predikante te ondersoek. De Ruyter is

aanvanklik vir ses maande na die Middelandse See gestuur en het op die punt gestaan om na Nederland terug te keer. Die bevelvoerder van die Spaanse vloot, prins De Montesarchio, is egter op daardie stadium ernstig deur die Franse vloot bedreig en het De Ruyter se hulp dringend nodig gehad. Hy het op allerhande maniere probeer om De Ruyter daar te hou en hom gesmeek om ten minste eers na Napels te vaar. De Ruyter het ingewillig op voorwaarde dat die Hongaarse gevangenes deur die onderkoning van Napels, die markies De Los Vallez, vrygelaat word. Net 26 van die Hongare het oorleef en ná hulle vrylating op 11 Februarie 1676 na Switserland en Nederland uitgewyk (sien Brandt 1701:961-963 en Papp, 1991:67). Lampe het hierdie gebeure so belangrik geag dat hy 173 bladsye daaraan afgestaan het (sien Lampe 1728:746-919).

Die Turkse opmars teen Wene in 1683 het aanleiding gegee tot die geleidelike beëindiging van die Turke se heerskappy van bykans 150 jaar in die suidelike en sentrale dele van Hongarye en die uiteindelijke oornamme van die hele Hongarye deur die Habsburgers. 'n Internasionale leer van die Habsburgers het die Turke die stryd aangesê, in 1686 uit Buda verdryf en na talle suksesvolle veldslae tot oorgawe gedwing. Die sultan het sy seggenskap oor Hongarye tydens die Vredesverdrag van Karlowitz in 1699 opgesê en Hongarye het 'n Habsburgse provinsie geword (sien Pamlényi 1973:168-170).

Die *dekade van rou* was nie slegs 'n aanduiding van die intensiteit van die beleid van herkatolisering deur die Habsburgers nie, maar ook 'n getuigskrif van die geloofsoortuigings en solidariteit van die Protestantse gelowiges, waarvan hulle petisie aan Leopold I in 1691 'n sprekende voorbeeld is. Die Protestante van die hele land het hom naamlik versoek om hom in die openbaar uit te spreek oor hulle posisie en regte. In sy *Explanatio Leopoldina* het hy verklaar dat die Protestante hulle geloof binne die Hervormde óf Lutherse kring mag uitleef en toegelaat word om hulle geloof in die openbaar te bely in al die plekke wat in die verklaring genoem word. Hulle mag hulle predikante versorg, eredienste hou, die doop bedien, huwelike bevestig en begrafnisse hou sonder die toestemming van die plaaslike priester. Hulle is egter belet om buite die genoemde plekke op te tree. Dáár moes die priester hierdie funksies vervul. Verder is hulle in gesinsverband

ook toegelaat om die Bybel en ander kerklike lektuur te lees, op voorwaarde dat daar slegs gesinslede teenwoordig was. Na afloop van die Vryheidsoorlog teen die Turke het Leopold I hierdie verklaring in 1701 opgevolg met 'n verklaring wat die eerste breedvoeriger omskryf het. Hy het naamlik verklaar dat al hierdie voorregte slegs vir die ou koninklike gebiede wat voor 1681 bestaan het geld en nie in die gebiede wat herwin is nie. In 1702 het hy verder bekend gemaak dat sy verklaring nie bedoel was om *ad infinitum* van krag te wees nie (sien Révész 1956:70).

Die ontevredenheid van die Protestante in die suide van Hongarye met die Roomse vervolgings wat op die herwinning van die Hongaarse grondgebied wat deur die Turke beset was gevolg het, was so groot dat dit gelei het tot die *kuruc*-oorlog van Ferenc Rákóczi II van Transsilvanië. Toe Leopold I in 1705 sterf het sy opvolger, Joseph I, gepoog om die oorlog te beëindig deur godsdienstvryheid aan almal te belowe, maar sy beloftes is nie ernstig opgeneem nie en die oorlog het voortgegaan. Dit was eers in 1711, pas nadat die koning belowe het om die vroeëre ooreenkomste betreffende godsdienstvryheid te eerbiedig en kort voor sy dood, dat die oorlog gestaak is. Koning Karel III, wat Joseph I in 1712 opgevolg het, het onderneem om hierdie ooreenkoms te handhaaf maar nie aan sy woord getrou gebly nie en vanaf 1714 weer aggresiewe vervolgings toegelaat. In 1715 het hy 'n wet op die wetboek laat plaas wat die verhouding tussen kerk en staat gereël het. Daarvolgens kon sinodesittings byvoorbeeld slegs met die toestemming van die koning byeengeroep word (sien Révész 1956:73). Dit was uiteraard vir die Protestantisme in Hongarye 'n groot terugslag.

1.6 Die stryd om bestaansreg in die agtiende eeu

Met die aanname van die wet van 1715 was die Protestantisme in Hongarye byna terug waar dit aan die begin van die sewentiende eeu was. Die Kontrareformasie is ten volle deur die staat ondersteun en die Protestantisme het sy wil tot verzet verloor. Groot dele van die platteland wat as gevolg van die *kuruc*-oorlog en die oorloë teen die Turke onbewoon geraak het, is geteister deur verskeie plae met gevolglike hongersnood en ellende vir diegene wat agtergebly het. Protestante het slegs ongeveer die helfte van die bevolking uitgemaak en was grotendeels sonder

kerkgeboue en predikante. Dit het tot gevolg gehad dat daar van godsdienst-onderrig min tereg gekom het en dat weerstand teen die aktiwiteite van die Roomse priesters afgeneem het. Tog kan die agtiende eeu bestempel word as 'n helde-eeu in die geskiedenis van die Hongaarse Hervormde Kerk in dié sin dat dié Kerk in hierdie eeu, sonder om met die swaard of die gesproke woord te veg vir sy regte, in stilte gely en in volkome afhanklikheid van die genade van God geleef het.

Die openbare onderdrukking van die Protestantisme het in 1721 en 1722 weer op die oppervlak verskyn toe Karel III verteenwoordigers van die Rooms-katolieke en Protestantse amptenary van Budapest byeengeroep het en hulle meegedeel het dat hy dit van alle persone wat 'n openbare amp beklee vereis om 'n eed in die naam van die Heilige Maria af te lê. Protestantse lede van die komitee het heftig beswaar gemaak en geen konsensus kon by een van die twee vergaderings bereik word nie. Die koning het die komitee toe summier ontbind en weer met die beslaglegging op kerklike eiendom en onderdrukking van die vryheid van spraak begin. In 1725 is die Protestante selfs verbied om enige verdere besware teen hulle onderdrukking in te dien 'in that they "offended the noble ears of the king and caused him great disquiet" ' (Révész 1956:92).

In 1730 gee die Oostenrykse koning aan 'n komitee van sy ministers opdrag om reëls vir die regulering van die kerklike situasie in Hongarye op te stel. Hierdie komitee, wat net uit Oostenrykers bestaan het, het die vroeëre verkларings oor godsdienstvryheid gladnie in aanmerking geneem nie en die Hongaarse volk se nasionale strewes totaal geïgnoreer. Dié reëls, wat 'n duidelike uiteensetting van die omvang van die diskriminasie gee, word soos volg deur Révész gelys:

A difference had to be made between the public and private expression of religion. In the towns specified by the earlier agreements ministers were not to be allowed to leave the bounds of their parish, but the people of the daughter parishes outside the town might come and visit the minister. These people could only practice their religion privately; ecclesiastically speaking, they were

under the jurisdiction of the priest.

Protestants might be allowed their superintendents, but the number of these the king was to define and their persons he was to approve. Their sphere of influence was to be over the ministers of their area only.

In matters to do with marriage, only the Roman Catholic consistory could make decisions, though it was only fair that judgment [sic] be passed in the case of Protestant parties according to the principles of the latter's religion. Only Roman Catholic priests were to be allowed to officiate in the case of mixed marriages.

All conversions from Romanism to Protestantism were now completely forbidden. Protestants could support only the "lower grade" of schools, and all high schools were henceforth to close down. Protestants were to celebrate all Roman Catholic festivals.

The right of the noble over the souls of his peasants was now reaffirmed in entirety. Anyone who interfered with the religious convictions of a noble's peasants was to be reported to the king.

Offices of state could be filled by Catholics only. Protestant nobles might erect "houses of prayer" in non-articulated places, but for the use of their own families alone; no strangers or Protestant ministers were to be permitted to enter them.

The findings ended with the order that from now on both parties were to forget their grievances. Anyone who still had a complaint was to present it to the king, not as from the community in question, but as a mere individual who has a complaint to make.

(Révész 1956:93-94)

Die leiers van die Protestantse kerke het onmiddellik beswaar aangeteken en twee verteenwoordigers na Wene gestuur met 'n petisie wat persoonlik aan koning Karel III oorhandig is. Hulle toespraak het volledig behoue gebly en is vol selfvernederling en kruipende vleitaal (sien Révész 1956:94). Hieruit blyk dit duidelik dat die Kontrareformasie suksesvol was in die fisiese én geestelike aftakeling van die Protestantse gelowiges.

In 1731 het Karel III sy eerste *Carolina Resolutio* gepromulgeer. In hierdie resoluksie is alle vorige verklarings ten opsigte van die posisie van die Protestante opnuut uitgelê en vir eens en altyd bevestig. Die gevolg was dat die Protestante nou voor 'n keuse te staan gekom het: hulle kon óf voortgaan met die futiele klagtes oor hulle ellendige posisie, óf hulle kon begin met die verdieping van hulle eie godsdienstige lewe binne die grense van die resoluksie. Alhoewel hulle stryd met die staat nie opgehou het nie, het hulle wyslik besluit om die tweede opsie te kies.

'n Geleentheid om 'n volgende petisie voor te lê het homself in 1740 voorgedaan by die troonbestyging van Maria Teresia. Sy het die Protestante egter op 24 Desember 1742 in kennis gestel dat sy by haar vader se resoluksie staan en daar is voortgegaan met die onderdrukking. In 1749 het die Protestantse leiers egter weer 'n memorandum aan haar oorhandig waarin hulle hulle lot bekla het. 'The Queen replied to this memorandum by saying that her great desire was to be a real mother to her people no matter what their religious faith - yet she did nothing to relieve the situation of her Protestant subjects, who continued to live in their own country as if they were exiles from another land' (Révész 1956:97).

Gedurende die regeringstyd van Maria Teresia is daar 353 nuwe Rooms-katolieke gemeentes in Hongarye gestig, hoofsaaklik op plekke en in geboue van voormalige Hervormde gemeentes. Net in die Transdonause distrik van die Hongaarse Hervormde Kerk alleen, is 150 kerkgeboue onteien en aan die Rooms-katolieke Kerk oorgedra. 'Mit Recht nannten die Protestanten die Zeit zwischen 1711 und 1781 "die Babylonische Gefangenschaft des Ungarischen Protestantismus", wogegen die Katholiken diese Zeit als die Blütezeit des *Regnum Marianum* feierten' (Bucsay 1979:21).

Maria Teresia se seun Joseph II, wat haar mederegeerder was vanaf 1765, het die Oostenrykse troon in 1780 bestyg. 'He was endowed by nature with an unrivalled zeal for hard work, and with great openness of mind: he claimed in addition to belong wholly to his own age, and held an exalted view of the responsibilities of his office' (Hubert E 1909:626). Van hom word die volgende vertel:

Hij was een typisch vertegenwoordiger van het verlicht despotisme. In zijn landen Oostenrijk en België eigde hij zich als absolutistisch vorst macht toe over de Kerk om haar te reformeren: de orden maakte hij los van haar oversten in het buitenland en stelde ze onder de bisschoppen; hij verving de kerkelijke opleidingscholen van de geestelijken door staatsseminaries, hief alle kloosters op die niet voor opvoeding, wetenschap en ziekenverpleging dienden, beperkte het aantal kerkelijke feestdagen aanzienlijk en stelde het kanonieke huwelijksrecht buiten werking.

(Bakhuizen van den Brink & Dankbaar 1968:20)

Terselfdertyd het die situasie van die Protestantse kerke ook aansienlik verbeter. In Oktober 1781 vaardig Joseph II die *Edictum Tolerantiae* uit waarin die openbare godsdienstryke van nie-Katolieke gereël is. Protestantse gemeentes is toegelaat in elke nedersetting met meer as 100 gesinne. Hulle was geregting op 'n eie predikant en is onthef van die verpligting om vir die dienste van die Roomse priester te betaal. Hulle is ook toegelaat om kerkgeboue op te rig op voorwaarde dat dit nie 'n ingang na die straat en 'n toring gehad het nie. Die meeste van hierdie beperkings was teen 1785 ook opgehef. Met die *Edictum Tolerantiae* het die ergste onderdrukking van die Protestante dus aan 'n einde gekom.

Uit die aard van die saak was Rome nie gediend met hierdie optrede van Joseph II nie. 'Vergeblich suchte Pius VI. durch den außergewöhnlichen Schritt einer Reise nach Wien (1782) Joseph II. von seinen Reformplänen abzubringen'

(Heussi 1971:423). Hierdie ongewone besoek van 'n pous aan 'n keiser, staan as die *Omgekeerde Canossa* bekend en het sy oorsprong in 'n vermeldingswaardige gebeurtenis wat homself in 1077 afgespeel het (sien De Bruin 1976:72-73). Die *Historische W.P. Encyclopedie* gee dit soos volg weer:

Canossa is de naam van een rotsburcht in Reggio d'Emilia (Italië), waar de Duitse keizer, Hendrik IV, die in de kerkban geslagen was en daardoor op het punt stond zijn troon te verliezen, op 25 jan. 1077 de vergiffenis kwam afsmeaken van paus Gregorius VII, die er uit vrees voor de in aantocht zijnde keizer asiel had gezocht bij de Toscaanse markgravin Mathilda van Tuscia. De paus liet Hendrik, gekleed in een grove pij en blootvoets, gedurende drie dagen in het gure winterweder buiten staan. Beseffend welk een nederlaag hij ging lijden, moest hij echter eindelijk wel vergiffenis schenken aan de geknielde keizer (28 jan.) die beloofde niets meer tegen de paus te ondernemen, doch met dit offer in één slag een groot gevaar voor zijn machtspositie teniet heeft gedaan. '(Niet) naar Canossa gaan' is een spreekwoordelijke uitdrukking geworden in gevallen, dat een politicus te kennen geeft niet voor klerikale druk te zullen zwichten. Zij stamt van Bismarcks uitspraak, gedaan tijdens de Kulturkampf in de Rijksdagzitting van 14 mei 1872: 'Nach Canossa gehen wir nicht'.

(Historische W.P. Encyclopedie 1957)

Die Protestante het in die agtiende eeu groot verliese gely. 'Infolge all dieser Verfügungen hat sich bis Ende des XVIII. Jahrhunderts die Zahl der Katholiken derart vermehrt, dass sie den Protestanten fast dreifach überlegen war. (Gegen 1,983.366 Protestanten gab es 5,105.385 Katholiken)' (Szabó 1927:36).

1.7 Die negentiende eeu

Een van die grootste redes vir die sukses van die Kontrareformasie was die feit dat Hongarye vir baie jare, lank ná die opkoms van demokratiese regeringstelsels elders in Europa, nog 'n feodale staat gebly het. Die Roomse Kerk het hierdie situasie uitgebuit deurdat dit die nasionalistiesgesinde Protestante van Hongarye voortdurend onder verdenking geplaas het by die Habsburgers. Die Protestantse kerke het al die skuld gekry vir die verval in morele standarde en hulle predikante, waarvan baie in die buiteland gaan studeer het, vir die invoer van allerhande vreemde gedagterigtings. 'One Roman Catholic bishop at a Synod in 1822 even blamed Protestantism for "that terrible philosophy, born in France, which is poisoning the whole of Europe" ' (Révész 1956:108). Die gevolg hiervan was dat die Habsburgers die Protestante begin sien het as opstandelinge teen die staat en 'n heksejag op tou gesit het teen alle sogenaamde rewolusionêre predikante.

1.7.1 Die opkoms van 'n volkskerk

Aan die begin van die negentiende eeu het die nasionalistiese strewes oral in Europa skielik begin toeneem. Dit was ook die geval in die Habsburgse ryk, veral in Hongarye. Dit was dan ook die Hongaarse Hervormde Kerk, wie se lidmate uitsluitlik rasegte Hongare was, wat die grootste voorstaander van hierdie nuwe strewes geword het. Die Rooms-katolieke Kerk was daarenteen nie so suiwer nie. Baie Kroatse, Sloweniërs, Slowake, Duitsers en ander rasse het ook onder sy lidmate getel. Om die opkoms van die Hongaarse nasionalisme te stuit, het die Roomse Kerk propaganda begin maak vir die ideaal van een nasie met een geloof, een grondwet en een amptelike taal. Omdat die Rooms-katolieke geloof in die Habsburgse ryk die oorheersende was, is dit toe tot die nasionale geloof van Hongarye verklaar en is die Protestantse geloof bestempel as 'n struikelblok in die strewes na eenheid. Hierop het allerhande beperkings op die Protestante gevolg. In 1830 het die Roomse Kerk alle kinders uit huwelike tussen Katolieke en Protestante vir homself opgeëis, waar 'n vorige ooreenkoms bepaal het dat al die kinders Katoliek sou wees indien die pa 'n Katoliek was maar die seuns as Protestante gedoop kon word indien die pa 'n Protestant was. Die Roomse Kerk het ook bepaal

dat Protestantse egpare wat na die Roomse Kerk oorgekom het, weer deur 'n priester in die huwelik bevestig moes word. Daarbenewens is Hervormde teologie-studente toestemming geweier om in Nederland, Switserland en Duitsland te gaan studeer. In 1819 is alle buitelandse reise selfs verbied (sien Révész 1956:110).

Gedurende die derde dekade van die negentiende eeu het die vurige Hongaarse nasionalisme gelei tot 'n toenemende ontevredenheid oor die voorskriftelikheid van die Habsburgers en die Roomse Kerk met betrekking tot interne sake. Die Hongaarse Hervormde Kerk het begin om heftig teen alle vorms van diskriminasie en beperkings beswaar te maak en op sy regte as volkskerk begin aandring. Dit het, met die morele ondersteuning van liberale Roomskatolieke wat in die eise van hulle eie kerk die miskenning van die vryheid van die individu gesien het, daartoe aanleiding gegee dat 'n aantal toegewings in 1844 gemaak is, onder andere dat gemengde huwelike wat deur Protestantse predikante bevestig is, erken is (sien Révész 1956:112). Dit was egter eers tydens die Nasionale Vergadering van 1847/8 dat godsdienstgelykheid tot sy volle reg sou kom. 'Artikel 20 des Jahres 1848 legte den Schlußstein zur *Gleich-berechtigung*, indem er die völlige Gleichheit und *Reziprozität* der rezipierten Konfessionen aussprach. Alle kirchlichen Ausgaben sollten in Zukunft aus der Staatskasse bestritten werden. Die Reformgesetze wurden vom König im April 1848 sanktioniert!' (Bucsay 1979:65). Die uitbreek van die Vryheidsoorlog teen die Habsburgers op 15 Maart 1848 het egter voorkom dat die Protestante hulle nuutverworwe vryheid ten volle kon benut. Dit het die godsdienstvraagstuk effens op die agtergrond gedwing aangesien die onafhanklikheid van die Hongaarse staat nou die oorheersende ideaal was. Istvan Deak gee 'n volledige weergawe van hierdie gebeure in sy *The Lawful Revolution: Louis Kossuth and the Hungarians, 1814-1849*.

Die leier van die vryheidstryd was Lajos Kossuth, Luthers van geboorte en afkomstig uit die anti-Habsburgse noord-ooste van Hongarye. Kossuth, 'n uitstekende spreker en briljante skrywer met 'n besondere oorredingsvermoë, was 'n groot voorstander van die herstel van Hongarye se historiese regte. Hy was egter daarvan oortuig dat die verwerping van vryheid en onafhanklikheid eers voorafgegaan moes word deur innerlike hervormings, onder andere die opheffing

van die boerestand. Behalwe dat dit 'n goeie doel opsigself sou wees, sou dit die magte wat sy nasionale ideaal kon dien, twintigvoudig vergroot. Kossuth het daarin geslaag om radikale maatskaplike hervormings 'n nasionale doelwit te maak en daardeur duisende vir sy saak gewen. Daar dien egter gemeld te word dat hy aanvanklik nie teen Hongarye se Oostenrykse bande as sulks gekant was nie, maar eerder teen die beperkings (sien Macartney 1978:60).

Kossuth's chance came to him in an odd way. The favour of a patroness had enabled him to attend the Diet as proxy for an absentee magnate. This position did not give him a vote in the Diet's proceedings, but a friend commissioned him to produce a record of them. He used this to produce what was less a record, than a series of brilliant propagandist pleas for the cause of reform. Copied out by hand...the 'reports' circulated throughout Hungary, and were read avidly. Soon Kossuth's disciples numbered their thousands, and his was the most popular name in the country.

(Macartney 1978:60)

Talle interne struwelinge in die Habsburgse ryk het egter aan Kossuth, wat intussen lid van die Ryksdag geword het, die geleentheid gebied om op 14 April 1849 in 'n vergadering van die Hongaarse Ryksdag in die Groot Kerk van Debrecen voor te stel dat Hongarye eensydig sy onafhanklikheid van Oostenryk verklaar. Die Ryksdag het sy voorstel aanvaar en hom as waarnemende staatshoof aangewys totdat daar op 'n toekomstige vorm van regering ooreengekom kon word. Hierdie besluit het egter op 'n verskerpte aanslag van die Habsburgers uitgeloop en laasgenoemde het die Hongaarse magte met die hulp van Rusland na 'n stryd van etlike maande verslaan. Kossuth en vierduisend van sy volgelinge het toe na Turkye gevlug. In die vergeldingstappe wat op die oorlog gevolg het, is 13 Hongaarse generaals op 6 Oktober van dieselfde jaar in die openbaar tereg-

gestel en nog 231 offisiere die doodstraf opgelê (sien Macartney 1978:123-124). Kossuth het later onder andere na Amerika en London uitgewyk om steun vir die Hongaarse saak te werf, maar behalwe vir groot simpatie, het hy nie enige noemenswaardige ondersteuning of konkrete hulp ontvang nie. Hy is uiteindelik op 20 Maart 1894 in ballingskap in Turyn oorlede (sien Hoensch 1996:60).

Die Protestantse kerke het hulle heelhartig met die vryheidstrewes van die volk vereenselwig. 'Unter den Staatsmännern, Heerführern und Dichtern des Freiheitskampfes ragten die Söhne der evangelischen und der reformierten Kirche hervor, wie Lajos [Ludwig] Kossuth, Sándor [Alexander] Petöfi, Mór [Maurus] Jókai u.a. Die Protestantischen Kirchen gingen in den Entscheidungen für die nationale Freiheit voran' (Bucsay 1979:65). Beide Mihály Polgár, die Hervormde biskop van die kerkdistrik van Donau én Mátthias Haubner, die Lutherse biskop van Győr, het die ampsdraers van hulle onderskeie kerklike distrikte opgeroep om aan die Vryheidsoorlog deel te neem. Toe die Ryksdag Hongarye se onafhanklikheid van die Habsburgers verklaar het, het dit die Protestante met groot vreugde vervul. Duisende Protestante het Kossuth buite die kerkgebou begeesterd toegejuig en talle kerklike distrikte en gemeentes het boodskappe van gelukwense aan die regering gestuur. Die Hervormde biskop van die kerkdistrik van Transtisza, Stefan Szoboszlai Pap, het die gevoel van die Hongare soos volg in 'n omsendbrief weergegee: '...daß die Unabhängigkeitserklärung für die ungarische Nation eine Frucht der Leiden, der Kämpfe von drei Jahrhunderten, für die dethronisierte Dynastie aber die verdiente bittere Frucht so vieler unentwegter Wortbrüche, Intrigen und Verrätereien sei' (Bucsay 1979:67). In dieselfde skrywe roep hy gemeentes ook op om dankdienste te hou. Die tragiese was dat hy skaars vyf maande later verplig is om opdrag te gee dat huldigingsdienste ter ere van keiser Frans Josef I gehou moes word.

Die Protestantse kerke se geleidelike vereenselwiging met die strewes van die Hongaarse volk het inderdaad daartoe gelei dat die Hongaarse Hervormde Kerk, as die grootste Protestantse denominasie in Hongarye, met verloop van tyd *kerk vir die volk* én *kerk van die volk* geword het. Geen kerk in Hongarye was ooit so intiem verbonde aan die belange van die Hongaarse volk as die Hongaarse

Hervormde Kerk nie. In die inleiding tot die artikels van sy Kerkorde wat oor die Hongaarse Hervormde Kerk se missionêre verantwoordelikheid handel, praat die Kerk dan ook uitdruklik van homself as 'n volkskerk: 'Die Hongaarse Hervormde Kerk is tegelykertyd 'n volkskerk én 'n belydende kerk. Lidmate word van geslag tot geslag in die volkskerk gebore en opgeneem deur die doop en die aanneming, en in die belydende kerk ingelyf deur die bekering en die wedergeboorte' (HHK 1994:464, soos vertaal deur Papp, K).

Hierdie beskrywing van homself sluit nou aan by dit wat Van Zyl oor die volkskerk sê: 'Die grondslag van die kerk is vir die volkskerk die genadeverbond waardeur God uit vrye genade op grond van die kruisoffer van Christus Hom aan die mens verbind en die mens aan Hom' (Van Zyl 1989:97). Botha stem volmondig hiermee saam wanneer hy stel: 'Dit is duidelik dat die genadeverbond onontbeerlik is in die gedagte van die volkskerk...Sonder die kinderdoop is die volkskerk-gedagte nie moontlik nie' (Botha 1973:42). Wanneer Van Ruler die volkskerk definieer as '...een kerk, welke in al haar doen en laten, in al haar spreken en handelen bezig is met de publieke zaak van het volksleven en het licht van de waarheid uit het Woord Gods laat uitstralen, opdat de overheid in haar regeering van het volksleven in dit licht zou wandelen' (Van Ruler 1947:226), voldoen die Hongaarse Hervormde Kerk beslis aan hierdie definisie.

Daar dien gemeld te word dat die Hongaarse volkslied tans nog in die meeste gemeentes aan die einde van elke erediens, direk ná die uitspraak van die seën, gesing word en dat die landsvlag in talle kerkgeboue óf teen 'n muur gedrapeer is óf aan 'n vlagpaal hang. Die hegte band wat daar steeds tussen kerk en volk bestaan, word hierdeur bevestig. Die Hongaarse Hervormde Kerk het dus nie net volkskerk geword nie, maar dit ook gebly.

1.7.2 Die voortgesette stryd om godsdiensvryheid

Die Hongare se neerlaag in die Vryheidsoorlog het die volk nie net in sy eer gekrenk nie, maar ook verreikende gevolge vir die Protestantse kerke, wat as die aanstigters van die vryheidstryd beskou is, ingehou:

All ministers and teachers who had actively sided with the Revolution were charged with sedition. Some were shot while many others were imprisoned. The result was that in many parishes there were no leaders left. Then on September 18, 1849, an order was issued forbidding all church courts to sit; then not long after another order came out forbidding Reformed ministers to wear the traditional Hungarian moustache, beard and cap. Next, there was an order that all church records made during the Revolution were to be destroyed. Next year, again, another order wiped out all lay offices in the Church, and decreed that church courts might henceforth meet only on receipt of a permit and with a government representative present at its sittings.

(Révész 1956:121)

Die kerke is ook hulle reg ontnem om hulle eie onderwysers aan te stel en die voertaal van kerkskole te bepaal. Dit was ook bykans onmoontlik om enige vertoë tot die owerheid te rig. Die biskoppe van die vier kerkdistrikte van die Hongaarse Hervormde Kerk kon nie eers bymekaar kom om oor 'n plan van aksie te besin nie aangesien so 'n byeenkoms as 'n onwettige vergadering geag sou word. As gevolg van al hierdie beperkings het die Protestantisme met verloop van tyd byna al die veld wat dit in die vorige eeu gewen het, weer verloor. Tog het dit die kerke nie daarvan weerhou om die stryd om godsdienstvryheid voort te sit nie. Terselfdertyd het hulle ook voorspraak bly maak vir die vryheid van die Hongaarse volk (sien HHK 1997:21).

Die Hongaarse Hervormde Kerk se vasberadenheid in sy stryd was daarvoor verantwoordelik dat dit geleidelik weer begin groei het in die tweede helfte van die agtiende en eerste helfte van die negentiende eeu. Teen 1858 het die vier kerkdistrikte van die kerk gesamentlik meer as 1 miljoen lidmate, 1427 gemeentes, 1433 voltydse predikante, 207 hulppredikers en 2074 onderwysers

gehad. Hierbenewens was daar ook meer as 300 000 lidmate in Transsilvanië wat deur 556 predikante bedien is (sien Révész 1956:137-138).

Aartshertog Albrecht, die goewerneur van Hongarye, het in 1854 sekere regte van die kerke herstel, onder andere dat gemeentelike vergaderings weer gehou kon word sonder dat 'n verteenwoordiger van die staat teenwoordig moes wees. Maar toe Emeric Révész, Hervormde predikant van Debrecen in 1856/7 twee boeke oor die Kerkwet van die Hongaarse Hervormde Kerk gepubliseer het waarin hy lidmate van die kerk weereens op hulle regte attent gemaak het, het die stryd weer nuwe momentum gekry. Die gevolg hiervan was dat die Habsburgse owerheid in 1859 al die voorregte wat in 1854 herstel is, weer opgeskort het. Op 1 September daardie jaar is die sogenaamde *Patent* gepromulgeer waarin die owerheid alle kerklike gesagstrukture opgehef en 'n eensydige grondwet op die kerk afgedwing het.

The promulgation of the Patent, in a word, wiped out all that the Church had gained in a 300-year long struggle. What it did was to put the Church under the strict supervision of government officials. No church meetings could be held in public, ...[M]inisters and teachers could be appointed only if the State official in question agreed. Similarly, the King had to approve the appointment of a bishop. Church schools were put under the strict and complete control of the government. Only those textbooks could be used which were the government's choice. The Patent even cut up the four Church Districts into six new ones, thus tampering with loyalties that had grown up over the space of three centuries.

(Révész 1956:124)

Tydens 'n vergadering van die kerkdistrik van Transtisza te Debrecen op 27 September 1859 verklaar die kerk dat die *Patent* as van nul en gener waarde

geag moet word aangesien die staat geen jurisdiksie oor die wette van die kerk het nie. Die prominente politikus en 'n latere Eerste Minister, Kálmán Tisza, het die verklaring van Debrecen aan die kerkleiers van Budapest voorgelê en hulle het, tenspyte van 'n regeringsverbod op sulke byeenkomste, 'n vergadering van die kerkdistrik van Transdonau byeengeroep waarin die *Patent* ook verwerp is. Ander kerkdistrikte het hulle voorbeeld kort daarna nagevolg. Op grond hiervan het die regering 'n bevel uitgevaardig wat die hou van alle kerklike distriksvergaderings belet het. Regeringsverteenwoordigers het opdrag ontvang om sulke vergaderings te verbied en indien nodig moes die hulp van die weermag ingeroep word om die vergaderings uiteen te jaag. Emeric Révész het hierdie bevel egter opgevolg met die *Sárospatak Opdragte* waarin onder andere opdrag gegee is dat alle kerklike distriksvergaderings wel gehou moet word maar uiteen moet gaan indien die weermag op die toneel verskyn. Alle kerklike ampsdraers is ook opgeroep om normaalweg met hulle ampswerk voort te gaan. Toe die regering verneem dat die biskoppe weier om aan die *Patent* gehoor te gee, is 'n poging aangewend om direk met gemeentes te onderhandel, maar sonder enige sukses (sien Révész 1956: 124-125).

'n Vergadering van die kerkdistrik van Transtisza is weer vir 11 Januarie 1860 te Debrecen byeengeroep, op dieselfde dag waarop die jaarlikse nasionale tentoonstelling van Debrecen sou begin en daar gevolglik duisende mense in die stad sou wees. Alhoewel die regering die vergadering verbied het, het 'n enorme skare en meer as 500 ampsdraers van naburige gemeentes vir die vergadering opgedaag. 'n Groot hoeveelheid gewapende soldate was ook teenwoordig. Direk na die openingsgebed het die verteenwoordiger van die Oostenrykse regering opgestaan en die vergadering versoek om uiteen te gaan. Op 'n vraag van die voorsitter of die teenwoordiges uiteen wil gaan of nie, het die skare luidkeels geantwoord dat hulle die vergadering wil bywoon en nie uiteen sal gaan nie. Hulle vasberadenheid en die dreigende houding wat hulle ingeneem het, het die regeringsverteenwoordiger en sy soldate geen ander keuse gelaat as om maar te vertrek nie. Kort ná hulle vertrek het die vergadering 'n resoluëie aanvaar waarin verklaar is dat Christene die Koning van konings eerder sal gehoorsaam as die

koning van Wene en besluit om 'n protesnota en petisie aan die keiser te stuur. Hierdie resoluksie het soos 'n veldbrand versprei: 'Soon everyone in Hungary was repeating the sentence with which Peter Balogh, the deputy-bishop who was in the chair, was reputed to have made in reply to the Imperial representative. The Imperial representative: "In the name of the Emperor I do now prohibit this meeting." Peter Balogh: "In the name of God I do now constitute this meeting" ' (Révész 1956:129-130).

'n Afvaardiging van die kerk het die petisie van Debrecen 11 dae later na Wene geneem maar kon nie daarin slaag om dit persoonlik aan die keiser te oorhandig nie. Hy het geweier om hulle te woord te staan en hulle reis na Wene was gevolglik vrugteloos. Trouens, kort ná hulle terugkeer het die keiser 'n bevel uitgevaardig waarin hy beveel het dat daar aan al die voorskrifte van die *Patent* gehoor gegee moes word. Plaaslike owerhede het die predikante onder hulle jurisdiksie terselfdertyd opdrag gegee om die *Patent* op die eerste Sondag nadat die bevel uitgevaardig is vanaf elke kansel af te lees. Biskop Emeric Révész het egter daarin geslaag om betyds 'n boodskap aan alle gemeentes te laat besorg waarin opdrag gegee is dat die *Patent* onder geen omstandighede afgelees moet word nie. Gemeentes het ook opdrag ontvang om nie die voorskrifte van die *Patent* te implementeer nie. Predikante wat hierdie opdragte sou negeer, sou uit die amp onthef word. Slegs een predikant het nie die boodskap van Révész ontvang nie. Die res, ongeveer 1500 in totaal, het geweier om die *Patent* af te lees. Révész het die geweldadige reaksie van die regering op hierdie optrede, wat onder andere die arrestasie van talle predikante ingesluit het, onder die aandag van die buiteland laat bring en groot simpatie met die Hongare het uit alle oorde begin instroom. Die gevolg hiervan was egter 'n verskerpte aanslag van die owerheid teen veral predikante en selfs die biskoppe. Kerklike vergaderings is in baie gevalle deur die polisie opgebreek, alhoewel sommiges ten spyte van die teenwoordigheid van regeringsvertegenwoordigers tog plaasgevind het (sien Révész 1956:131-132).

Teen hierdie tyd het die ganse Hongaarse volk homself agter die Hongaarse Hervormde Kerk begin skaar, ongeag hulle godsdienstige oortuigings en kerkverband. Sodoende het die weerstand van die kerk geleidelik oorgegaan in

'n nasionale weerstand teen Oostenryk. Die Habsburgers was egter nie bereid om die weerstand met wapengeweld te onderdruk nie aangesien dit in 'n tweede rewolusie sou kon ontaard. Om verdere spanning en 'n moontlike opstand te vermy, het die keiser goewerneur Albrecht met die Hongaarsgebore Louis Benedek vervang. Hy het dadelik 'n konferensie belê waartydens hy die leiers van die Protestantse kerke oor hulle standpunte geraadpleeg het. Hulle kommentaar is aan die keiser deurgegee en het tot gevolg gehad dat die keiser op 15 Mei 1860 'n dokument aan Benedek oorhandig het wat in wese niks anders was as 'n opheffing van die *Patent* nie. Hierdie dokument het onder andere bepaal dat alle predikante wat as gevolg van hulle weerstand in die gevangenis beland het, vrygelaat moes word. Hiermee het die kerk die vryheid wat hy voor die uitreiking van die *Patent* geniet het, grotendeels teruggekry. Die kerk se jarelange volgehoue weerstand teen die onderdrukking was dus nie alleen geregverdig nie, maar ook effektief.

Beide die Hervormde én Lutherse kerke het sedert 1848 angstig gewag op die nakoming van die Habsburgers se beloftes van volkome godsdiensvryheid en -gelykheid, maar iets hiervan sou eers in 1867 realiseer nadat 'n ooreenkoms, bekend as die *Ausgleich*, tussen Hongarye en die Habsburgers gesluit is. Die agtergrond van hierdie ooreenkoms was die verswakking van die Habsburgse ryk nadat dit in 1859 groot nederlae teen Frankryk gely het tydens die veldslae van Magenta en Solferino, en in 1866 teen Pruise tydens die veldslag van Sadowa. Die Habsburgers het hulle mag en prestige begin verloor en keiser Frans Josef het besef dat hy dit slegs met die hulp van Hongarye sou kon herwin. Sy onderhandelings met Hongarye het uitgeloop op 'n ooreenkoms waarkragtens die Hongaarse grondwet herstel is en 'n ministersraad ingestel is wat verantwoording aan die Hongaarse parlement moes doen.

The Compromise was a unique constitutional creation. The two independent states were not fully sovereign, as would be the case in a confederation nor was there a state above them, as would be the case in a federation. But they did share a common ruler and were joined

together by more than a personal union. Each half of the Monarchy was completely independent of the other, except for the army, a common ministry of foreign affairs, and the financing of these two activities. Each half had its own prime minister, responsible to Franz Joseph, as King of Hungary and Emperor of Austria.

(Mason 1988:6)

Op 8 Junie 1867 is Frans Josef, Keiser van Oostenryk, tydens 'n skouspelagtige geleentheid in Budapest as *Ferenc József*, Koning van Hongarye, gekroon. Dit was uiteraard nie maklik vir Oostenryk om Hongarye as gelyke vennoot te aanvaar nie, maar dit het daartoe aanleiding gegee dat die mag van die Habsburgers aansienlik versterk is in Europa.

Die *Ausgleich* van 1867 het saamgeval met die industriële rewolusie in Europa en is gevolg deur ongekende ekonomiese groei. Talle industrieë is rondom Budapest gevestig, die stad het 'n moderne infrastruktuur gekry en die inwonertal van die Hongaarse hoofstad het tot meer as een miljoen gegroei. Die landboubedryf is aansienlik uitgebou en gemoderniseer en dit het van Hongarye een van die grootste uitvoerlande in Sentraal-Europa gemaak. Die kerke het, behalwe vir die feit dat hulle baie van hulle voormalige vryhede teruggekry het, ook by hierdie ontwikkelings gebaat.

'The constitutional liberty of Hungary was restored by the Ausgleich (Compromise) of 1867, and the Reformed Church gradually regained her internal freedom. The religio-political basis of the age of dualism was Act LIII of 1868, which regulated the reciprocity of the established churches, and decreed that anybody who had completed his or her 18th year was free to move from one denomination to another.

(HHK 1997:21)

Verskeie artikels wat teen die Protestante gediskrimineer het, is egter kort daarna eensydig deur die Habsburgers tot die *Ausgleich* toegevoeg. Uiters onbillike vereistes is byvoorbeeld gestel ten opsigte van die toerusting van skole, met die gevolg dat die Protestantse kerke, wat deur die vryheidstryd erg verarm was, nie oor genoeg middele beskik het om daaraan te kon voldoen nie. Dit het tot gevolg gehad dat die Hongaarse Hervormde Kerk baie van sy skole, veral op die platteland, moes sluit en huiwerig was om met die oprigting van nuwe skole te begin. Roomse priesters het ook op allerhande slinkse maniere toegesien dat egpare waarvan een van die partye Rooms was, beide ná die huwelik Rooms sou wees. Hulle het ook daarop aangedring dat kinders uit sulke huwelike in die Roomse Kerk gedoop moes word. Hierdie wanpraktyke is eers in 1894 reggestel met 'n wet wat sulke optredes deur die priesters belet het, alhoewel min hulle daaraan gesteur het (sien Révész 1956:136-137).

Die *Ausgleich* van 1867 het in wese die territoriale integriteit van die historiese koninkryk van Hongarye herstel. Die bevolking van die nuwe ryk het uit ongeveer vyftien miljoen mense bestaan waarvan slegs ongeveer 40% rasegte Hongare was. 9,8% van die bevolking was Duitsers, 9,4% Slowake, 14% Roemene, 14% Suid-Slawe en 2,3% Rutheners. Een van die eerste take van die onafhanklike Hongaarse regering ná 1867 was om 'n oplossing te vind vir die toekomstige konstitusionele posisie van hierdie nie-Hongaarse inwoners. Dit was trouens een van die sake waarop daar tydens onderhandelinge wat die *Ausgleich* voorafgegaan het, ooreengekom is.

But after initial contacts were established with the spokesmen of the non-Magyar nationalities and during the so-called 'mini-Compromise' negotiations with the Croats, the Hungarian view that 'in accordance with the fundamental principles of the constitution, all Hungarian citizens [constitute] a nation in the political sense, the one and indivisible Hungarian nation, in which every citizen of the fatherland is a member who enjoys equal rights,

regardless of the national group to which he belongs' (Law XLIV of 1868) proved to be an insuperable obstacle to any agreement which would do justice to the needs and expectations of both parties. Right up to the Habsburg monarchy's dissolution the uncompromisingly defended fiction of a Magyar nation state on the western European model led to a denial of the political existence of the non-Magyar nationalities.

(Hoensch 1996:28)

Die Hongare het dus gedroom van 'n onverdeelde Hongaarse *nasiestaat* binne die grense van die historiese koninkryk, wat uiteindelik die dominante mag in die Habsburgse ryk sou word. Die vanselfsprekende voorwaarde was dat dit 'n *Hongaarse* staat sou wees tenspyte van die feit dat die Hongare in die minderheid was. Die oormatige beklemtoning van hierdie nasionalistiese strewe het egter daartoe gelei dat die regte en behoeftes van die nie-Hongare op die agtergrond gedwing en soms selfs heeltemal geïgnoreer is.

The Hungarian ruling élite thus ignored the national, political individuality of the country's non-Magyar peoples and believed that neither collective rights for the nationalities nor the slightest degree of compromise on the question of administrative independence were compatible with the 'idea of a Hungarian nation state'. They believed that recognition of individual equality for non-Magyar citizens, modest concessions regarding the use of their native languages and the guarantee of autonomy for the minority churches had already reached the limit of what the Hungarian nation state could reasonably concede.

(Hoensch 1996:30)

Die verskerpte aandrang van die Hongaarse aristokrasie op Hongaarse oorheersing van alle vlakke van die gemeenskapslewe en die inperking van die nie-Hongare se politieke en kulturele regte, het uiteindelik tot groot weerstand onder die nie-Hongare gelei. Dit het op sy beurt weer daartoe aanleiding gegee dat die regering met 'n aktiewe verhongaarsingsprogram begin het. Hongaars is byvoorbeeld in alle skole as verpligte voertaal ingestel 'since the view prevailed that complete linguistic assimilation would also lead to total political integration, i.e. allegiance to the Hungarian nation' (Hoensch 1996:30). Hierdie beleid het tot gevolg gehad dat duisende nie-hongare, veral Jode, uiteindelik met die Hongare geassimileer het. Die indrukwekkende feesvieringe in 1896, waartydens die duisendjarige bestaan van Hongarye herdenk is, het hierdie proses ook bevorder. Aan die anderkant het die regering se onderdrukkende maatreëls teen die minderheidsgroepe egter ook daartoe gelei dat meer as twee miljoen burgers, waarvan die meeste nie-Hongare was, die land tussen 1880 en 1913 verlaat het (sien Hoensch 1996:31).

Tenspyte van die opheffing van talle beperkende maatreëls teen die Protestantse kerke tydens die *Ausgleich* van 1867, het daar gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu 'n enorme insinking in die lewe van die Hongaarse Hervormde Kerk gekom. 'n Mens sou verwag dat die kerk sy nuutgevonde vryhede ten volle sou benut, maar as gevolg van die relatiewe suksesse van hulle weerstand teen die Habsburgers en Roomse Kerk en die gevolglike selfgenoegsaamheid van veral die predikante, het min hiervan tereggekome. Dit was veral die intellektuele middelklas wat apaties teenoor die kerk begin staan het. 'n Golf van rasionalisme het terselfdertyd oor die kerk begin spoel en lidmate het geleidelik hulle waardering vir die prediking en respek vir die predikante begin verloor en erediensbywoning begin afskeep, in so 'n mate dat daar in sommige gemeentes selfs by geleentheid niemand vir 'n erediens opgedaag nie. Die tragiese was dat die kerk aanvanklik min aan hierdie toedrag van sake gedoen het. In baie gemeentes het kerkrade nie eers meer vergader om die probleme te bespreek nie en het administratiewe aangeleenthede byna geen aandag geniet nie. Dit het tot gevolg gehad dat gemeentes, kerkskole en predikante finansiëel verarm en in die

moeilikheid beland het en die kerk verplig was om honderde laerskole aan die staat oor te dra. Van die 587 skole in 1867 in Transsilvanië het daar byvoorbeeld slegs 278 in 1897 oorgebly. Die materiële agteruitgang het noodwendig gelei tot geestelike neerslagtigheid en pessimisme. Dit het begin voorkom asof die eeue se stryd sy tol begin eis het. Die kerk was materieel en geestelik uitgeput. 'n Bydraende faktor tot die agteruitgang van die kerk in die laaste jare van die negentiende en eerste jare van die twintigste eeu was die emigrasie van duisende lidmate na die buiteland, veral Amerika. 'This was due to the backward feudal system and the oppressive poverty' (Tóth 1995:48).

1.7.3 Die oorgangstyd na die twintigste eeu

Die besef dat die kerk besig was om te kwyn, het die Hongaarse Hervormde Kerk genoop om op te tree. 'n Nasionale Sinodesitting is gevolglik in 1881 deur die vier kerkdistrikte en die kerk van Transsilvanië in Debrecen belê om die probleme van die dag aan te spreek. Tydens hierdie sitting is daar indringend gehandel oor die roeping en taak van die kerk en omvangryke besluite is geneem oor 'n wye verskeidenheid van sake. Die Kerkorde is in sy geheel hersien en aansienlik uitgebrei. Talle nuwe voorskrifte is daarin opgeneem, veral met betrekking tot die werk van die vergaderings van die ampte met die oog op 'n meer effektiewe struktuur vir die administrasie en regering van die kerk. Daar is ook breedvoerig aandag gegee aan die kerk se verantwoordelikheid ten opsigte van die sending en onderwys. 'n Sentrale hulpfonds is geskep vir die ondersteuning van bestaande en vestiging van nuwe gemeentes en skole, hulp aan lidmate in verafgeleë gebiede en die aanvulling van predikante se traktements- en pensioenvoordele. Elke gesinshoof moes jaarliks by wyse van 'n heffing tot hierdie fonds bydra (sien Révész 1956:141-144).

Alhoewel daar reeds in 1848 besluit is dat alle erkende kerke ten volle deur die staat gesubsidieer sou word, is hierdie besluit nooit in die praktyk uitgevoer nie. Na 1848 is daar slegs op 'n *ad hoc*-basis aan kerke finansiële hulp verleen. Die Hongaarse parlement het egter in 1898 'n wet op die wetboek laat plaas waarvolgens die staat elke jaar 'n bedrag sou begroot om die traktemente en

pensioene van predikante aan te vul en waarkragtens alle lidmate kerkbelasting moes betaal. Hierdie vorm van belasting het tot in 1947 bestaan (sien Révész 1956:145).

Die aksentsverskuiwing in die Hongaarse Hervormde Kerk se bedieningstrategie en die modernisering van sy Kerkorde was opsigself 'n baie positiewe gebeurtenis, maar nie naastenby genoeg om 'n herlewing onder lidmate van dié Kerk teweeg te bring nie. Die evangelisering en toerusting van die gewone lidmaat was ook nodig sodat die dienswerk van die gelowige weer sy regmatige plek in die kerk kon inneem. Om dit te bewerkstellig is daar met 'n interne evangelisasie-aksie onder lidmate en meer doelgerigte kategese onder die kinders van die kerk begin. '...church life received a new stimulus...[T]he props of this new style of Church work were Bible classes, the pastoral care of individuals, and the institutional aid given to society's rejected' (HHK 1997:21). Daar is teruggekeer na die grondbeginsels van die reformatoriese teologie, die Heidelbergse Kategismus is met nuwe belangstelling en ywer uitgelê en groot klem is geplaas op die belangrike plek van Bybelstudie en gebed in die lewe van die gelowige. Erediensbywoning het aansienlik verbeter as gevolg van die meer begeesterde prediking van die predikante, die opskerping van die kerklike dissipline en meer gereelde huisbesoek deur die predikante.

Onder die aansporing en leiding van Skotse en Duitse sendingwerkers het die evangelisasiewerk en studentebearbeiding van die kerk groot vooruitgang getoon gedurende die laaste dekades van die negentiende eeu. Dit het bygedra tot die totstandkoming van verskeie evangelisasiegerigte verenigings soos die Interne Sendingvereniging van Hongarye en Hervormde Jeugvereniging van Budapest in 1892 en die Christen Studentebeweging in 1904. 'Thus it came about that over the space of some 30 years the Home Missionary work of the Church completely transformed the Church's life, so that it would be true to say that by the end of the first decade of the present century the Reformed Church of Hungary had taken her rightful place amongst the living Churches of Christendom' (Révész 1956:149). Die kerk het gedurende die laaste drie dekades van die negentiende eeu en die eerste dekade van die twintigste eeu ook aansienlik toegeneem in lidmaattal:

According to the statistical data of 1910, the number of Reformed Hungarians was 2,620,000 (an increase of more than half a million since 1870). The numbers in each of the five Church Districts were as follows: 484,000 in the Danubian; 266,000 in the Transdanubian; 462,000 in the Transylvanian; 281,000 in the Cistibiscan; and 1,130,000 in the Transtibiscan Church District. Every Church District had a Theological Academy or Faculty. The more than two and a half million members were cared for by 2062 ministers, 454 professors and teachers, as well as 2965 primary schoolmasters.'

(HHK 1997:23-24)

1.8 Die twintigste eeu

Verskeie gebeure tydens die eerste twee dekades van die twintigste eeu het die geskiedenis van Hongarye en die Hongaarse Hervormde Kerk bepalend beïnvloed. Die tragiese afloop van die Eerste Wêreldoorlog, die Kommunistiese Rewolusie, twee jaar van kommunistiese regering gevolg deur 'n teenrewolusie en die vorming van 'n anti-kommunistiese regering, het die lewe van die Hongaarse volk in al sy fasette radikaal verander.

1.8.1 Die Eerste Wêreldoorlog

Keiser Frans Josef se seun en opvolger, Frans Ferdinand, wat ook kroonprins van die Hongaarse koninkryk was, was in die somer van 1914 vir militêre oefeninge in Bosnië-Hercegovina, wat ses jaar vantevore deur die monargie geannekseer is. Hy en sy vrou Sophia, wat hom op die ekspedisie vergesel het, is tydens 'n besoek aan Sarajevo op 28 Junie deur 'n Serwiese student, Gavrilo Princip, vermoor. Hierdie moord was die direkte oorsaak van die Eerste Wêreldoorlog. Oostenryk-Hongarye het presies 'n maand later oorlog teen Serwië verklaar en Rusland het twee dae daarna begin om sy magte te mobiliseer. Duitsland, wat die monargie wou bystaan, het toe onmiddellik oorlog teen Rusland verklaar en twee dae later

ook teen Frankryk. Op 4 Augustus het Engeland ook tot die stryd toegetree en teen Duitsland oorlog verklaar. Binne die bestek van 'n week was die grootste deel van Europa in oorloë gedompel. Die toetrede van talle ander lande het veroorsaak dat hierdie oorloë uiteindelik in 'n wêreldoorlog ontaard het wat meer as tien miljoen lewens geëis het. Bulgarye en Turkye het hulle aan die kant van die sentrale moondhede, Oostenryk-Hongarye en Duitsland, geskaar. Italië, België, Roemenië, Japan en later Amerika, het by die geallieerdes, Rusland, Frankryk en Engeland aangesluit (sien Williamson 1991: 164-216).

Die oorlog het in Augustus 1914 feitlik gelyktydig op alle fronte losgebars. Oostenryk-Hongarye het Serwië binnegeval en Duitsland het Frankryk aangeval nadat hulle eers met België afgereken het. Teen Frankryk was hulle egter minder voorspoedig. Die Duitsers se plan was om Frankryk vinnig plat te loop en daarna al hulle magte teen Rusland te mobiliseer, maar die gevegte in Frankryk het stadiger verloop as wat verwag is. Dit het tot gevolg gehad dat Oostenryk-Hongarye alleen gelaat is op die Russiese front nadat hulle reeds 'n tweede front teen Italië geopen het. Ten spyte hiervan het die sentrale magte in 1914 en gedurende die hele 1915 die meeste oorwinnings behaal. In 1916 het beide kante oorwinnings behaal en nederlae gely, en die geallieerdes het daarin geslaag om Roemenië, met beloftes van gebiedsuitbreiding ten koste van Hongarye, om te koop om oorlog teen die sentrale magte te verklaar (sien Pamlényi 1973:405-418).

Op 21 November 1916 sterf keiser Frans Josef nadat hy vir 68 jaar keiser van Oostenryk en koning van Hongarye was. Hy word opgevolg deur sy kleinneef Karel I. Die oorlog het dus al twee jaar lank gewoed toe hy as Karel I keiser van Oostenryk en as Károly IV koning van Hongarye geword het (sien Ignatus 1972:138).

1.8.2 Die Russiese Rewolusie van 1917

Die ganse Europa het intussen onder die gevolge van die uitgerekte oorlog begin ly en die groot lewensverliese, skaarste aan lewensmiddele en min hoop op vrede, het tot toenemende ontevredenheid aanleiding begin gee. Dit was veral die geval in Rusland, wat nie voldoende op oorlog voorbereid was en ook nie goed toegerus

was nie. Herhaalde mislukkings en groot lewensverliese het die land in 'n chaotiese toestand laat beland. Die gebrek aan lewensmiddele het 'n swarthandel laat ontstaan wat die oorlogssituasie ten volle uitgebuit en ongelooflike winste gemaak het. Korrupsie was aan die orde van die dag en tsaar Nikolaas II was nie opgewasse vir die taak om sy moederloze generaals en soldate te inspireer om orde te probeer handhaaf nie. Nikolaas kon selfs nie meer die gesag in sy eie paleis handhaaf nie en het toegelaat dat sy liggelowige vrou, Alice van Hesse, wondergenesers in die paleis toegelaat het, in die besonder die losbandige Rasputin. Laasgenoemde het 'n groot mag op die tsarina uitgeoefen en haar misbruik om sy wil op die tsaar af te dwing. 'n Groep adellikes wat dit nie kon verdra nie, het Rasputin in Desember 1916 vermoor.

Die voorafgenoemde gebeure het die gesag van die tsaar en sy regering totaal ondergrawe en die land in wanorde gedompel. Toe daar byvoorbeeld in Februarie 1917 onluste in die land uitbreek het as gevolg van 'n voedseltekort, het die soldate wat dit moes onderdruk, self in opstand gekom. Dit het uiteindelik ontaard in 'n rewolusie wat tot die tsaar se bedanking en 'n lang burgeroorlog gelei het wat die verdediging van die land teen die oprukkende Duitse leërs totaal onmoontlik gemaak het. Die Bolsjewik-regering was gevolglik genoodsaak om op 3 Maart 1918 te Brest-Litovsk met Duitsland vrede te sluit (sien Ignotus 1972:139). Onder die ontelbare slagoffers van die Russiese rewolusie tel ook tsaar Nikolaas II, sy vrou en 5 kinders, wat almal op 16 Julie 1918 koelbloedig vermoor is.

1.8.3 Die Hongaarse Rewolusie van 1918/9

Die gees van die rewolusie het homself ongelukkig nie in Rusland uitgewoed nie en baie vinnig na die buurstate oorgespoel. Dit het tot gevolg gehad dat daar in Wene en Budapest groot stakings onder die arbeidersklas uitbreek het met eise vir groter vryheid, demokrasie, gelykheid, grondhervorming ensovoorts (sien Halász 1963:112). Die opkoms van die nasionalistiese bewegings van die minderheidsgroepe in die Oostenryks-Hongaarse monargie het nog 'n groter gevaar ingehou. Tsjegge, Slowake, Suidslawe en Roemene het in London en Parys weerstandsgroepe gevorm wat hulle vir afskeiding van die monargie begin beywer

het. Die geallieerde magte het hierdie nasionale strewes benut en nadat Rusland in duie gestort en Duitsland die meeste van sy magte aan die ooste onttrek en in die weste teen Frankryk ontplooi het, het dit hulle die geleentheid gebied om die monargie deur die Balkan aan te val, waar net die Bulgare die sentrale magte gesteun het. Die geallieerdes het gevolglik op 15 September 1918 uit hulle basis in Salonika in Griekeland opgeruk onder aanvoering van Frankryk se generaal Franchet D'Esperey, Bulgarye oorrumpel en teen 1 November tot op die grens van Hongarye gevorder.

Die sukses van die rewolusie in Rusland het intussen in Hongarye bekend geword en die arbeidersklas van Hongarye aangespoor tot optrede. Stakings in myne en fabriekes het spoedig gevolg en daartoe gelei dat 'n aantal regeringsgeboue in die nag van 31 Oktober 1918 in Budapest beset is en dat die regering, wat duidelik nie meer in beheer was nie, bedank het. Károlyi het graaf Mihály Károlyi toe as eerste minister benoem en hom versoek om 'n nuwe regering saam te stel. Op 3 November kom Oostenryk-Hongarye en die geallieerdes te Padua ooreen op 'n wapenstilstand (sien Romsics 1999:91).

Mihály Károlyi was 'n bekende teenstander van die oorlog en 'n kampvegter vir demokratiese hervorming. Hy het hom in die besonder beywer vir grondhervormings en self 'n voorbeeld gestel deur die vrywillige verdeling van sy aansienlike eiendomme. Sy idealistiese doelstellings het egter nooit gerealiseer nie want die wiel van die geskiedenis het daarvoor te vinnig gedraai. Op 12 November bedank keiser Karel I as keiser van Oostenryk en word die Republiek van Oostenryk in Wene uitgeroep. Die volgende dag verklaar Karel I dat hy ook afstand doen van die bestuur van Hongarye, maar nie van die troon nie. Die Hongaarse ryksdag het homself toe onmiddelik ontbind en die regering van die land oorgedra aan 'n Nasionale Vergadering wat dadelik 'n onafhanklike en selfstandige republiek uitgeroep het met Mihály Károlyi as waarnemende president (sien Ignotus 1972:146-147).

Kort daarna het 'n aantal kommunistiese leiers, onder andere die latere berugte Jood, Béla Kun, uit Rusland teruggekeer. Kun, 'n voormalige joernalis, het reeds in 1916 as krygsgevangene in Rusland beland en 'n leiersrol vervul onder

die rewolusionêrgesinde krygsgevangenes. Nadat hy met Lenin kennis gemaak het, het hy voorsitter van die Internasionale Federasie van Kommunistiese Krygsgevangenes geword. Twee dae na sy aankoms in Budapest stig hy die Hongaarse Kommunistiese Party en kort daarna verskyn hulle mondstuk die *Rooi Nuus*, waarin Kun pleit vir 'n proletariaatsdiktatuur en die arbeiders oproep tot die klassestryd (sien Hoensch 1996:88-89). Hierdie stap het egter groot spanning veroorsaak tussen Kun en Károlyi en sy Sosiaal-Demokratiese Party. Die kommuniste was nie tevrede met 'n geleidelike en geordende demokratiese hervormingsprogram nie en hulle fel kritiek teen die regering het met verloop van tyd tot gewapende botsings gelei. Die regering van Károlyi het hierdie optrede op 21 Februarie 1919 beantwoord met die arrestasie van Kun en 'n aantal kommunistiese leiers. Diegene wat die arrestasies vrygespring het, het die *Rooi Nuus* egter op 1 Maart weer laat verskyn en die arbeiders tot protesaksie opgeroep. Stakings en optogte was daarna aan die orde van die dag (sien Hoensch 1996:91).

1.8.4 Die Kommunistiese oorname en Teenrewolusie van 1919

Op 20 Maart 1919 oorhandig die Franse offisier, Vix, 'n diplomatieke nota aan Károlyi waarin 'n neutrale streek tussen die Hongaarse en Roemeense magte beveel en 'n terugtrekking van die Hongaarse troepe geëis word. Die regering verwerp egter die nota. Op 21 Maart besluit die leiers van die Sosiaal-Demokratiese en Kommunistiese partye om saam te smelt, 'n proletariaatsdiktatuur uit te roep en 'n regering onder leiding van Kun saam te stel. Vier dae later word die *Rooi Leër* gestig asook die *Rooi Wag* wat in plek van die ou polisie binne-landse wet en orde moes handhaaf. Die *Rewolusionêre Volksgeregshof* word in die plek van die ou geregshof ingestel en in die dae wat daarop gevolg het word alle opvoedkundige inrigtings, openbare vervoerondernemings, myne en fabriekke met meer as twintig arbeiders, banke, groot en middelslag eiendomme en woonstalle in privaatbesit sonder enige vergoeding genasionaliseer. Selfs gedeeltes van die groter gesinshuise in die stede is deur die staat aan arbeidersgesinne beskikbaar gestel. Hierdie tydperk staan bekend as dié van die *Rooi Terreur* (sien Hoensch 1996:99).

Die Franse was van oordeel dat die tyd ryp geword het om Hongarye geheel-en-al te beset, maar die Engelse het die geallieerdes ooreed om 'n kommissie na Hongarye te stuur om die toestande in Hongarye en die nakoming van die wapenstilstand te ondersoek en reëlings te tref oor die neutrale streek wat in die Vix nota beveel was. Die kommissie van veertien lede onder leiding van generaal JC Smuts het op 3 Maart in Wene aangekom. Smuts se sekretaris, Harold Nicolson, het die daaglikse gebeure van hierdie sending opgeteken (sien Nicolson 1934). 'Everybody looks very pinched and yellow: no fats for four years...the town has an unkempt appearance: paper lying about, the grass plots round the statues are strewn with litter: many windows broken and repaired by boards nailed up. The people in the streets are rejected and ill dressed...' (Millin 1936:200). Op 4 April kom hulle in Budapest aan. '...[E]ven sadder and more unkempt than Vienna. Everything bedraggled. Rain pouring on yellow faces and clothes in rags. Groups of Red Guards going about with hatstands on which they drape "presents"....If they find a shop open they go in and take "presents", which they hang on the hatstand. Boots, sausages, red underclothes, all this in the soaking rain. No other sign of revolution or Bolchevism except a universal sadness and shabbiness' (Millin 1936:201). Die kommissie het die gasvryheid van Béla Kun afgewys en op die stasie in die trein, wat hulle hoofkwartier was, gewoon en onderhandel. Smuts was uiteraard ook baie geïnteresseerd in die vordering van die Bolsjewisme wat hy as die gevaarlikste bedreiging in Europa beskou het.

Smuts se sending na Hongarye het egter niks bereik nie. Hy gee self die redes: 'Bela Kun was a personal friend of Lenin's, and of course, completely subservient to him and Trotsky. He was anxious to come to terms, but he had to refer everything to Moscow, so we didn't come to terms, and the Hungarians and Roumanians went on fighting, and in the end Bela Kun had to fly to Moscow. He was a Jew - not a bad little fellow' (Millin 1936:206). Hierdie laaste opmerking bewys egter dat Slim Jan nie so slim was nie. In Kun se kort regeringstyd van slegs 133 dae het daar baie bloed en tranes in Hongarye gevloei. 'His conduct of the Terror in Budapest preceded even worse actions when, on fleeing to Moscow, he was put in charge of the newly conquered Crimea, and was censured and

withdrawn by Lenin for his excessive cruelties. He then operated in the Comintern, and has been partly responsible for the Communist fiasco in Germany in 1921. He has been described as “the incarnation of intellectual inadequacy, uncertainty of will, and authoritarian corruption” ’ (Conquest 1970:431).

1.8.5 Die Anti-kommunistiese Regering 1919/20

Na Smuts se besoek het sake in Hongarye vinnig ontwikkel. In die begin van Mei is daar ‘n antirewolutionêre regering onder leiding van Gyula Károlyi in die suide van die land, wat deur Franse troepe beset was, gestig. Dit het aanleiding gegee tot verskeie antirewolutionêre aksies en opstande wat Kun laat besef het dat hy vrede met die geallieerdes sal moet sluit om te kan oorleef. Die geallieerdes was egter nie daarvoor te vinde nie omdat ‘n kommunistiese staat vir hulle ‘n bedreiging ingehou het. Hulle sou eerder Kun se ondergang wou sien. Op 1 Augustus 1919 het Kun dan ook inderdaad bedank en na Rusland uitgewyk. Twee dae later het die Roemeense magte Budapest beset. Kun is in 1937 daarvan beskuldig dat hy Stalin beledig het en in die geheim kontakte met die Roemeense geheime polisie gehad het. Hy is gevolglik op 30 November 1939 op Stalin se bevel tereggestel.

Gedurende die maande wat op die besetting van Budapest gevolg het, het daar verskeie politieke groepe ontstaan wat kortstondige regerings gevorm het, maar nie een van hulle het ooit werklik die mag in hande gehad nie. Die werklike mag was in die hande van die Roemeense leër, die verteenwoordigers van die geallieerdes en admiraal Horthy, wat in die suide en weste van die land besig was om ‘n nasionale leër op te bou. Tog het hierdie kortstondige regerings belangrike opruimingswerk verrig byvoorbeeld die ontbinding van die *Rooi Wag* en die rewolutionêre geregshowe, die vrylating van die talle politieke gevangenes, die herstel van die polisiemag en burgerlike geregshowe en die teruggawe van genasionaliseerde eiendomme.

‘n Nuwe fase in die geskiedenis van Hongarye het egter begin toe die Roemeense magte Budapest op 14 November 1919 ontruim het na aanleiding van ‘n ooreenkoms met die geallieerdes tydens vredesonderhandelinge. Admiraal Horthy het die hoofstad op 16 November met die Nasionale Leër oorgeneem. ‘n

Kort periode van wraak het hierop gevolg vanweë die onmenslike terreur van Béla Kun en sy proletariaatsdiktatuur. Rewolusionêre elemente wat nie betyds uit die land kon vlug nie is gearresteer en die Kommunistiese Party is verbied. Hierdie tydperk staan bekend as dié van die *Wit Terreur* (sien Halász 1963:119).

Die oorlog het hiermee aan sy einde gekom, maar daar was nog nie 'n wettige regering in Hongarye wat deur die geallieerdes erken sou word met die oog op die ondertekening van 'n vredesverdrag nie. 'n Algemene verkiesing is gevolglik tussen 25 Januarie en 13 Februarie 1920 gehou met die *Party van Kleinboere* wat as oorwinnaars uit die stryd getree het en admiraal Horthy wat op 1 Maart as staatshoof aangewys is sonder dat die land sy status as koninkryk prysgegee het.

1.8.6 Die Vredesverdrag van Trianon

Die geallieerdes se voorwaardes vir 'n vredesluiting het groot teleurstelling in Hongarye veroorsaak. Dit het naamlik bepaal dat meer as tweederdes van die historiese Hongaarse koninkryk weggeneem en aan die omliggende state, Tsjeggië, Roemenië en Serwië oorhandig moes word. Dit sou ook beteken dat 3,5 miljoen etniese Hongare onder die beheer van state met volkome vreemde tale en kulture sou beland. Die geallieerdes se standpunt was dat die minderhede van die Hongaarse ryk, wat vir dekades oor die hoof gesien is, reg gehad het op self-beskikking. Die voorgestelde verdeling het die situasie egter net mooi omgekeer. Hongare en Kroeate sou nou minderheidsgroepe in Joegoslawië word, Hongare en Duitsers minderheidsgroepe in Roemenië en Hongare en Slowake minderheidsgroepe in Tsjeggieslowakye. Hongarye se versoek vir 'n referendum oor hierdie aangeleentheid is nie toegestaan nie en die regering moes in magtelose woede en met die uiterste teësin die Vredesverdrag van Trianon op 4 Junie in Versailles onderteken (sien Hoensch 1996:103-105).

Die meeste kerke in Hongarye het tydens die Eerste Wêreldoorlog 'n versigtige houding ingeneem deur nie direk by die oorlog betrokke te raak soos wat dit in die verlede dikwels die geval was nie. Die Hongaarse Hervormde Kerk het hom toegespits op die geestelike en fisiese versorging van die slagoffers van

die oorlog, veral van die soldate. 'The Reformed Church, like the other churches, was not engaged in blessing the guns, but in giving her services to suffering men compelled to go to the front' (HHK 1997:23). Die Kommunistiese Rewolusie van 1918/9 het die kerk egter direk geraak:

In the programme of the leading party...there were a great many anti-clerical phrases, which labelled the churches as relics of feudalism. Under the sway of the Soviet Republic...ecclesiastical schools and lands were nationalised, religious instruction was prohibited in schools, and there were many churchmen amongst the victims of the Red Terror.

(HHK 1997:24)

Die grootste ontwrigting vir die kerk is egter veroorsaak deur die Vredesverdrag van Trianon. Hongarye se verlies van tweederdes van sy grondgebied het vir die kerk 'n verlies van meer as die helfte van sy lidmate beteken. Meer as 600 gemeentes van die Hongaarse Hervormde Kerk in Transsilvanië het ná die Vredesverdrag binne Roemenië geval. Die kerk was gladnie voorbereid op die skok van Trianon nie en die situasie is vererger deur 'n vloed van vlugtelingen vanuit die buurlande en die ekonomiese gevolge van die oorlog. Die volk en die kerk is in die grootste armoede gedompel. Hierbenewens is die Protestantse kerke ook daarvan beskuldig dat hulle 'n aandeel in hierdie toedrag van sake gehad het: 'Die wieder tonangebend gewordene römisch-katholische Kirche setzte auch die Protestanten gerne auf die Anklagebank: Ihre sektiererische Irrlehre habe den Freiheitsideen der Neuzeit und den Revolutionen den Weg bereitet' (Bucsay 1979:133).

Dit spreek vanself dat die vredessluiting nie vrede in die harte van die Hongare gebring het nie. Inteendeel, daar was teleurstelling en selfs haat en wraakgevoelens teenoor die Volkebond, die Slawiese volke, die Kommuniste en die Jode. Die verguisde volk sou sy troos maar in sy verlede, in die helde van sy duisendjarige geskiedenis en in sy unieke taal en kultuur gaan soek. Sy grootste

toekomsideaal sou die herstel van die ou Hongaarse Koninkryk en die bevryding van 3,5 miljoen Hongare van vreemde heerskappy word, want: ' Rumpfungarn ist kein Reich, das ganze Ungarn ist das Himmelreich' (Bucsay 1979:138). Vir baie jare vorentoe sou kinders in die skole die *Hongaarse Credo* opsê en sing: 'Ich glaube an einen Gott, ich glaube an ein Vaterland, ich glaube an eine ewige göttliche Gerechtigkeit, ich glaube an die Auferstehung Ungarns' (Bucsay 1979:138), kerke parallelle trek tussen die Hongaarse geskiedenis en dié van die Godsvolk in die Ou Testament en predikers die volk troos met die boodskap: *Die Here het jou uitverkies*.

In hierdie omstandighede is Kálmán Papp II in 1924 gebore, en in hierdie geesteklimaat het hy grootgeword. Vir die eerste 23 jaar van sy lewe, voordat omstandighede hom sou dwing om sy vaderland in 1947 te verlaat en in 1949 na Suid-Afrika uit te wyk en homself permanent daar te vestig, sou hy gevorm word om uiteindelik ook aan die volgende beskrywing van 'n tipiese Hongaar te kon voldoen:

The Magyar is an astonishing mixture of vivacity and coolness. He is easily susceptible to outward influence, quickly enthusiastic, and in his enthusiasm is capable of accomplishing great deeds with ease. But his inspiration is often, only a fire of straw, quickly flaring up, and just as quickly dying out. Perseverance is not his virtue, he only likes work which promises much success, but when he sets himself to it, he displays vigour, worthy of admiration. The thoroughbred Magyar is full of nobility: he is sincere, prudent, manly, and even a little proud; he loves his Fatherland above everything, he is courageous, bold, hospitable, and capable of self-sacrifice. His ideas are natural, his logic clear, and his judgment keen. In family life he is moral and God-fearing, indulgent to the views of others, and in religious affairs, unusually tolerant. With

corresponding instruction, he is fit for any career or calling, to be sure, least inclined for a business life, the calculating nature of which is foreign to his honest character.

(Illustrated description:98-99)

2 VOORGESLAG

Zoltán Papp, jonger broer van Kálmán II, het homself die taak opgelê om die geslagsregister van sy ouers, dit wil sê van die families Papp en Bogdányi na te vors en op skrif te stel. Dit was 'n moeisame taak aangesien belangrike bronne tydens die Tweede Wêreldoorlog verlore geraak het, onder andere aantekeninge van sy oorgrootvader György Kaposi (1829-1901) wat nog met gal-ink geskryf was, asook 'n kis vol handgeskrewe boeke en verbleikte koerante waardeur hy as kind dikwels geblaai het. Wat egter wel behoue gebly het, is 'n aantal aantekeninge oor die Bogdányi voorouers wat opgestel is deur die ouer broer van sy moeder, Lászlo Bogdányi, 'n geskiedenisonderwyser van beroep, asook enkele herinneringe aan vertellings deur sy grootmoeders.

Zoltán Papp het die resultate van sy uitgebreide navorsing in 1994 op skrif gestel in 'n geskrif met die titel *Családtörténet: amennyi az ősökrol egyáltalán fennmaradt* (Familiegeskiedenis: soveel as wat van die voorgeslag bewaar gebly het). In die inleidende aantekeninge van sy voorlopige resultate met die titel *Egy Reformatus lelkesz-család története* (Geskiedenis van 'n Hongaarse predikante-familie), wat hierdie geskrif voorafgegaan het en wat hy reeds in 1989 vir sy kinders opgestel het, skryf hy, soos deur Kálmán II vertaal, onder andere die volgende:

Die mense van die voorgeslagte verdien dat hulle nakomelinge ten minste hulle name sal ken, al het die grootste deel van die gebeure vergete geraak. As ek dit nie versamel nie, sal my seuns 20 of 30 jaar later tevergeefs daarna soek.

My gedagte was dat ek die familieherinneringe wat oorgebly het op grond van die vertellings van die grootmoeders en die onvolledige aantekeninge van my oom sal gebruik as vertrekpunt en terugwerkend in die verlede in die registers van dorpe sal begin speurwerk doen....Dit het groot vordering beteken toe ek die weg gevind het na die kerkprovinsie-argief van Sárospatak.

Ek het geweet dat daar tussen my voorouers meer as een Hervormde predikant was. Ek het veronderstel dat ten minste 'n deel van hulle in Pataak afstudeer het en ek daar hulle spore sou kon vind. Die argief was 'n ware skatkamer; gegewens wat andersins onbekombaar was en waardevolle inligting wat my op die regte spoor gelei het, was beskikbaar. Later, toe ek die dorpe se registers op die mikrofilms van die Nasionale Argief kon ondersoek, het die onderneming aansienlik makliker geword.

(Papp, Z 1989:2)

Oor sy navorsing skryf Zoltán Papp in 'n inleiding tot sy volledige werk onder andere die volgende:

Ons kennis aangaande die voorouers het, jammer genoeg in beperkte omvang, hulle oorsprong in familie-aantekeninge, oorgeblewe briewe en herinneringe. Die bronne was grotendeels die registerinskrywings wat, uitgesonderd die registers van Gönc, in die mikrofilm-biblioteek van die Nasionale Argief gevind kon word.

Registers van die gemeentes van die Hervormde Kerk - in die meeste gevalle - begin eers vanaf die jaar 1780 toe die opstel van registers nie meer deur die keiserlike/koninklike owerhede verbied is nie. Dit het saamgeval met die afname van die Kontrareformasie. Die aantekeninge vanuit die periode voor 1780 was in die meeste gevalle nie oorspronklik nie, maar dikwels afskrifte en brokstukke. Die name van ons voorouers uit hierdie tyd kon alleen gedeeltelik opgespoor word of daar kon nie met sekerheid vasgestel word of hulle deel van die voorgeslag was nie.

In die navorsing aangaande die voorouers wat predikante was, was die argiewe van die Cis-Tisza kerklike provinsie te Sárospatak van groot waarde. Hieruit kon ons die predikante se dienstermyne in die verskillende gemeentes vasstel. Sommige van die gemeentelike stukke in die argief is nog in hulle eie handskrifte. Die name van hulle ouers en hulle geboorteplekke kan in die Collegium se registers gevind word.

(Papp, Z 1994:2)

Zoltán Papp se navorsing het die volgende interessante gegewens aan die lig gebring:

2.1 Die vaderlike geslagslyn

Kálmán II se voorouers aan vaderskant kan tot by drie voorouers in die sewende geslagslyn teruggevoer word nl tot by Gábor Körtvélyfái (1706-1772) (sien Papp, Z 1994:8), Péter Oláh (1714-1788) en sy vrou Katalin Nagy (?-1758) (sien Papp, Z 1994:10).

'n Moontlike voorouer in die agste geslagslyn, András Pap (?-?), kom in die 1691-sensus van die dorp Gönc voor (sien Papp, Z 1994:9).

In die sesde geslagslyn is die familie- en eiename van dertien voorouers én hulle geboorte- en sterftedatums, op enkele uitsonderings na, bekend (sien Papp, Z 1994:8-11).

János Varga Papp (1759-1831) uit die vyfde geslagslyn, waarvan al die name volledig is, is die oudste bekende naamdraer van die Papp voorgeslagte (sien Papp, Z 1994:6). Hy is die oor-oor-oor-grootvader van Kálmán II.

Die familienaam *Papp* kom egter reeds in die 1557-belastingbetalersregisters van Gönc voor. Hulle was meestal ambagsmanne (leerwerkers) en boere. (sien Papp, Z 1989:3)



2.1.1 Stamboom van die vaderlike geslagslyn

Die verifieerbare stamboom van die vaderlike geslagslyn sien soos volg daaruit:

5.01 János Varga Papp 1759-18/08/1831	4.01 János Varga Papp 28/01/1798-16/10/1867	3.01 Dániel Varga Papp 09/12/1821-07/12/1885
5.02 Judít Szöts 1759-24/08/1831		
5.03 Ferenc Szatsüri 1760-15/02/1810	4.02 Erzsébet Szatsüri 27/04/1800-06/08/1855	
5.04 Erzsébet Jakab 27/08/1769-?		2.01 Dániel Papp 16/02/1847- 22/08/1894
5.05 György Szatsüri 1750-11/04/1838	4.03 István Szatsüri 10/07/1794-22/11/1868	
5.06 Mária Molnár 1768-18/04/1838		3.02 Zsuzánna Szacsüri 18/10/1822-?
5.07 András Pap 1762-12/07/1833	4.04 Mária Pap 07/02/1795-15/04/1883	
5.08 Zsuzsanna Molnár 1763-24/06/1837		
5.09 János Szabó Kis 1751-06/09/1831	4.05 József Szabó Kis 24/02/1801-25/02/1882	1.01 Kálmán Papp 27/03/1894- 28/09/1934
5.10 Zsuzsanna Szegedi 18/07/1772-06/08/1825		3.03 János Kis 06/05/1835-22/12/1917
5.11 György Gatsal 1776-10/12/1832	4.06 Sára Gatsal 25/10/1802-?	
5.12 Sára Sinka 21/04/1778-21/05/1809		
5.13 János Szabó 1747-25/12/1805	4.07 István Szabó 09/10/1788-11/06/1865	2.02 Julianna Kis 07/09/1863- 14/05/1945
5.14 Zsuzsanna Ujhelyi 1752-21/12/1792		3.04 Julianna Szabó 19/02/1835-10/12/1897
5.15 András Bagaméri 1759-01/02/1829	4.08 Borbála Bagaméri 19/05/1806-20/09/1887	
5.16 Judít Pete 1766-12/05/1821		

János Varga Papp (5.01) en die ganse bekende deel van die voorgeslag van Kálmán I (1.01) aan vaderskant, uitgesonderd Erzsébet Jakab (5.04), vrou van Ferenc Szatsúri (5.03), is uit die dorp Gönc in die distrik Abaúj in die noorde van Hongarye afkomstig (sien Papp, Z 1989:3). Die adellike families Pap, Szöts en Molnár, wat in dieselfde geslagslyn voorkom, kom reeds in 1557 in Gönc se bevolkingsregister voor, maar die familie Szatsúri of Szacsúri, óók in dieselfde geslagslyn, word eers in 1740 vir die eerste keer vermeld. Hierdie familie het waarskynlik in die tweede helfte van die 17de eeu vanuit die dorp Szacsúr in die distrik Zemplén, in die verre noorde van Hongarye, na Gönc verhuis. Szacsúr is die hedendaagse Sacurov in die ooste van Slowakië nadat dit na afloop van die Eerste Wêreldoorlog deel van Tjseggo-slowakye geword het. Dr Béla Iványi meld in sy boek wat oor die geskiedenis van Gönc handel en in 1926 verskyn het, dat András Pap I (5.07 se vader) vanaf 1796-1797 en weer vanaf 1801-1802 die Hoofmagistraat van Gönc was (sien Papp, Z 1989:3).

Die dorp Gönc is wyd bekend omdat een van sy predikante, Gáspár Károlyi (1530-1591), 'n student van Wittenberg, met die hulp van 'n span medewerkers die Bybel volledig uit die grondtale in Hongaars vertaal het en so verantwoordelik was vir die eerste volledige Bybel in Hongaars. Hierdie Bybel is vir die eerste keer in 1590 in 'n buurdorpie van Gönc, Vizsoly, gedruk en daarna meer as honderd keer herdruk, onder andere vyf keer in Utrecht tussen 1730 en 1794. (sien *Konteks* 10/10, 8-9 en 15).

Uit die stamboom val dit op dat die oor-grootvader (3.01), oor-oor-grootvader (4.01) en oor-oor-oor-grootvader (5.01) van Kálmán II almal die dubbele familienaam *Varga Papp* dra (sien Papp, Z 1994:6). Hierdie kombinasie van kom eers vanaf die 18de eeu in die registers van Gönc voor. Die Hongaarse woord *varga* beteken in sy oorspronklike vorm leerwerker, en skoenmakers is met hierdie woord beskryf. Van een van die voorouers word inderdaad in die registers vermeld dat hy 'n skoenmaker was. Skoenmakers was in daardie dae gesiene mense en het in die gemeenskap as beroepspesialiste groot aansien geniet. Die Varga's het reeds vanaf die 16de eeu onder Koning János Szapolyai (1487-1540) gildestatus en -voorregte geniet (sien Papp, Z 1989:3). Ambagsgildes kom reeds sedert die

11de eeu in die weste van Europa voor as verenigings van handarbeiders van dieselfde of aanverwante beroepe wat die beroepsaktiwiteite van hulle lede gereël het. Hierdie gildes het waarskynlik op eie inisiatief ontstaan op grond van suiwer ekonomiese beweegredes soos byvoorbeeld die vasstelling van standaarde, opleiding van lede en die uitskakeling van ongewenste mededinging deur nie-lede. In die meeste stede het die ambagsgildes ook 'n aktiewe politieke rol gespeel. Die mag van die gildemeesters het egter met verloop van jare só toegeneem dat die gildes in 1872 deur wetgewing verbied is.

Die vermoede is dat die *Varga* voorvoegsel tot die familienaam Papp bygevoeg is om hulle van die adellike familie Pap, wat ook in Gönc gewoon het, te onderskei (sien Papp, Z 1989:3). In 1795 word die familienaam Varga Papp vir die eerste keer in die registers van Gönc vermeld met die registrasie van die huwelik van János Varga Papp I (5.01) met Judit Szöts (5.02), weduwee van András Lakatos. Haar vader, György, was volgens die register 'n meestersmid in Göncruszka. Die *Varga* voorvoegsel kom vanaf Dániel Papp (2.01) nie meer in die familienaam voor nie. As onderwyser het hy 'n veel hoër status geniet as 'n skoenmaker en die *Varga* voorvoegsel sou nie reg aan sy stand binne die gemeenskap laat geskied nie.

2.1.2 Vooraanstaande voorouers in die vaderlike geslagslyn

Enkele besonderhede aangaande sekere voorouers in die geverifieerde vaderlike geslagslyn van Kálmán II is vermeldingswaardig en word vervolgens genoem:

János Varga Papp (4.01) was 'n gesiene en welgestelde saai- en wynboer van Gönc. Hy het op 12 verskillende plekke saailande gehad en moes dubbel soveel belasting betaal as die gemiddelde boer. Uit die opbrengs van sy wingerde moes hy ook 'n bogemiddelde belasting betaal. Hy het onder die hooggeplaastes van die gemeenskap getel (sien Papp, Z 1994:27).

István Szacsúri (4.03) was ook 'n vermoënde saai- en wynboer wie se opbrengs bokant die gemiddelde was. Dit is waarskynlik aan sy welvaart te danke dat hy met die adellike Mária Pap getroud is. Huwelike tussen adellike en nie-adellike families was nie 'n vreemde verskynsel onder die voorgeslagte nie. Dit

kom voor asof daar aan die einde van die 18de en begin van die 19de eeu nie meer so 'n groot maatskaplike onderskeid tussen die adellike en nie-adellike families bestaan het nie (sien Papp, Z 1994:27).

József Szabó Kis (4.05) was eweneens 'n welgestelde boer. Hy was in 1853 onderburgemeester van Gönc (sien Papp, Z 1994:28).

István Szabó (4.07) is op 15 Januarie 1821 met die adellike Zsuzsánna Röthi, waarskynlik die weduwee van sy baas, getroud en het erfgenaam van 'n groot leeronderneming langs die Szinvaspruit in Miskolc geword. Zsuzsánna sterf na 'n huwelik van net meer as tien jaar op 5 Augustus 1831 aan cholera en István trou op 20 September van dieselfde jaar met Borbála Bagaméri (4.08) (sien Papp, Z 1994:28).

János Kis (3.03) is op 2 Desember 1860 getroud met Julianna Szabó, die dogter van sy welgestelde leermeester, István Szabó (4.07). In sy tyd het die leerbedryf het egter as gevolg van kompetisie van die Oostenrykse- en Tjeggiese leerfabrieke agteruit begin gaan. Daarbenewens het die Szinvaspruit in Miskolc op 31 Augustus 1878 sy walle oorstroom as gevolg van 'n wolkbreuk en die hele leeronderneming het in die slag gebly. Kis was 'n oortuigde en fanatieke voorstaander van die Party van 48 en het as gevolg van beserings wat hy tydens 'n geveg by 'n politieke vergadering in die tagtigerjare opgedoen het, verlam geraak. Sy vrou Julianna (3.04), wat gebuk moes gaan onder finansiële agteruitgang en twee van hulle kinders op 'n vroeë ouderdom aan die dood moes afgee, het hom tot met haar dood op 10 Desember 1897 versorg (sien Papp, Z 1994:31).

Dániel Papp (2.01), grootvader van Kálmán II, is op 16 Februarie 1847 te Gönc gebore en was die oudste van vyf kinders. Hulle het in die boere- en ambagsgemeenskap van Gönc hulle laerskoolopleiding en in die dorp Sárospatak, suid-wes van Gönc, hulle hoërskoolopleiding ontvang. Dit is bekend dat Dániel sy vierde jaar op hoërskool (graad 8) in 1864/5 moes herhaal. Volgens die rapport van sy onderwyser, Gerson Színyei, was hy onoplettend en lui. Hy het nietemin sy hoërskoolopleiding voltooi en onderwyser geword. In 1870 begin hy sy onderwysloopbaan in die plattelandse dorp Radostyán, noord-wes van en digby die stad Miskolc, in die distrik Borsod. Volgens oorlewering was hy klein van postuur en het

hy 'n opvlieënde temperament gehad. Sy pragtige reëlmatige handskrif kan in die sterfteregister van Radostyán gevind word by die begrafnisse waar hy die plaaslike predikante moes vervang. Die laaste begrafnis wat hy gelei het, was op 3 Januarie 1894. Hy is in 1871 met Mária Csízi-Gondol (1853-1890) uit die dorp Edelény getroud. Uit hulle huwelik is vyf seuns en drie dogters gebore, waarvan slegs twee seuns, Dezső en Lajos, en een dogter, Mária, grootgeword het. Dániel se vrou sterf in 1890 op 37-jarige ouderdom aan tuberkulose. Op 19 Januarie 1892 trou hy met die 29-jarige Julianna Kis (2.02), dogter van die welgestelde János Kis (3.03) en Julianna Szabó (3.04) van Miskolc. Kálmán II se vader, Kálmán I (1.01), word op 27 Maart 1894 as die enigste kind uit hierdie huwelik gebore. Dániel Papp sterf op 22 Augustus 1894 in die ouderdom van 47 jaar te Radostyán aan 'n hartaanval toe Kálmán I maar vyf maande oud was, en laat sy tweede vrou agter met die drie kinders uit sy eerste huwelik en die seuntjie uit sy tweede huwelik. Hy is langs die kerkgebou in Radostyán begrawe. Toe Julianna se moeder op 10 Desember 1897 sterf, neem sy haar invalide vader in die huis en versorg hom vir 20 jaar lank tot met sy dood op 22 Desember 1917. Die kinders word geleidelik uit noodsaak in 'n inrigting vir weeskinders van onderwysers in Kecskemét geplaas. Volgens oorlewering het Julianna 'n moeisame sukkelbestaan gevoer totdat sy in 1920 op 57-jarige ouderdom by Kálmán I ingetrek het in die pastorie van Mándok waar hy predikant was. Julianna was 'n hoogs gekultiveerde vrou en het baie belanggestel in kultuursake, gereeld lesings en uitstallings bygewoon en graag na die radio geluister. Sy is op 82-jarige ouderdom op 14 Mei 1945 in Miskolc oorlede en in die Avas begraafplaas begrawe in die graf van haar seun Kálmán I, wat op slegs 40-jarige ouderdom op 28 September 1934 in Mándok oorlede is (sien Papp, Z 1994:35-36).

Kálmán I se halvesuster Mária (of Máriska soos sy genoem is) is op 9-jarige ouderdom aangeneem deur 'n welgestelde kinderlose Rooms-katolieke egpaar, Tivadar en Berta Szent-Királyi. Hulle het in 'n deftige stadswoning in die middel van Debrecen gewoon maar ook 'n groot somerwoning, naby 'n groot bos met pragtige waterbronne, aan die rand van die stad gehad. Tivadar het 'n baksteenfabriek in Debrecen bedryf en baie grond in die provinsie Erdélyi besit. Hy was

voorsitter van die Hongaarse Kamer van Koophandel en 'n baie vermoënde en gesiene man. Volgens die bestaande gewoonte het hulle Mariska Protestants grootgemaak ten spyte van die feit dat hulle baie toegewyde Rooms-katolieke was. Berta het elke dag haar voorgeskrewe gebede gedoen en haar *breviarium* geles. Mariska het kort nadat sy belydende lidmaat van die Hervormde Kerk geword het kategeet geword en daarmee volgehou tot op haar vyf-en-sewentigste jaar.

2.1.3 Predikante in die vaderlike geslagslyn

In die vaderlike geslagslyn kon daar met sekerheid slegs twee predikante opgespoor word. Aan vaderskant kon slegs die predikantskap van Kálmán I (1.01) met sekerheid bevestig word. Hy is dus die enigste bekende predikant in die voorgeslag van Kálmán II wat die familienaam *Papp* dra (sien Papp, Z 1994:38). Aan moederskant kon daar met sekerheid ook slegs een predikant opgespoor word nl Miklós Kis, die seun van József Kis, 'n ouer broer van János Kis (3.03), Kálmán I se oupa (sien Papp, Z 1989:5). Volgens die argief van Sárospatak is daar egter ook 'n János Bagaméri in 1741 in Miskolc as predikant georden. Dit is moontlik dat hy die broer van András Bagaméri (5.15) se vader, András Bagaméri (6.29), was.

2.2 Die moederlike geslagslyn

Kálmán II se voorouers aan moederskant kan waarskynlik teruggevoer word tot by twee voorouers in die negende geslagslyn nl István Bogdányi (?-?) en sy vrou Heléna Sztárai (?-?) (sien Papp, Z 1994:12), twee in die agtste nl István Bogdányi (?-?) en sy vrou Sára Kondai Kis (?-?), agt in die sewende nl István Bogdányi (?-?) en sy vrou Sára Lehotai Rostás, János Mike (?-1789), Mihály Váradí (?-1795), János Vattai (?-?), János Nagy (?-?), György Vataj (?-?) en Ferenc Eva (?-?) en agtien in die sesde. Eers vanaf die vyfde geslagslyn is die voorouers se name en geboorte- en sterftedatums, op enkele uitsonderings na, bekend. István Bogdányi in die negende geslag (9.257), oor-oor-grootvader van Pál Bogdányi (5.17), oor-oor-grootvader van Kálmán II se moeder aan vaderskant, is dus die oudste bekende naamdraer van die Bogdányi voorgeslagte.



2.2.1 Stamboom van die moederlike geslagslyn

Die verifieerbare stamboom van die moederlike geslagslyn sien soos volg daaruit:

5.17 Pál Bogdány 22/01/1776-13/02/1846	4.09 István Bogdány 11/11/1811-12/05/1890	
5.18 Borbála Gál 1785-25/07/1852		3.05 István Bogdány 26/10/1844-27/08/1917
5.19 János Rácz Balogh 17/11/1782-24/09/1859	4.10 Erzsébet Rácz Balogh 11/02/1810-20/05/1884	
5.20 Erzsébet Tóth 25/10/1784-21/12/1838		
5.21 István Madarász 04/05/1771-14/02/1825	4.11 István Madarász 03/07/1805-12/08/1873	2.03 József Bogdányi 15/11/1872- 12/01/1926
5.22 Erzsébet Szabó 1775-10/09/1841		3.06 Zsuzánna Madarász 03/11/1843-09/04/1922
5.23 Mihály Váradi 31/01/1785-21/04/1850	4.12 Erzsébet Váradi 26/10/1818-17/02/1887	
5.24 Mária Basa 1786-27/02/1830		
5.25 György Kaposi 1775-31/12/1831	4.13 György Kaposi 09/05/1793-1860	1.02 Mária Bogdányi 09/03/1903- 12/09/1988
5.26 Erzsébet Bajnok 1766-23/05/1836		3.07 György Kaposi 11/06/1829-06/04/1901
5.27 István Lovas 12/05/1759-16/04/1825	4.14 Eszter Lovas 22/07/1799-?	
5.28 Erzsébet Putnoki Nagy 09/06/1765-19/06/1840		
5.29 György Vataj 19/03/1770-06/09/1853	4.15 Abrahám Vataj 06/02/1815-01/12/1851	2.04 Mária Kaposi 11/07/1879- 31/10/1952
5.30 Mária Lakatos 1780-31/03/1855		3.08 Katalin Vataj 30/05/1845-09/12/1910
5.31 Károly Szentmártony 1783-08/10/1850	4.16 Veronika Szentmártony 1820-08/01/1850	
5.32 Judít Szabó 29/07/1796-?		

Die familie Bogdányi of Bogdányi is grotendeels uit Nagyker, nou Abauker, afkomstig. Volgens 'n sertifikaat wat Zoltán Papp nog in 1944 onder oë gehad het maar waarskynlik in 1945 saam met die familie-aantekeninge verlore geraak het, het Koning Leopold II (1747-1792) die adelstand aan hierdie familie toegeken. Latere geslagte van hierdie familie het in Parasznya en die Sajóvallei geleef. Die ander families wat in die vyfde geslagslyn voorkom, was almal boere van die kleinadel. Die Madarász en Rác-Balogh families het ook in Parasznya geleef, die Gál's in Sajószentpéter en die Váradi's in Sajóecseg (sien Papp, Z 1989:8).

2.2.2 Vooraanstaande voorouers in die moederlike geslagslyn

Behalwe vir die besonderhede van die predikante in hierdie deel van die voorgeslag, verdien die volgende voorouers in die geverifieerde deel van die geslagslyn vermelding:

István Bogdányi (3.05) was volgens die familieherinneringe 'n welgestelde boer in Parasznya en ook burgemeester van hierdie dorp (sien Papp, Z 1994:32).

György Kaposi (3.07) was in sy laaste hoërskooljaar (1847/8) eerste in sy klas en hoofseun van die *ou skool* van Miskolc. In die herfs van 1848 het hy by die weermag aangesluit en deelgeneem aan verskeie veldslae in die Vryheidsoorlog teen die Habsburgers. Terwyl hy as luitenant deel was van 'n nuwe leërafdeling wat onder aanvoering van generaal Kazinczy aan die begin van Augustus 1849 na die gevegsfront by Munkács onderweg was, is daar by Zsibóna verneem dat 'n ander generaal, Görgei, reeds tien dae vantevore oorgegee het. Dit het toetred tot die stryd vir hulle sinloos gemaak en hulle het op 26 Augustus 1849 die wapens neergelê. György het toe vir 'n jaar ondergronds gegaan uit vrees dat hy by die Oostenrykse leer ingeskryf sou word. In 1850 het hy teologie gaan studeer en predikant geword (sien Papp, Z 1994:32-33).

Daar dien gemeld te word dat Mária Bogdányi (2.04) 'n nooi Kaposi was en dat daar onder die galleislawe, wat in 1676 deur Admiraal Michiel de Ruyter bevry is nadat hulle gevange geneem en na Napels weggevoer is omdat hulle geweier het om die Roomse geloof aan te neem, 'n István Kaposi voorkom. Dit is moontlik dat hy ook deel van die voorgeslag is (sien Makkai et al 1976:126).

2.2.3 Predikante in die moederlike geslagslyn

In die moederlike geslagslyn kon daar met sekerheid vyftien en moontlik agtien predikante onder die bekende voorouers van sewe opeenvolgende geslagslyne opgespoor word. Vanaf ds István Bogdányi (7.65) was daar dus sonder 'n enkele onderbreking in elke geslagslyn van die voorgeslag van Kálmán II aan moederskant een of meer predikante. Kálmán II is dus die agste in 'n onafgebroke lyn van predikante.

Aan vaderskant kon daar slegs twee predikante opgespoor word nl István Bogdányi (7.65), wat volgens die familie-aantekeninge predikant te Dédes was (sien Papp, Z 1994:11) en József Bogdányi (2.03) wat na afloop van sy studies te Sárospatak as hulpprediker gedien het in Varbó, Sajóvelezd en Sajószentpéter. Hy het in 1902 predikant van Jablonca geword en is daar op 24 April 1902 getroud met Mária Kaposi, 'n aantrekklike jong dame van middelmatige lengte met bruin hare en blou oë. Twee dogters, Mária (1.02) en Gizella, en een seun, Laszló, is uit hulle huwelik gebore. Gizella is as jong dogter oorlede. Vanaf 1904-1907 was József Bogdányi predikant te Varbó. In 1908 aanvaar hy 'n beroep na die gemeente Sajókeresztúr, waar sy skoonmoeder se oom, Sándor Vatay, vroeër vir 47 jaar predikant was. Volgens die familieherinneringe was József Bogdányi 'n baie simpatieke en rustige mens wat selde gelag en min gepraat het. Hy kon baie goed teken, het graag tuin gemaak en het met bye geboer. Hy het aan hoë bloeddruk gely en op 53-jarige ouderdom 'n beroerte-aanval gehad. Op 12 Januarie 1926 is hy in Sajókeresztúr oorlede. Sy vrou het toe met hulle seun László, wat nog op hoërskool was, in 'n modderige systraat in Miskolc gaan woon in 'n beskeie woonhuis wat hulle vroeër uit die opbrengs van 'n erfporsie van haar man gekoop het (sien Papp, Z 1994:36-37).

Aan moederskant kon daar met sekerheid minstens dertien maar moontlik sestien predikante opgespoor word.

Volgens die argiefgegewens van Sárospatak het daar in die jare 1731-1736 'n predikant met die naam György Vatay in Vadna in die provinsie Borsod gedien. Hy kon moontlik die vader van György Vatay (6.57) gewees het (sien Papp, Z 1994:16).

György Vatay (6.57) het op 30 Maart 1754 sy studie in teologie aan die Collegium in Sárospatak voltooi en vanaf 1755 tot 1792 in ses gemeentes gedien: vanaf 1755 in Simonyi, vanaf 1760-1761 in Szendrő, vanaf 1762-1768 in Hegyveg, omstreeks 1770 in Radnót, vanaf 1774-1781 in Szölösardó en vanaf 1786-1792 in Perkupa. Volgens gegewens met betrekking tot 'n seun van hom met die naam György, wat aan die lig gekom het uit aantekeninge van die jaar 1784 uit die Collegium van Sárospatak, was hy vanaf 1782-1786 werkloos en het hy by familie in Inola gewoon. Hy is op 20 Mei 1792 in Perkupa oorlede (sien Papp, Z 1994:16-17).

Volgens gegewens in die argief van Sárospatak het 'n sekere ds István Szentmártony vanaf 1772-1775 in Málca en vanaf 1785-1791 in Kistráska, albei dorpe in die noordelike deel van die provinsie Zemplén, gedien. Die vermoede is dat István die vader is van Károly Szentmártony (5.31), oor wie se broer József Szentmártony daar in die argief vermeld word dat hy 'n weeskind was (sien Papp, Z 1994:17).

István Lovas (5.27) het ook in Sárospatak studeer en het, nadat hy onderwyser en skoolhoof in Kázmárk was en daarna vir twee jaar met 'n beurs in Zurich studeer het, as hulpprediker in Bánfalva, Abrahám en Noszvaj gedien. In 1794 het hy predikant geword van Szölösardó en op 22 Februarie 1795 is hy in Kázmárk getroud met Erzsébet Putnoki Nagy, met wie hy waarskynlik in sy onderwysjare daar kennis gemaak het. Sy was die suster van István Putnoki Nagy, een van István Lovas se medestudente en later predikant van Bodrogkeresztur. Twee dogters en drie seuns, wat aldrie in Sárospatak as predikante afstudeer het, is uit hulle huwelik gebore. József was predikant in Szölösardó, Sámuel in Szilice en István in Jablonca. In 1807 is hy benoem tot regsadviseur van die kerkprovinsie en na 31 jaar in die bediening sterf hy in Szölösardó op 16 April 1825 (sien Papp, Z 1994:24-25).

György Vatay (5.29), wat tydens sy studentelewe aan die Collegium te Sárospatak onder andere *gregarius* (senior leierstudent) en *contrascriba* van die Collegium was, se eerste gemeente was in Nagykapos in die provinsie Ung. Hy is in ongeveer 1802 getroud met die adellike Mária Lakatos. In 1805 het hy predikant

geword in Jablonca en in 1813 in Jósmafö. In 1828 is hy verkies tot hoofskriba van die kerkprovinsie Torna. Vier seuns en 'n dogter is uit hulle huwelik gebore. Die seuns het in Sárospatak studeer en twee het predikante geword, Sándor in Sajókeresztur en Abraham in Komjati. Laasgenoemde was getroud met die dogter van die predikant van Görgö. Hulle suster is ook met 'n predikant getroud. György Vatay (5.29) is op 6 September 1853 in die ouderdom van 83 jaar te Jósmafö oorlede (sien Papp, Z 1994:25).

Károly Szentmártony (5.31) het nadat hy in Sárospatak afstudeer het in 1813 predikant geword van Komjati. Hy is op 19 Mei 1814 te Tállya getroud met Judit, dogter van die adellike András Szabó en was vanaf 1818 predikant van Színpetri. In 1820 het hy 'n beroep na Görgö aanvaar. In 1821 is hy verkies tot hulpskriba van die kerkprovinsie. In 1840 het hy na 'n beroerte-aanval saam met hulppredikers in Görgö gedien tot en met sy afsterwe op 8 Oktober 1850 (sien Papp, Z 1994:26).

György Kaposi (4.13) was, netsoos baie ander predikante van die voorgeslag, eers vir 'n paar jaar in die onderwys. Hy is op 25 Februarie 1828 getroud met Eszter Lovas, 'n suster van 'n medestudent, József Lovas. Haar twee ander broers, Sámuel en István was albei ook predikante, onderskeidelik in Szilice en Jablonca, en haar vader was haar ouer broer, József, se voorganger in Szölösardó. 'n Seun en 'n dogter is tydens hulle verblyf in Szín gebore. György Kaposi het in 1832 predikant geword te Barka waar daar slegs 220 Hervormers gewoon het. Lidmate van die aangrensende dorpie Lucsk is ook deur hom bearbei. Tydens die Vryheidsoorlog van 1848/9, waaraan sy seun György Kaposi (3.07) aktief deelgeneem het, het troepe van die tsaar van Rusland tydelik in Barka vertoef. Dit het sy werk daar aansienlik bemoeilik. Uit die registers van die ou skool van Miskolc blyk dat daar in Barka ten minste nog een kind gebore is (sien Papp, Z 1994:29-30).

Abraham Vatay (4.15) het sy hoërskoolopleiding waarskynlik te Miskolc voltooi en daarna te Sárospatak teologie gaan studeer. Die boek wat die geskiedenis van die koor van die Collegium beskryf, vermeld dat hy in die jare 1835-1838 in hierdie koor basstem gesing het. Vanaf 1838-1840 was hy

onderwyser in Görgö. Waar hy as hulpprediker gedien het, kon nie vasgestel word nie. Vanaf 1843 was hy predikant van Komjati. Hy is in 1844 getroud met Veronika Szentmártony, die dogter van die predikant van Görgö, en twee dogters is uit hulle huwelik gebore. Sy kon hulle egter nie self opvoed nie aangesien sy na 'n huwelik van skaars ses jaar op 8 Januarie 1850 oorlede is. Vatay het in dieselfde jaar 'n beroep na die gemeente van Színpetri aanvaar. Hierdie gemeente was naby die dorpie Jósmafö, waar sy bejaarde ouers gewoon het. Hy is egter op 36-jarige ouderdom op 1 Desember 1851 aan ingewandekoors oorlede en sy twee dogters is verder deur hulle grootouers en tante versorg (sien Papp, Z 1994:30).

György Kaposi (3.07) het na sy deelname aan die 1848/9 Vryheidsoorlog in 1850 in Sárospatak teologie gaan studeer. Die Collegium is in daardie tyd baie lastig geval deur die keiser se soeke na studente wat aan die Vryheidsoorlog deelgeneem het. Dit is waarskynlik die rede waarom daar so min oor sy studentejare bekend is. Vanaf 1853-1856 was hy skoolhoof in Aszaló en in 1857 hulpprediker in die gemeente van sy oom Sámuel Lovas in Szilice. In 1858 het hy hulpprediker in sy siek vader se gemeente in Barka geword en ná laasgenoemde se dood in 1860 die gemeente alleen bedien tot in 1869. Hier het hy erwe verkry vir 'n Hervormde skool en was hy skoolinspekteur en skriba van die kerkprovinsie. Hy is op 13 September 1865 te Jósmafö getroud met Katalin Vatay en twee seuns en drie dogters is uit hulle huwelik gebore. In 1870 het hy sy oom István Lovas in Jablonca opgevolg waar hy die skool, kerk en pastorie in 1871 gerestoureer het. Vir sy selfopofferende dienswerk tydens die cholera-epidemie in 1870, het hy ministeriële erkenning ontvang. Hy het ook gereeld met Kossuth, leier van die Vryheidsoorlog en regeringshoof ná die onttroning van die Habsburgers, gekorrespondeer. In 1876 het hy hoofskriba, later regsadviseur en in 1886 voorsitter van die kerkprovinsie van Torna geword. Sy oudste seun, György, het predikant geword in Egerszögö en van sy dogters het met predikante getrou, onder andere die jongste dogter, Mária, wat met József Bogdányi (2.03), die grootvader van Kálmán II aan moederskant, getroud is. Hy is op 6 April 1901 te Jablonca oorlede (sien Papp, Z 1994:32-33).

2.3 Ouers

Kálmán II se vader, Kálmán Papp I (1.01) het sy laaste twee skooljare deur die bemiddeling van sy halfsuster, Mariska, in Debrecen deurgebring. Vanaf 1913-1917 was hy teologiesstudent aan die Collegium van Debrecen. Debrecen het destyds bekend gestaan as die Calvinistiese Rome en was die setel van die Hervormde biskop van die kerklike provinsie Tiszántúl. Die Rooms-katolieke was in die minderheid in Debrecen, maar tog genoeg sodat daar ook 'n Roomse biskop was. Beide die Roomse én Hervormde biskoppe was huisvriende van die Szent-Királyi's deur wie Mariska vroeër aangeneem is. Kálmán I het dikwels by hulle aan huis gekom. Nadat hy sy teologiese opleiding voltooi het, word hy in 1917 die hulpprediker van die predikant van Munkács en in 1918 hulpprediker van die biskop van Debrecen. In 1920 word hy beroep na die Hervormde Gemeente te Mándok, 'n plattelandse dorpie in die provinsie Szabolcs in die noord-ooste van Hongarye. Meer as 2000 van die 3400 inwoners van Mándok was in dié tyd Hervormd. Sy moeder, Julianna (2.02) het in 1920 by hom ingetrek (sien Papp, Z 1989:9-10 en 1994:38-39).

Kálmán II se moeder, Mária Bogdányi (1.02), die dogter van ds József Bogdányi (2.03) van die Hervormde Gemeente Sajókeresztúr in die provinsie Borsod-Abauj-Zemplén, het haar laerskooljare in Sajókeresztúr deurgebring en haar hoërskoolopleiding aan die Hervormde Meisieskool in Miskolc ontvang. Hier is, behalwe vir algemene opvoeding, klem gelê op huishoudkundige vaardighede. Daar was ook ruim geleentheid vir verdere selfontplooiing en sy het op musiek en skilderkuns gekonsentreer. In die koshuis het sy bevriend geraak met Ilonka Kis, die dogter van die predikant van Golop, wat later die vrou geword het van haar neef, ds Béla Gyarmathy. By hulle huweliksbevestiging in Mei 1922 het sy vir die eerste keer kennis gemaak met Kálmán I. Ten spyte van die feit dat sy maar slegs 19 en hy reeds 28 jaar oud was, het hulle dadelik tot mekaar aangetrokke gevoel en kort daarna met 'n verhouding begin (sien Papp, Z 1994:38-39).

Aan die einde van dieselfde jaar vra Kálmán I skriftelik om haar hand. Hierdie brief kon nie opgespoor word nie, maar die antwoord wel. Dit lui, soos vertaal deur Kálmán II, soos volg:

Geliefde jonge broeder Kálmán!

Verskoon my dat ek nou eers u gewaardeerde brief beantwoord, maar baie ander dinge het my aandag gedurende die afgelope tyd in beslag geneem. Hierdie saak vereis uiteraard 'n rustige tyd, 'n kalm gees en grondige oorweging. Dit is waar dat die antwoord onder normale omstandighede maklik en eenvoudig sou wees. Ek het immers geen ander wens en doel as om die toekomstige geluk van my kind te verseker nie. Maar vir 'n arm man soos ek om 'n dogter aan iemand as huweliksmaat te gee, daarvoor is nie alleen dapperheid nie, maar ook waaghalsigheid of 'n oormaat van selfversekerdheid nodig. In werklikheid is nie net die belofte, die ouerlike toestemming, die belangrike nie, maar die onafwendbare gevolg: die baie sorg, bekommernis, fisiese sorg, geestelike onrus, vermoeiende werk bedags en die stryd in slapelose nagte, sodat dit wat nodig sal wees, voorsien kan word. Die prys is voorwaar groot vir die - soms kortstondige - geluk van 'n arme dogter ! Die geluk is dat die ouers die prys betaal en ek bekla my nie oor daardie offer nie. Ek sê dit ook nie met teësin nie, maar dit is die rede waarom ek nie eerder geantwoord het nie.

Wat die aansoek betref, geliefde broeder, daarop kan ek kortliks die volgende antwoord gee:

As u glo, dat u in my nederige huis in my dogter u toekomstige lewensmaat gevind het; as u tevrede is met die beskeie bydrae waartoe ek instaat is en as u besluit en die aansoek aan my gerig met die medewete en toestemming van u moeder geskied het: dan gee ons met bereidwilligheid ons dogter aan u tot vrou, en as God ons toelaat om dit te mag belewe, sal ons haar met geloof,

vertroue en hoop, geliefde broeder, aan u liefdevolle sorg toevertrou. Mag God gee dat almal se wense in vervulling mag gaan!

Miskien sal u dit nie waardeer dat ek my so koel uitdruk: “met bereidwilligheid” nie? Nie met blydskap nie? Om die waarheid te sê: nee. Hoe sou ons van harte bly kon wees terwyl u ons dogter so ver van ons wil wegneem! As u daarom in die dae van vreugde miskien ‘n wolk van droefheid op ons voorhoof bespeur, moet u dit nie misverstaan en dink dat ons ons belofte betreur nie. Baie mense ervaar in die loop van hulle lewe die waarheid van die Skrif, dat jou hart kan seer wees terwyl jy lag. Met my is dit gewoonlik nie die geval nie; wanneer my hart seer is, kan ek nie lag nie.

Geliefde broeder! Die deur van ons huis en hart was altyd vir u oop ; u was altyd baie welkom. Hierna nog meer. As God dit so beskik het dat ons die blom van ons huis vir u opgevoed het, gee ons haar aan u - sorg vir haar en wees met haar gelukkig! In haar gee ons aan u die blom van ons hart, ons hart se seënende liefde. In die nuwe jaar wens ons u voorspoed, tevredenheid en geluk toe. Met hartlike groete.

Sajókeresztur, 2 Januarie 1923.

Bogdányi József

(NHK Argief K2 5/4 Deel 3)

Op 6 Junie 1923, skaars dertien maande nadat hulle ontmoet het, word Kálmán I en Mária Bogdányi in die kerkgebou van die gemeente Sajókeresztúr deur die vader van die bruid, József Bogdányi in die huwelik bevestig. Volgens die huweliksertifikaat was die getuies di Imre Szombathy van Eperjeske en István Czékus van Sátoraljaujhely (sien NHK Argief K2 5/4 Deel 3).

Kálmán I was 'n ruimdenkende, vrolike en gebalanseerde mens. Hy was besonder lief vir musiek en kon viool, tjello en harmonium speel. Sy groot voorliefde vir boeke het tot gevolg gehad dat hy met verloop van tyd 'n pragtige biblioteek opgebou het. Onder sy leiding het die volkskultuur in Mándok herleef. Sy stokperdjies was byeboerdery en tuinmaak en hy het onder andere 'n groot aantal populiere voor die pastorie en in die dorp se begraafplaas laat aanplant. Hy was ook 'n aktiewe lid van die plaaslike natuurwetenskaplike vereniging. Tydens sy bedieningstyd is 'n nuwe klok deur die gemeente in gebruik geneem (sien Papp, Z 1994:38).

Mária Bogdányi was van nature stil en beskeie. Sy was 'n baie aanpasbare mens met 'n sagte geaardheid. Tenspyte daarvan het sy 'n baie sterk wil gehad. Sy het haarself deurgaans diensbaar gemaak aan haar man, kinders en familie (sien Papp, Z 1994:39).

Op 2 Mei 1924, byna elf maande na sy ouers se huweliksbevestiging, word Kálmán II as die oudste van drie kinders te Mándok, 'n klein plattelandse dorpie in die noord-ooste van Hongarye gebore met die bestemming om later in sy lewe die stamvader van die Hongaars-Afrikaanse predikantefamilie Papp in Suid-Afrika te word en 'n ryk tradisie aan die suidpunt van Afrika voort te sit.

LITERATUURVERWYSINGS

- Bakhuizen van den Brink, J N & Dankbaar, W F 1967. *Handboek der Kerkgeschiedenis* Derde Deel. 3de uitg. Den Haag: Bert Bakker/Daamen.
- ____ 1968. *Handboek der Kerkgeschiedenis* Vierde Deel. 3de uitg. Den Haag: Bert Bakker/Daamen.
- Bitskey, I 1999. Spiritual life in the early modern age, in Kósa, L (ed), *A cultural history of Hungary, from the beginnings to the eighteenth century*, 229-285. Budapest: Corvina.
- Botha, S J 1973. *Die volkskerk*. Pretoria: HAUM.
- ____ 1989. Die volkskerk, in Botha, S J (red), *Belydende volkskerk*, 1-47. Pretoria: Kital.
- Brandt, G 1701. *Het leven en bedryf van den heere Michiel de Ruiter, Hertog, Ridder, &c. L. Admiraal Generaal van Hollandt en Westvrieslandt*. Amsterdam: Voor Waasberge, Boom en Goethals.
- Bucsay, M 1977. *Der Protestantismus in Ungarn 1521-1978: Ungarns Reformationskirchen in Geschichte und Gegenwart. Teil I: Im Zeitalter der Reformation, Gegenreformation und katoholischen Reform*. Wien-Köln-Graz: Hermann Böhlau.
- ____ 1979. *Der Protestantismus in Ungarn 1521-1978: Ungarns Reformationskirchen in Geschichte und Gegenwart. Teil II: Vom Absolutismus bis zur Gegenwart*. Wien-Köln-Graz: Hermann Böhlau.
- ____ 1985. *A Protestantizmus története Magyarországon 1521-1945* (Die geskiedenis van die Protestantisme in Hongarye 1521 tot 1945). Budapest: Gondolat.
- Conquest, R 1970. *The great terror: Stalin's purge of the thirties*. 5th ed. New York: Macmillan.
- Deak, I 1979. *The lawful revolution: Louis Kossuth and the Hungarians, 1848-1849*. New York: Columbia University Press.
- De Bruin, C C 1976. *Handboek der Kerkgeschiedenis* Tweede Deel. 5de uitg. Leeuwarden: De Tille.

- Dienes, I 1972. *A Honfoglaló Magyarok (Die Hongaarse landsbesetters)*. Budapest: Corvina.
- Halász, Z (ed) 1963. *Hungary: Geography, history, political and social system, economy, living standard, culture, sports*. 2nd Rev ed. Budapest: Corvina.
- Heussi, K 1971. *Kompendium der Kirchengeschichte*. 13.Aufl; Tübingen: J.C.B. Mohr.
- Historische W.P. Encyclopedie*. Eerste Deel A-CZE 1957. s v *Canossa*.
- Hoensch, J K 1996. *A history of modern Hungary*. 2nd ed; New York: Longman.
- Hongaarse Hervormde Kerk 1994. *Az Egyház alkotmányáról és kormányzatáról szóló 1994. Evi II. Törvény*. (Die tweede wet van 1994 aangaande die grondwet en bestuur van die Kerk) in Szathmáry, B 1997. *Jogi és egyházjogi alapismeretek: Kézikönyv teológiai hallgatók számára* (Grondbeginsels van die reg en kerkreg: Handboek vir teologiestudente), 358-466. Debrecen: A Debreceni Református Hittudományi Egyetem (Hervormde Teologiese Universiteit van Debrecen).
- ____ 1997. *Egyházunk: a Magyarországi Református Egyház / Our church: the Reformed Church in Hungary*. Budapest: Kálvin János Kiadója.
- ____ 1998. *Egyháztörténet 2. tankönyv és kézikönyv. 1711-től- napjainkig*. (Kerkgeskiedenis Deel 2. Leerboek en handboek. Vanaf 1711 tot ons dae). Budapest: Magyarországi Református Egyház Pedagógiai Intézete.
- ____ 1999. *Egyháztörténet I. tankönyv és kézikönyv. A kezdeteköl - 1711-ig - 2. (javított) kiadás* (Kerkgeskiedenis Deel I. Leerboek en handboek. Vanaf die begin tot 1711 - tweede hersiene uitgawe). Budapest: Magyarországi Református Egyház Pedagógiai Intézete.
- Hubert, E 1909. Joseph II, in Ward, A W, Prothero, G W & Leathes, S 1909. *The Cambridge Modern History, Vol VI, The Eighteenth Century*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Ignotus, P 1972. *Hungary*. London: Ernest Benn.
- Illustrated description of Hungary and its capital*. Budapest.
- Kooiman, W J 1963. *Philippus Melanchthon*. Amsterdam: W. Ten Have.

- Kósa, L (ed) 1999. *A cultural history of Hungary, from the beginnings to the eighteenth century*. Budapest: Corvina.
- Lampe, F 1728. *Historia ecclesiae reformatae in Hungaria et Transylvania*. Utrecht: Jacob van Pools.
- Lázár, I 1990. *An illustrated history of Hungary*. Budapest: Corvina.
- Macartney, C A 1978. *The house of Austria: The latter phase: 1790-1918*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Makkai, L 1973. The origins of the Hungarian people and state in Pamlényi, E (ed), *A History of Hungary*, 13-27. Budapest: Corvina.
- Makkai, L et al 1976. *A Magyarországi gályarab predikátorok emlekezete* (Herinneringe aan die Hongaarse predikante galleislawe). Boedapest: Magyar Helikon.
- Mason, J W 1988. *The dissolution of the Austro-Hungarian Empire 1867-1918*. 2nd ed. New York: Longman Inc.
- Millin, S G 1936. *General Smuts. The second volume*. London: Faber and Faber.
- Nagy, B 1965. A Heidelbergi Káté jelentkezése, története és kiadásai Magyarországon a XVI. és XVII. században (Die verskyning, geskiedenis en uitgawes van die Heidelbergse Kategismus in Hongarye in die sestiende en sewentiende eeu) in Bartha, T (ed), *A Heidelbergi Káté története Magyarországon* (Die geskiedenis van die Heidelbergse Kategismus in Hongarye), 17-91. Budapest: Hongaarse Hervormde Kerk.
- _____. 1967. *Heinrychi Bullingeri: Epistola ad ecclesia Hungaricas earumque pastores scripta MDLI* (Heinrich Bullinger: Briewe aan die Hongaarse gemeentes en hulle predikante 1551). Budapest: Hongaarse Hervormde Kerk.
- Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Persoonlike lêer K Papp. Deel 3. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria.
- Nicolson, H 1934. *Peacemaking 1919*. 4th ed. London: Constable.
- Pamlényi, E (ed) 1973. *A History of Hungary*. 4th ed. Budapest: Corvina.
- Papp, K 1991. *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Krugersdorp 1891-1991*. Krugersdorp.

- ____ 1999. Die eerste volledige Hongaarse Bybel - ouer as die Statevertaling !
Konteks 10/10, 8-9 en 15.
- Papp, Z 1989. *Geskiedenis van 'n Hongaarse predikantefamilie*. Ongepubliseerde geskrif, Budapest . Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria. (Vertaling deur K Papp, Krugersdorp 1999.)
- ____ 1994. *Familiegeskiedenis: soveel as wat van die voorgeslag bewaar gebly het*. Ongepubliseerde geskrif, Budapest. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria. (Vertaling deur K Papp, Krugersdorp 1999.)
- Pollard, A F 1904. The conflict of creeds and parties in Germany, in Ward, A W et al, *The Cambridge Modern History*. Vol II: The Reformation, 206-245. Cambridge: Cambridge University Press.
- Révész, I 1956. *History of the Hungarian Reformed Church*. Washington: The Hungarian Reformed Federation of America.
- Romsics, I 1999. *Hungary in the twentieth century*. Budapest: Corvina.
- Szabó, J S 1927. *Der Protestantismus in Ungarn*. Berlyn: Der Evangelische Bund.
- Szathmáry, B 1997. *Jogi és egyházi alapismeretek: Kézikönyv teológiai hallgatók számára* (Grondbeginsels van die reg en kerkreg: Handboek vir teologiestudente), 358-466. Debrecen: A Debreceni Református Hittudományi Egyetem (Hervormde Teologiese Universiteit van Debrecen).
- Tóth, K (ed) 1995. *Tájékoztató a magyarországi egyházakról* (Information about the Churches in Hungary). Budapest: A Magyarországi Egyházak Ökumenikus Tanácsa (The Ecumenical Council of Churches in Hungary).
- Van Ruler, A A 1947. *Droom en gestalte: Een discussie over de theologische principes in het vraagstuk van Christendom en politiek*. Amsterdam: Holland Uitgeversmaatschappij.
- Van Schelven, A A 1965. *Het Calvinisme gedurende zijn bloeitijd: Zijn uitbreiding en cultuurhistorische betekenis* Deel III: Polen-Bohemen-Hongarije en Zevenburgen. Amsterdam: W. Ten Have.
- Van Zyl, F J 1989. Volkskerk en vrye kerk, in Botha, S J (red), *Belydende volkskerk*, 86-97. Pretoria: Kital.

- Ward, A W et al 1904. *The Cambridge Modern History*. Vol II: The Reformation. Cambridge: Cambridge University Press.
- ____ 1909. *The Cambridge Modern History*, Vol VI, *The Eighteenth Century*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Williamson, S R 1991. *Austria-Hungary and the origins of the First World War*. London: Macmillan.
- Zoványi, J 1921. *A Reformáció Magyarországon 1565-ig* (Die Kerkhervorming in Hongarye tot 1565). Budapest: Jókai Nyomda.
- Zsilinszky, M 1881. *A Magyar országgyűlések vallásügyi tárgyalásai* (Die handeling van die Hongaarse Nasionale Vergadering insake godsdienstige aangeleenthede) in Zoványi J, *A Reformáció Magyarországon 1565-ig* (Die Kerkhervorming in Hongarye tot 1565), 30-54. Budapest: Jókai Nyomda.
- Zsindely, E 1967. Bullinger Hendrik Magyar kapcsolatai (Hendrik Bullinger se bande met Hongarye), in Bartha, T (ed), *A II. Helvét Hitvallás Magyarországon és Méliusz Eletműve* (Die tweede Helvetiese Konfessie in Hongarye en die lewenswerk van Mélius), 55-86. Budapest: Hongaarse Hervormde Kerk.

SUMMARY

Amongst the numerous immigrants that became ministers of religion in the reformed churches of South Africa, only one originates from Hungary. He is the Reverend Kálmán Papp, minister of the *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* since 1951 and progenitor of the Papp family in South Africa. Papp derives from a country with a touching national and church-history and descends from a family with a rich clerical tradition which was carried on in South Africa. The historical backgrounds of this clerical family are discussed in this study.

The study consists of two parts. The first part deals with the history of the Hungarian Reformed Church and the second with that of the ancestors. Since the histories of church and forefathers are inseparably linked to that of the people, this study simultaneously becomes a summarised description of Hungarian history.

The first part consists of eight chapters. The genesis of the Hungarian nation, their primeval beliefs and the establishment of a principality are dealt with in chapter one. The second chapter describes Hungary's conversion to Christianity at the end of the 10th century and the establishment of a monarchy. Chapter three deals with the development of Hungarian Christianity during the Middle Ages, the origination of a feudal system and the transition to a capitalist system. The fourth chapter describes the Reformation in Hungary and birth of the Hungarian Reformed Church. Chapters five and six respectively recount the difficult years during the Counter Reformation of the 17th century and Protestantism's struggle for the right of existence in the 18th century. The Hungarian Reformed Church's transformation to a peoples-church and the continued struggle for freedom of religion during the 18th century is discussed in chapter seven and the tragic wars and revolutions of the first two decades of the 20th century and their influence on the church is dealt with in chapter eight.

The second part of this study, consisting of three chapters, deals with the Reverend Papp's paternal and maternal ancestors, with specific reference to the ministers of religion.